DIE BUITER EN SY BENDE

DEUR

GERRIE RADLOF

DIE BUITER EN SY BENDE

Van die skrywer het reeds verskyn:

Die Buiter — 1953

Die Vyf Ruiters — 1953

Lank Lewe Die Buiter — 1954

Nege Waens — 1954

DIE BUITER EN SY BENDE

DEUR

GERRIE RADLOF

Uitgegee deur

TAFELBERG UITGEWERS (EDMS.) BEPERK
WAALSTRAAT 25, KAAPSTAD
1955

HOOFSTUK EEN

Dit is laat in die jaar 1834. Die *Southern Swan* is reeds twee maande gelede uit Engeland weg en in die flou strale van die dalende son lyk dit nou asof hy stil op die water lê en wieg, nie ver van die kus van die Kaap die Goeie Hoop nie. Trouens, die buitelyne van Tafelberg kan reeds deur die dynserigheid op die see gesien word. Maar rondom haar protesteer die see met klein skuimbekbranders teen die wind en die swaar maste buig amper onder die las van die sierlike, witgebolde seile. Kreunend beweeg die vaartuig vorentoe, maar dit hou tred met die golwe sodat die meisie langs die kantreling die indruk kry dat hulle op die uitgestrekte watervlak vasgeanker lê.

Sylvia D'Southy se oë is dromerig op die pragtige toneel voor haar gerig. Sy is skaars bewus van die beweging van die groot skip en van die sagte wind wat met haar goue, glansende hare speel. Haar blou oë weerkaats die blou van die see en die lug, en haar fyn, adellike gelaatstrekke is bloesend van die gesonde buitelug waarin sy die afgelope twee maande geleef het. In gedagtes versonke aanskou sy die naderende dynserigheid waarin haar nuwe tuiste lê.

Voetstappe agter haar onderbreek haar gedagtegang. Sy herken hulle dadelik, want sy het reeds menige aangename uurtjie aan boord in die geselskap van Edward Hastings deurgebring. Daar is net drie passasiers op die swaar gelaaide vragskip, en hulle was dus meesal aan mekaar se ge-

selskap oorgelaat. Sy en haar broer, kaptein Marcus D'Southy, hou albei van die ryk jong kêrel en was dus baie bly om hom as mede-reisiger te hê.

Sy kyk oor haar skouer en glimlag vriendelik. Hastings kom langs haar staan en laat rus sy hande op die reling onderwyl hy 'n oomblik ook na die dowwe lyne van die „tafelblad" en Leeuberg kyk. Dan wend hy hom tot haar en glimlag in haar oë.

„En toe, Sylvia?" vra hy met sy welluidende, diep stem, „voel jy opgewonde?"

Sy antwoord nie dadelik nie. Weer eens voel sy daardie aangename gloed deur haar gaan terwyl sy in sy donkerbruin oë kyk. Sy is bewus van sy swart hare en songebruinde gelaatstrekke, sy effens hoë wangbene wat 'n byna Oosterse trek aan sy oë verleen, en sy neus wat prominent bo sy dun, ferm lippe uitstaan. Sy breë skouers strek bokant sy dun middellyf uit, maar hulle skep nie die indruk van forse krag nie. Dit is asof hulle gemaklik op sy liggaam rus, met net 'n geringe aanduiding van die spierkrag wat in hulle opgesluit lê.

Sy aantrekkingskrag vir haar skuil in daardie half versteekte manlikheid wat deur sy hele houding weerspieël word. Sy word nou ook weer opnuut bewus van die geheimsinnigheid wat daar altyd in sy oë skuil. Dit kom haar voor asof 'n mens maar altyd net 'n klein deeltjie van hierdie man se gedagtes en gevoelens sal kan peil. Jou kennis van hom sal enduit oppervlakkig bly.

Eindelik antwoord sy dromerig:

„Natuurlik voel ek opgewonde, Edward. Hoe dan anders, as 'n mens feitlik halfpad om die wêreld moes reis om jou nuwe tuiste te bereik?"

„Dit sal nie vir altyd wees nie," troos hy haar. „Nadat

Marcus hom in die Kolonie onderskei het, sal julle na julle ouerhuis kan terugkeer en daar sal hy natuurlik gou bevordering kry."

„Ons het nie meer 'n ouerhuis nie, Edward," sê sy sag.

„Ek is jammer, Sylvia." Daar is wel 'n klank van berou in sy stem, maar — soos altyd — is dit asof daar geen gevoel met die woorde saamgaan nie. En juis dít is wat hom vir haar so interessant maak. Sy weet nooit wat binne-in hom aangaan nie.

„Ek vergeet soms dat jul ouers nie meer daar is nie."

„Dit maak nie saak nie," antwoord sy meer opgewek. „Ons is al daaraan gewoond."

„En waar Marcus gaan, gaan jy?" voeg hy laggend by.

„Hy is al wat ek het," sê sy sag. „Dit was nie swaar om aan my vriende en familie totsiens te sê toe hij die aanstelling as kaptein van die Kaapse garnisoen gekry het nie. Ek het trouens sonder 'n oomblik se aarseling besluit om saam met hom die vreemde binne te gaan. Dit sal aanvanklik miskien maar moeilik gaan, maar solank ons bymekaar is, is ek gelukkig."

„Ek sal darem ook daar wees." Hy kyk in haar oë en 'n sekonde kan hy die flitsende gevoelens in hulle sien. Dan kyk sy af om die ligte blos op haar wange te verberg.

Hy kyk dadelik weg en lag opgewek om haar 'n kans te gee om haar verleentheid te bowe te kom.

„In elk geval," roep hy uit, „die reis is darem eindelik verby nè! Ons sal môre vroeg aan land kan gaan."

Van die voorstewe af kom die kaptein van die skip aangestap. Hy sien hulle teen die reling staan en sluit hom by hulle aan.

„Juffrou D'Southy. Mnr. Hastings." Hy knik beleef

en groet hulle oudergewoonte op sy half formele manier. Hulle beantwoord sy groet en hy vervolg:

„Nou het ek julle darem uiteindelik digby jul bestemming, alhoewel dit 'n bietjie langer geduur het as wat ek verwag het."

„Dit was tog nie u skuld nie, kaptein Wycliffe," werp Hastings teë. „Soos dit vir my gelyk het, het ons deur minstens tien windstilte-gebiede gevaar."

Die kaptein lag.

„Hoe dit ook al sy — nou is ek haastig! Met hierdie wind sal ek vinnig kan vorder — dis te sê, as dit volhou. Ons sal ongelukkig nie vanaand al aan land kan gaan nie, maar ek sal u môreoggend vroeg aan wal sit en dan kort ná die middag weer vertrek. Ek het nie eintlik sake om aan die Kaap te verrig nie en het buitendien nog genoegsame voorrade aan boord."

Hy kyk terug na die noorde van waar die windjie kom, en dan na die weste waar die son reeds weggesak het. „Maar kom, laat ons 'n laaste kelkie wyn saam klink voordat ons gaan eet."

* * *

In die gang wat na die kaptein se kwartiere lei, sluit die jong leëroffisier, Marcus D'Southy, hom by hulle aan. Hy is netjies gekleed in die volle uniform van die Britse Koloniale magte. Die met goud geborduurde klossies op die skouers van sy rooi baadjie steek helder af teen sy blonde hare. Hy het dieselfde fyn gelaatstrekke van sy suster, maar sy breë ken getuig van vasberadenheid en wilskrag. Hy is nietemin onbewus van sy aantreklikheid, maar sy hele houding getuig van trots — op die hoë rang wat hy op so'n jeugdige ouderdom reeds bereik het. Hy is des te meer

trots op sy snelle bevordering omdat hy weet dat sy adellike afkoms daar niks mee te doen gehad het nie.

'n Rukkie later sit die vier in die ruim kajuit van die kaptein. Op die sagte bank wat reg onder die lang venster staan, sit Marcus en sy suster langs mekaar. Regs van hulle, in 'n leuningstoel, sit Edward Hastings en agter sy lessenaar, kaptein Wycliffe. Voor hom op 'n groot skinkbord staan 'n paar bottels wyn en vier kelkies.

Nadat Wycliffe elkeen 'n kelkie aangebied het, hou hy sy eie omhoog.

„Ek drink op die aangename reis wat ons saam deurgemaak het, en op die toekoms."

Hulle ledig hul kelkies en kaptein Wycliffe vervolg:

„Gewoonlik is my reise na die ooste maar eentonig, soms selfs vervelig, en ek was dus waarlik bly toe u my versoek het om u saam te neem."

„Die Noodlot smee soms onverwagte vriendskappe," filosofeer D'Southy.

„Ja, en môre sal u seker u pligte by die Kasteel aanvaar, kaptein D'Southy; maar u, mnr. Hastings, vir u lê daar 'n onbekende tydperk voor."

„Ja, kaptein." Edward Hastings laat sy kop 'n oomblik sak. „Ek is bang om aan die toekoms te dink. My broer het so totaal verdwyn dat ek maar net kan hoop dat hy nog hier iewers in die Kaapkolonie is. Dis nou byna twee jaar gelede dat ek laas van hom gehoor het. In elk geval, ek voel dit my plig om na hom te soek."

„Miskien kan kaptein D'Southy u nog hulp verleen. Hy sal immers heelwat invloed hê en in die posisie wees om u met die soektog by te staan."

Hy staan op om weer die kelkies vol te skink. D'Southy wag totdat hy gaan sit het en dan, onderwyl hy na die rooi

vonkelende vloeistof in sy glas kyk, sê hy nadenkend:

„Ek sal natuurlik alles in my vermoë doen om jou te help, Edward, maar ek voel tog 'n bietjie skrikkerig vir die verantwoordelikheid wat vir my wag. Soos ek verstaan, is daar in die jong Kolonie baie oproerigheid. Die Kaffers in die ooste val die blankes gedurig lastig en roof en plunder na hartelus. Na ek in Londen verneem het, is dit grotendeels die skuld van die grensboere self, maar ek behou my oordeel voor totdat ek eerstehandse inligting kan kry. Verder verstaan ek dat ook die boere in die Westelike Provinsie baie ontevrede is; daar word glo kort-kort teen die Regering betoog. In alle geval, ek het so lekker uitgerus gedurende hierdie reis dat ek lus voel vir 'n bietjie harde werk."

„Ja, kaptein D'Southy," voeg kaptein Wycliffe by, „ek beny jou nie jou posisie nie, maar," — hy lag effens — „ek dink darem dat jy miskien 'n bietjie hulp van ander oorde sal kry."

„Wat bedoel u, kaptein?" vra Sylvia onmiddellik.

„Ek is eintlik nou 'n bietjie sarkasties. Ek verwys na daardie geheimsinnige Kapenaar, die Buiter." Hy bly stil en kyk na die vraende uitdrukkings op sy gaste se gesigte.

„Die Buiter?" vra Sylvia. „Dit klink amper na 'n soort seerower."

„Wel, nie eintlik 'n seerower nie, maar 'n struikrower."

„Maar, kaptein," sê Marcus, „u praat amper asof hierdie man 'n gevestigde inwoner van die Kolonie is. As struikrower behoort hy tog seker al lankal onder slot en grendel te gewees het!"

Kaptein Wycliffe lag opgewek.

„Kaptein D'Southy, ek moet u vooraf sê dat ek nie veel van die saak afweet nie. Ek bly dikwels 'n paar dae aan die Kaap oor op weg na die ooste, en dit is dan dat ek die stories

hoor. Myns insiens, en ek grond my mening op dié van mense wat hulle nie aan gerugte steur nie, is die Buiter bloot 'n legende. Sodra daar egter 'n rowery aan die Kaap plaasvind, is daar altyd 'n klomp mense wat hierdie geheimsinnige naam in die saak wil insleep."

Sylvia D'Southy se nuuskierigheid is nou terdeë gaande gemaak. Sy kyk opgewonde na die kaptein.

„U vertel ons nie alles nie!" roep sy uit. „'n Legende sal tog vergaan tensy dit op die een of ander wyse aan die lewe gehou word."

„Heeltemal reg, juffrou D'Southy. In hierdie geval word dit egter bloot aan die lewe gehou deur oorvertelling en, soos ek u reeds gesê het, word daar af en toe misdade gepleeg wat nog aan hierdie legendariese figuur toegeskryf word bloot omdat hulle nie opgelos kan word nie.

„Ek het die saak juis aangeroer omdat daar 'n tyd gelede weer so'n voorval was. Dit staan nogal in verband met die ontslag van die vorige garnisoenskaptein en het dus onregstreeks daartoe gelei dat u broer nou die betrekking gekry het."

„Maar dan móet u ons daarvan vertel," dring Sylvia aan.

Voor kaptein Wycliffe egter kan antwoord, val die stem van Edward Hastings hulle in die rede. Al drie kyk verbaas na hom, want hulle bespeur onmiddellik die intense spanning daarin. Hulle merk ook nou vir die eerste keer dat sy hande krampagtig aan die leunings van die stoel vasklou en dat sy gesig spierwit is.

„U verwerp heeltemal die moontlikheid dat die Buiter nog bestaan?" sê-vra hy stadig.

Kaptein Wycliffe antwoord nie dadelik nie, maar kyk stip na die jong man.

„Indien u miskien die verdwyning van u broer met hierdie. . . ."

Voor hy sy sin kan voltooi, val Sylvia hom in die rede.

„Edward!" roep sy uit, „jy dink tog seker nie dat jou broer 'n struikrower aan die Kaap geword het nie?"

Edward Hastings probeer haar woorde weglag, maar dit is duidelik dat hy nog nie sy gevoelens ten volle onder beheer het nie. Die kaptein vervolg onmiddellik:

„Ek kan u verseker, mnr. Hastings, dat daar geen moontlikheid bestaan dat u broer, wie se doen en late u nog tot twee jaar gelede gevolg het, enige verbintenis met hierdie man kan hê nie. Die Buiter is 'n Fransman, of liewer, hy wás 'n Fransman, en sy strooptogte is 'n hede paar jaar gelede reeds beëindig. Volgens oorlewering was die Buiter 'n edelman wat uit sy land verdryf is as gevolg van wangedrag. Hy het hom toe in die Kolonie kom vestig waar hy uit diefstal 'n bestaan gemaak het. Sy eie neef, die graaf De Moreaux, het hom hierheen gevolg en doodgemaak."

Dit lyk asof Hastings sy selfbeheersing nou heeltemal herwin het en asof hy die verduideliking aanvaar.

„En hierdie graaf De Moreaux?" vra hy geselsend, „is hy nog in die Kaap?"

„O ja," antwoord kaptein Wycliffe. „Hy is 'n man van aansien en een van die goewerneur se intiemste vriende. Hy is verloof aan 'n jong Kaapse dame wat", en kaptein Wycliffe glimlag verontskuldigend in Sylvia se rigting, „soos ek verstaan, 'n wonderskone meisie is. Blykbaar is hy van plan om hom permanent aan die Kaap te vestig."

„Maar, kaptein Wycliffe," val Marcus D'Southy weer in, „as hierdie rower dan so lank gelede reeds gedood is, hoekom het u hom dan netnou met my aanstelling aan die Kaap verbind?"

Kaptein Wycliffe haal sy skouers op en vul weer hul kelkies.

„Soos ek u reeds gesê het, kaptein D'Southy, kan 'n mens nie veel waarde aan al die stories aangaande die sogenaamde Buiter heg nie. Onlangs was daar egter 'n bietjie ontevredenheid onder die boere en toe het 'n swart geklede ruiter meteens snags verskyn en hom op allerhande maniere die kampvegter vir die kastig onderdrukte boere gemaak. Die kaptein van die garnisoen was toe 'n sekere Otto Mehreis. Hij was beroemd daarvoor dat niemand hom nog ooit kon uitoorlê nie, maar hy moes druipstert uit die Kaap vertrek omdat die een man hom so vir die gek gehou het dat hy soos 'n onervare snuiter voorgekom het. Hierdie man was natuurlik die swart geklede ruiter. Onmiddellik het die liggelowige Kapenaars toe weer begin terugdink aan die Buiter wat hom destyds in dieselfde mondering geklee het.

„In elk geval, Mehreis het met die hulp van 'n sekere jong man, Percival Philip, 'n neef van die bekende dr. Philip, wat ook destyds hier in die Kaap was, probeer om hierdie nagvalk te vang. Hulle het egter nie daarin geslaag nie. Philip is gedood en Mehreis is ontslaan. Sedertdien het die Buiter nog nie weer sy verskyning gemaak nie. Die meeste regdenkende mense se mening is dat die een of ander jong boer maar net die legende laat herleef het om die boere sodoende moed in te boesem. Nadat hulle hul doel bereik het, het hy toe weer sy streke laat staan."

„Wel," sê Marcus D'Southy, nadat hy 'n slukkie wyn geneem het, „ons sal seker genoeg van hierdie soort storie in die Kaap hoor."

„Maar ek vind dit uiters interessant!" roep Sylvia uit, „en ek wil nog meer weet. Hoe het hierdie legende nou eintlik ontstaan?"

Die drie mans lag toegéwend en alhoewel Edward Hastings nog effens ongemaklik voorkom, lyk dit of hy ook graag meer van hierdie geheimsinnige ruiter te hore wil kom.

„Juffrou D'Southy," begin die kaptein, „ek het u reeds verskeie male gesê dat ek nie veel van die saak af weet nie. Die Buiter het bekendheid verwerf as 'n struikrower, maar daar was baie mense wat gesê het dat hy net van die rykes en regeringsbeamptes steel en sy buit dan mildelik aan die armes en onderdruktes uitdeel. Dit is eintlik as gevolg dáárvan dat die hele legende ontstaan het en dat die mense nog steeds van hom praat. Of hy egter werklik as 'n held beskou kan word en of hy bloot 'n gewone dief was, weet ek nie."

„Dit klink romanties," sug Sylvia en kyk onderlangs verontskuldigend na Edward Hastings. Sy kan haar nuuskierigheid egter glad nie bedwing nie en versoek die kaptein dus om meer te vertel.

Die gesprek word deur 'n klop aan die deur onderbreek. 'n Oomblik later tree die stuurman na binne. Hy salueer.

„Wel, Jennings?" vra kaptein Wycliffe.

„Die wind word sterker, kaptein. Ek dink dat ons 'n storm kan verwag."

Wycliffe antwoord nie dadelik nie. Dan wuif hy met sy hand.

„Dankie, Jennings," sê hy en sodra die stuurman weer uitgegaan het, wend hy hom tot sy gaste. „Ons sal oor 'n uur of wat in Tafelbaai wees. Soos ek u reeds gesê het, was dit my plan om môre die Kasteel aan te doen, maar ek wonder of ek nou nie maar liewer vannag al moet voortgaan nie."

Sy drie passasiers kyk verbaas na hom. Hastings is die eerste wat die strekking van die kaptein se woorde snap.

„U bedoel dat u ons vanaand aan wal wil sit en dan van

hierdie wind wil gebruik maak om so gou moontlik om die Kaappunt te kom?"

„Heeltemal reg. Dit is nie juis nodig dat ek in die Kaap hoef aan te gaan nie. Bowendien, as ek vannag in Tafelbaai anker gooi en die storm breek los, gaan ek dit ontgeld, veral aangesien die wind van die noordekant afkom."

„Maar dit skep geen probleem nie," werp Marcus D'Southy tussenbei. „Solank u ons net aan wal sit, sal dit ons heeltemal pas."

Die kaptein bedank hom vir sy inskiklikheid en gaan dan voort:

„Dan sal ek u aanraai om onmiddellik na ete gereed te maak om aan land te gaan." Hy staan op. „As u my sal verskoon, gaan ek net gou bevele te dien effekte gee. Sodra ek terugkom, kan ons met die maaltyd begin."

* * *

Ongeveer tienuur die aand staan die drie passasiers by die kantreling. Die kaptein steek sy hand uit en groet die twee jong mans. Daarna buig hy galant oor die hand van die jong dame. Hy oorhandig 'n pakkie aan kaptein D'Southy.

„Ek sal bly wees as u hierdie pakkie aan die goewerneur sal aflewer. Daar is 'n paar briewe in asook die gewone verslae wat ons lewer in verband met skepe wat ons verbygaan en dergelyke sake."

Hulle belowe om dit te doen en nadat hulle hom weer eens bedank het vir sy vriendelikheid tydens die reis, maak hulle aanstaltes om die skip te verlaat.

Die see is reeds heelwat onstuimiger as die middag en hulle word versigtig deur die stuurman en 'n paar van die bemanning gehelp om van die touleer af in die skuit wat langs die

skip op en af beweeg, te klim. 'n Oomblik later is almal veilig binne, en die matrose stoot die klein bootjie van die skip se kant af weg.

Sylvia en Marcus sit langs mekaar met hul gesigte na die wal gekeer. Sy steek haar hand na hom uit en hy hou dit styf in syne vas. Van kleins af was sy gewoond om in alles op hom staat te maak, en hy het dit as sy plig aanvaar om haar te beskerm. Voor hulle kan hulle nou al enkele huisligte van die Kaap sien, en by albei is daar die opgewonde afwagting van mense wat 'n onbekende bestemming nader.

Die matrose roei sterk en die deinende branders stoot die skuit vinnig vorentoe. 'n Kwartier later voel hulle hoe die skuit hoër gelig word en volgens die geruis om hulle, besef hulle dat hulle reeds by die kus is. Die nag is stikdonker en selfs die buitelyne van die berge kan nie onderskei word nie. 'n Oomblik later sien hulle die donker vorms van skuite voor hulle en dan skuur die boot teen 'n houtkaai vas. Die matrose spring op en gryp die kante van die kaai vas om die skuit stil te hou. Die drie passasiers klim uit en hul bagasie word afgelaai. Die stuurman, Jennings, vra of hy hulle verder behulpsaam kan wees, maar dit is duidelik dat hy haastig is om by die skip terug te kom.

„Ek dink nie dit is nodig nie, Jennings," antwoord D'Southy beleef. „Ons is jou reeds baie dank verskuldig vir jou hulp."

„Dis baie gaaf van u, kaptein," sê Jennings verlig en gaan dan voort: „Ek sal u aanraai om met die kaai op te loop. Dit sal u voer tot in 'n straat wat na 'n herberg toe lei. Dit is daar by die eerste ligte wat u sien. U sal daar wel iemand kry om u met die koffers te help."

Hulle bedank hom weer en die volgende oomblik staan die drie reisigers alleen in die donker nag. Agter hulle kan

hulle die roeispane van die skuit hoor kreun. Voor hulle is die Kaap — feitlik geheel en al in die donker gehul.

„Wel," sê Marcus, „een van ons sal seker maar hier moet bly om na die bagasie te kyk. Ek stel voor dat Sylvia en ek aanstap; dan kan jy solank hier wag . . ."

„'n Goeie plan, maar ek dink nie dat dit nodig sal wees nie." Daar is meteens 'n harde klank in Edward Hastings se stem. Broer en suster draai albei verbaas om en staar dan verslae na die pistool in Hastings se hand. Hulle is net naby genoeg aan mekaar om hom duidelik te kan sien.

Met 'n uitroep tree Sylvia nader aan haar broer en strek instinktief haar hand uit om syne te neem. Marcus het reeds vorentoe gestaan om hom tussen Edward en Sylvia te plaas.

„Staan waar julle is!" roep Hastings bars uit. Alle sweem van beskaafdheid en vriendelikheid het nou uit sy stem verdwyn.

Totaal oorbluf steek hulle in hul spore vas. Dan lag Marcus D'Southy.

„Edward," sê hy lighartig, „as jy 'n grap probeer maak...."

Hy aarsel. Hy wou met Hastings praat, want hy kan nog nie begryp hoe hierdie man, wat twee maande lank saam met hulle op die skip was, so skielik kon verander het nie. Hulle weet wel niks van Hastings se verlede nie behalwe wat hy hulle self vertel het, maar die man het hom tot dusver soos 'n ware heer gedra. Wat sy woorde egter op sy lippe laat stuit, is die skielike beweging van die pistool in die rigting van Sylvia. Marcus besef nou dat Hastings ernstig is en dat hy Sylvia sal gebruik om hom (D'Southy) in toom te hou.

„Ek maak nie 'n grap nie." Hastings se stem is nou bedaard, maar daar is 'n kilheid in wat 'n siddering deur die

meisie laat gaan. Sy kry die indruk van 'n koudbloedige slang wat sy prooi vasgekeer het. . . .

„Ek is ook nie van plan om my tyd hier op die kaai te verspeel nie. Julle sal albei eenvoudig na my moet luister, en ek waarsku julle dat die kleinste aanduiding van verset julle die ewigheid in sal stuur. Draai jou rug, D'Southy." Die bevel is kortaf en duld geen getalm nie.

In die donkerte kan die rooi gloed van woede en magteloosheid op Marcus D'Southy se gesig nie gesien word nie. Hy probeer egter sy humeur bedwing, want hy weet dat dit hom nie nou sal baat om hom te verset nie. Hy haal sy skouers liggies op en draai om.

„Ek gaan die pistool wat jy in jou sak het, verwyder," sê Hastings agter hom, „en ek waarsku jou dat myne op jou suster gerig is."

Hy tree vorentoe en trek die wapen uit D'Southy se sak. 'n Oomblik later spat die water soos dit in die see plons.

„En nou stap julle voor my uit," gebied Hastings. „Sodra ons in die lig kom, sal ek langs jou suster stap met my pistool in my sak, en ek waarsku jou om geen poging aan te wend om te ontsnap nie. Julle praat ook nie 'n woord met mekaar nie. Stap nou."

Net 'n oomblik aarsel Marcus D'Southy nog, maar dan strek hy gelate sy hand na Sylvia uit.

„Laat los haar en bly weg van mekaar. Julle stap minstens twee tree van mekaar af!"

Nogeens haal D'Southy sy skouers liggies op. Dan begin hy stap.

Edward Hastings bly 'n tree of wat agter hulle en die drie stap vinnig aan. Ná hulle om die eerste straathoek is, sien hulle die uithangbord van die *Old Coast Inn*.

HOOFSTUK TWEE

Die straat is verlate. Hoër op rammel 'n koets verby en uit die kroeg van die herberg kan hulle die stemme van 'n paar dronk matrose hoor.

„Stap na die voordeur," beveel Hastings. „Ek sal al die praatwerk doen."

Hy volg hulle na binne. Hulle bevind hul in 'n klein voorportaal met 'n venster in die een binnemuur. Hastings klop daaraan en 'n ou vrou kom te voorskyn. Sy brom binnensmonds en lyk ontevrede oor die steuring, maar toe sy die ryk geklede besoekers sien, glimlag sy meteens oorvriendelik en buig beleef.

Voordat die vrou kan praat, sê Hastings ongeduldig:

„Ons wil graag vannag hier vertoef. Ons sal twee kamers nodig hê en ook iemand om ons bagasie op die kaai te gaan haal."

„Seker, meneer, al te seker," antwoord die ou vrou. Sy klap met haar hande en 'n bediende kom in die gang afgehardloop. Sy beveel hom om dadelik die kamers gereed te kry. Dan draai sy haar weer na die drie vreemdelinge.

„U het miskien ver gereis, u is honger?"

„Ons is nie honger nie en wil graag dadelik na ons kamers toe gaan, en . . . . aangesien my vriend môreoggend vroeg vertrek, sal ek vooruitbetaal vir ons losies. Ek en my suster sal tot môreoggend ná ontbyt hier bly."

D'Southy en sy suster kyk albei vinnig na Hastings toe hy na Sylvia verwys as sy suster. Hulle het reeds alle

hoop laat vaar om te probeer verstaan wat sy plan met hulle is, maar hierdie verwikkeling bring 'n blik van vrees in die jong meisie se oë.

Edward Hastings is bewus daarvan en hy gee die ou vrou nie 'n kans om die verskrikte uitdrukkings op sy medereisigers se gesigte te sien nie. Hy spreek haar weer streng aan:

„Soos ek u reeds gesê het, wil ek onmiddellik reëlings tref om ons goed van die kaai af hierheen te laat bring."

Weer eens klap die ou vrou met haar hande, en toe daar nie dadelik gehoor gegee word nie, stap sy na 'n deur in die oorkantse muur en druk dit oop. Die lawaai van die kroeg kan nou duidelik gehoor word.

Ná sy op haar man geskree het, kom die vrou haastig terug en maak verskoning dat sy die hooggeëerde besoekers moes laat wag, maar verseker hulle dat haar man onmiddellik sal kom.

'n Oomblik later verskyn die herbergier en verneem handevrywend wat hy vir hulle kan doen.

Hastings beveel hom om hul bagasie op die kaai te gaan haal en hou hom die dood voor oë as daar iets verlore gaan. Dan stop hy 'n vuis vol geld in die herbergier se hand en wink vir Marcus en Sylvia om met die trap op te gaan in die rigting waarheen die bediende flussies verdwyn het om die kamers te gaan gereed maak. Die ou vrou trippel haastig vorentoe om hulle die pad te wys. In die gang op die eerste verdieping maak sy 'n deur oop en staan beleef terug.

„Dit is die dame se kamer," sê sy half verontskuldigend.

„Dankie." Hastings beduie weer dat D'Southy en Sylvia dadelik moet binnegaan. Hy volg hulle, maar in die deur draai hy skielik na die ou vrou toe. „Ons sal jou hulp nie meer nodig hê nie," sê hy kortaf.

Sy wil nog aan hom verduidelik waar die ander kamer is, maar die gebiedende blik in Hastings se oë laat haar van plan verander en sy gaan haastig met die trap af. Hastings druk die deur agter hom toe.

Hy tree stadig vorentoe en meteens glimlag hy. Dit is asof sy hele liggaam ontspan, en waar hy teen die klerekas leun, lyk hy soos 'n man sonder bekommernis. 'n Glimlag van tevredenheid speel om sy lippe.

„Julle kan maar sit," sê hy bedaard, maar sy stem is vol leedvermaak.

Marcus D'Southy kyk hom ondersoekend aan.

„As jy nie omgee nie," sê hy effens verlig as gevolg van Hastings se veranderde houding, maar nog heeltemal op sy hoede, „sal ek bly wees as jy wil verduidelik wat jou nou oorgekom het."

Hastings lag.

„My vriend, dit sal 'n rukkie neem om jou te vertel wat my werklik oorgekom het, maar ek kan jou darem sê dat ek nog nooit van 'n ander man gehoor het wie se planne met soveel welslae bekroon is sonder dat hy hom in die minste daarop voorberei het nie."

„Ek verstaan jou glad nie," werp D'Southy effens vererg teë. „As jy dink dat jy 'n grap maak, kan ek jou verseker dat jy die enigste een is wat so dink."

„'n Grap?" lag Hastings honend. „My geagte popsoldaatjie, dit is een van die ernstigste sake waarin jy nog ooit betrokke was."

Sylvia D'Southy praat nou vir die eerste keer. Haar gesig is bleek, maar die tekens van vrees wat vroeër by haar was het nou verdwyn.

„Edward," sê sy kalm, „ek dink jy is gek om so te kere te gaan. Jy kan gerus nou ophou."

Hy lag nog steeds.

„Blykbaar verstaan julle nog nie wat aangaan nie. Maar wag, ek sal verduidelik. 'n Vriend van my is 'n tyd gelede hier in die Kaap doodgeskiet. Hy was op die spoor van 'n skurk, maar deur die een of ander stukkie vuil spel is hy gruwelik vermoor. Ek is van plan om daardie legendariese figuur wat julle so romanties vind, self van die gras af te maak."

Hulle staan 'n oomblik verstom. Dan sê Marcus D'Southy:

„Jy bedoel die Buiter?"

Hastings knik.

„Dan is dit daarom dat jy so ontsteld gelyk het toe ons vanaand oor hom gepraat het!" roep Sylvia uit.

Hy knik weer.

„Maar wat het dit met ons te doen? Hoekom dwing jy ons met 'n pistool hierheen?" wil Marcus weet.

„Dit is baie eenvoudig, my vriend. Om so 'n gedugte struikrower en moordenaar aan bande te lê, moet 'n mens 'n mate van gesag hê. Ek dink byvoorbeeld dat, as die kaptein van die garnisoen hier aan die Kaap wakker loop, hy dit maklik kan doen."

Marcus D'Southy beskou hom aandagtig.

„Ek ís van plan om wakker te loop," sê hy stadig en met nadruk, „en dit sal immers my plig wees om struikrowers en moordenaars te vang."

„Ek trek jou woorde nie in twyfel nie," sê Hastings bedaard, „maar ek dink net dat ék daardie pos beter sal kan vul."

Die tevrede glimlag verskyn weer op sy gesig.

„Verstaan julle nou?"

Hulle antwoord nie. Sylvia kyk verdwaas na haar broer wat nog stip na die man voor hulle kyk.

„Jy is van jou sinne beroof, Hastings!" roep hy dan uit. „Ek sal dit nooit toelaat nie!"

Die glimlag verdwyn van Hastings se gesig. Die buitehoeke van sy lippe buig wreed na onder. 'n Fanatieke woede brand in sy oë. Hy staan meteens regop. Sy hand glip in sy sak. Die volgende oomblik is die pistool weer dreigend op Sylvia D'Southy gerig.

„Jy sal dit nie toelaat nie? Onnosel swaap! Net soos hierdie pistool nou jou suster bedreig, sal haar lewe elke oomblik van die dag in gevaar wees. Ek sal jou aanraai om my bevele stiptelik uit te voer."

Marcus is pierwit. Hy sis deur sy tande:

„As jy haar kwaad aandoen, sal jy sterwe!"

„Dit sal van jou eie gedrag afhang, D'Southy," antwoord Hastings droogweg.

Op daardie oomblik hoor hulle swaar voetstappe buite op die trap. Hastings staan haastig terug na die deur toe.

„Sit julle daar op die bed en gedra julle!" blaf hy kortaf onderwyl hy weer die pistool in sy sak steek.

'n Oomblik later word daar sag aan die deur geklop. Hy maak dit oop.

„Ja?" vra hy kortaf.

Die herbergier staan voor die deur en agter hom is 'n paar mans met die swaar tasse van die drie reisigers. Hastings beveel hulle om die bagasie in te bring en toe hulle die kamer weer verlaat, druk hy die deur agter hulle toe. 'n Oomblik kyk hy na sy twee gevangenes.

„Dit sal julle dalk interesseer om te hoor dat my naam nie Edward Hastings is nie," sê hy stadig. „Ek sien egter geen rede waarom ek enige verdere verduideliking aan julle

hoef te verstrek nie. Ek wil nou dadelik jou introduksie- en aanstellingsbriewe hê, D'Southy, asook jou getuigskrifte en enige ander dokumente wat jy mag besit. Gee my ook die verslae wat Wycliffe jou versoek het om by die Kasteel af te gee."

D'Southy kyk hom stip aan.

„Ek weier," sê hy beslis.

Die vlamme van onbeheerste woede styg weer in Hastings se oë op. Hy haal die pistool uit en rig dit op Sylvia.

„Dit is in daardie klein sakkie bo-op die koffer," sê Marcus hulpeloos.

„Ek het gedink jy sal spoedig 'n ander deuntije sing."

Hastings stap vorentoe en tel die sakkie op. Hy sit dit op die tafel in die middel van die kamer neer en kyk dan 'n oomblik in die vertrek rond.

„Gaan staan teen die oorkantse muur," snou hy hulle toe. „Draai jul gesigte na die muur en sorg dat julle nie met mekaar praat of julle omdraai nie."

Hulle gehoorsaam. Hy wag totdat hulle die verlangde posisies ingeneem het en trek dan 'n stoel nader. Hy tel die olielamp van die spieëltafel af op en sit dit voor hom neer. Langsaan lê die pistool met die loop in die rigting van die twee gestaltes teen die oorkantse muur.

Hy maak die sak oop en soek vinnig deur die papiere. Die dokumente wat oop is, lees hy vlugtig deur en ander wat toegeplak of verseël is, sit hy voorlopig eenkant. Na 'n rukkie steek hy sy hand in sy baadjiesak en haal 'n verkreukelde brief uit. Hy vou dit oop en stryk dit glad op die tafel voor hom. Vir die soveelste keer lees hy die brief wat Percival Philip op die middag voor sy dood, byna 'n jaar gelede, aan hom geskrywe het. Bo-aan die brief word die

adres aangegee as Die Kasteel, Kaap die Goeie Hoop. Die brief lui as volg:

My beste vriend Joseph,

Ek skryf in alle haas omdat my tyd beperk is. Oor 'n uur vertrek 'n skip na Engeland en ek stuur hierdie brief saam met die stuurman.

Vandat ek uit Engeland weg is en jou laas gesien het, het baie dinge met my gebeur. Ek sal jou alles vertel wanneer jy hier kom.

En dit is die rede waarom ek nou aan jou skryf. Hier is die wonderlikste geleentheid vir ons albei om uiteindelik daardie skatte te versamel waarvan ons al soveel jare saam gedroom het, maar wat ons nog steeds ontwyk het. Ek sal die posisie vir jou kortliks uiteensit.

Ek is nou reeds 'n maand of wat hier in die Kaap en het, as gevolg van sekere omstandighede, feitlik beheer van die Garnisoen. Die amptelike kaptein, Otto Mebreis, is my getroue volgeling en slaaf. My meesterskap het ek verkry toe ek die goewerneur oortuig het dat ek die enigste man is wat die Kolonie vir goed sal verlos van die pes van 'n man wat homself die Buiter noem. Ek verkeer in die gunstige posisie dat ek afdoende bewys het dat hierdie struikrower en moordenaar niemand anders is nie as die rykste en een van die hoogs aangeskrewe inwoners van die Kaap, naamlik die graaf De Moreaux. Hoe ek hierdie feit ontdek het, sal ek ook later aan jou verduidelik.

Ek het nou my strikke klaar gestel, en vanaand sal ek 'n strop om die nek van daardie moordenaar gooi. Sodoende sal ek die ewige lof en dank van die Kolonialers inoes en sal my posisie as die goewerneur se lyfwag en vertroueling, so-

wel as my onbeperkte mag oor die garnisoen in die Kaap, onbetwis wees. In elk geval, vanaand sal hierdie ding beslis word.

Ek het egter in die afgelope paar dae baie aan jou gedink. Ons het baie saam deurgemaak, en ek voel dat ek op die vooraand van my groot welslae vir jou die aanbod moet doen wat ons albei skatryk sal laat word. Ek redeneer so: As hierdie dief en nagvalk, die Buiter, in staat is om hom ryk te steel onderwyl die hele leërmag na hom soek en hom probeer vang, hoeveel makliker sal dit nie wees om daardie rykdom in te palm wanneer jy die samewerking van die garnisoen het nie!

En dit is juis my plan! Jy moet dus onmiddellik na ontvangs van hierdie brief voorbereidings tref om Kaap toe te kom. Hier is 'n sekere Larry Gibbons wat in die geheim baie van sy tyd aan smokkelary bestee. Ek het dit uitgevind en ons verkeer tans op intieme voet met mekaar. Hy is 'n bekende winkelier en jy sal sy adres maklik vind. Sodra jy aanland, moet jy na hom toe gaan en my dan op so'n manier van jou koms laat weet dat niemand agterkom dat ons mekaar al ooit vantevore gesien het nie. Dan kan ons ons planne beraam.

Ek verwag jou dus binne 'n paar maande.

Jou getroue vriend,

Percival Philip.

'n Ruk sit Joseph Grattan diep in gedagtes versonke. In die gloed van die lamp slaan hy 'n indrukwekkende figuur. Sy sterk gesig en breë skouers sal hom tussen enige groep mans laat aandag trek, en as hy die vriendelike glimlag van Edward Hastings op sy gesig het, sal niemand hom die

wrede, afbuigende lippe en kil, haatdraende oë kan voorstel wat sy uitdrukking op die oomblik so afstootlik maak nie.

Grattan dink terug aan die dag toe hy hierdie brief ontvang het. Dit was in 'n krot in die agterbuurtes van Londen waar hy hom uit vrees vir die polisie skuil gehou het. Dit was vir hom uiters verblydende nuus en het nuwe hoop deur sy are laat pols. Sy makkers deur wie hy met die buitewêreld in aanraking gebly het en wat hom die brief gebring het, het hom gehelp om voorbereidings te tref vir sy vertrek.

Maar kort op die hakke van dié brief het die nuus gevolg dat Percival Philip gedood is. Joseph Grattan het hom egter nie daardeur laat afskrik nie. Hy het nie 'n oomblik getwyfel aan Philip se vermoede dat die Buiter en die graaf De Moreaux een en dieselfde persoon is nie. Hy het gevoel dat hy met dié kennis, wat feitlik uit die graf deur sy vriend aan hom oorgedra is, miskien daardie eer en roem wat Percival wou verwerp vir homself kon inoes, en dus het hy met die planne vir sy vertrek voortgegaan.

Hy het dit nie durf waag om passaat op 'n passasierskip te probeer kry nie en het dus gereël om met die vragskip, die *Southern Swan,* te vaar. Hy was uiters verbaas om die jong kaptein D'Southy en sy beeldskone suster aan boord te ontmoet. D'Southy het pas die aanstelling as kaptein van die Kaapse garnisoen gekry en het van die eerste die beste geleentheid — per toeval die skip van kaptein Wycliffe —, gebruik gemaak om sy nuwe pos te gaan aanvaar.

Tot enkele ure gelede het Joseph Grattan nog geen vaste planne vir sy optrede in die Kolonie gehad nie. Hy het besluit om te wag totdat hy hier aanland en dan eers met Larry Gibbons in aanraking te kom voordat hy enigiets besluit.

En toe die Noodlot hom vanaand hierdie uitstekende kans

aanbied, het hy onmiddellik daarna gegryp. Die feit dat hy en die twee D'Southys alleen aan wal gesit is, bring mee dat niemand in die Kaap van hul onderskeie identiteite bewus is nie. Hy wou D'Southy en sy suster eers albei van die gras af maak, maar een belangrike oorweging het hom gekeer. Hy is natuurlik nie bekend met enige vorige korrespondensie wat moontlik tussen die goewerneur en D'Southy mag plaasgevind het nie en hy voel ook daarvan oortuig dat, indien daar wel so iets was, Marcus hom nie daarvan sal verwittig nie.

Hy moet Sylvia D'Southy dus aan die lewe hou omdat daar mense mag wees wat weet dat sy saam met haar broer kom. Aan die ander kant moet hy Marcus D'Southy self as gyselaar hou sodat hy 'n swaard van Damocles oor die jong meisie se kop kan laat hang. Hy het gesien dat broer en suster uiters geheg aan mekaar is en hy voel seker dat sy na hom sal luister as haar broer se lewe van haar gehoorsaamheid afhang.

„D'Southy," sê hy nou, „julle kan julle nou maar omdraai." En onderwyl die twee hul gesigte na hom toe keer, vervolg hy:

„Het jy vantevore al aan die goewerneur geskryf?"

Marcus D'Southy antwoord nie. Grattan glimlag.

„Ek het ook nie verwag dat jy sal antwoord nie, maar ek glo nie dat dit nodig is om jou te dwing om te praat nie."

„As dit nie te veel moeite is nie, Hastings," begin Marcus hooghartig noudat hy sy selfbeheersing ten volle herwin het, „sal ek bly wees. . . ."

„Man, ek is 'n bietjie moeg daarvoor om Hastings genoem te word. Julle kan maar net sowel weet dat my naam Joseph Grattan is."

'n Uitdrukking van die uiterste veragting verskyn in

D'Southy se oë. Vir 'n oomblik verlaat alle kleur sy gesig, en dan pers hy die woorde tussen sy lippe uit.

„Joseph Grattan," sê hy sissend, „die gehuurde moordenaar van elke gesonke edelman in Engeland, die afperser, die aanrander van vrouens. . . ."

„Dis nou genoeg," val Grattan hom in die rede. „Jy kan later my biografie skryf — as jy lank genoeg lewe."

„Wat gaan jy met ons maak?" vra D'Southy, meteens bedaard.

Grattan kyk hulle 'n oomblik met leedvermaak aan.

„Ek sal jou aan die lewe moet hou, D'Southy, alhoewel dit die saak vir my effens ingewikkeld maak. Ek durf dit nie waag om sonder jou suster by die Kasteel te verskyn om jou pos te aanvaar nie. En jy, juffroutjie, sal na my pype moet dans of anders sal jou broer, vir wie ek op 'n onbekende plek versteek sal hou, sterwe."

„Ek waarsku jou weer, Grattan. As jy een enkele haar op my suster se hoof beskadig, sal ek jou tot in die dood toe vervolg."

„Jou dood kom miskien gouer as wat jy dink," antwoord Joseph smalend, „en ek sal jou aanraai om jou nie te probeer verset nie, D'Southy. Onthou, as jy dood is, sal jy vir jou suster van geen hulp hoegenaamd kan wees nie. Jy hoef nie bekommerd te wees nie, ek sal goed na haar kyk." 'n Glimlag verskyn op sy gesig onderwyl hy na die meisie kyk.

Onwillekeurig tree D'Southy met gebalde vuist vorentoe, maar blitsvinnig skiet Grattan se hand uit na die pistool en noodgedwonge staan Marcus weer terug.

Met onverbloemde haat kyk hy na die wreedaard voor hom, maar meteens versag sy oë toe hy sy kop draai en die profiel van sy suster langs hom sien. Hy vind skielike berusting, want hy besef dat, as hy sterwe in 'n poging om

Grattan te uitoorlê, dit ten minste die houvas wat die skurk op Sylvia sal hê, sal verwyder; en hy durf nie toelaat dat sy onbeskermd in sy mag gelaat word nie, want hy (Grattan) sal haar verwoes — soos hy menige ander vrou reeds verwoes het.

„Draai weer jul gesigte na die muur toe," beveel Grattan. „Gou nou, dit word laat en ek moet jou nog vannag op 'n veilige plek besorg."

Hulle gehoorsaam gedwee en Grattan raap die koeverte en verseëlde dokumente op. Hy skeur hulle almal oop en lees hulle vlugtig deur. Dan skeur hy hulle in repies en stop alles terug in D'Southy se tassie. Daarna staan hy op.

„D'Southy, jy gaan nou saam met my en jy, my poppie, jy wag hier. Ek waarsku jou om niks te probeer doen nie. Jy bly in die kamer en jy laat niemand binnekom nie. As jy met enigiemand in aanraking probeer kom, sal jou broer met sy lewe boet. En onthou, sodra enigiets met my gebeur, word hy deur my handlanger doodgemaak. Kom, D'Southy."

Grattan tree terug en maak die deur oop. Hy wag 'n oomblik onderwyl Marcus sy suster se hand neem en diep in haar oë kyk. Geeneen van hulle sê iets nie, maar net voor Marcus hom omdraai om te loop, fluister Sylvia sag:

„Moenie bang wees nie, Marcus, ek sal vir jou bid."

Die jong leëroffisier se oë skiet vol trane onderwyl hy na buite loop, want hij besef watter onselfsugtigheid daar in haar woorde opgesluit lê. Sy, wat in die grootste gevaar verkeer, kan alleen aan *sy* veiligheid dink!

Buite in die gang keer Grattan hom. Sy stem is bars en kortaf toe hy sê:

„Kyk, D'Southy, ek hoop nie jy dink dat dit jou sal baat om jou lewe te probeer opoffer om jou suster te red nie.

As jy jou probeer verset, sal ek jou skiet en dit sal op sy beurt meebring dat ek haar ook uit die weg moet ruim. Ek raai jou dus aan om jou te gedra. Stap vooruit."

Hulle gaan met die trap af en onder in die voorportaal roep Grattan hard na die herbergier. Die ou vrou kom weer te voorskyn en buig eerbiedig vir die twee here.

„Wat kan ek vir u doen, menere?" vra sy angstig en gedienstig, bewus van die behandeling wat sy voorheen van hulle ontvang het.

„Ek wil weet waar ene Larry Gibbons se huis is."

„Larry Gibbons? Ek kan u beduie. Dit is maklik, dit is naby. U moet net in die straat op stap. By die tweede straat links op die hoek sal u 'n winkel kry. Sy huis is bo-op die winkel."

Grattan antwoord haar nie eens nie. Hy wink vir D'Southy om vooruit te stap. Die straat is stil en verlate.

Marcus stap 'n paar tree voor sy vyand. Hy is skaars bewus van wat om hom aangaan. Aan die waarskuwing wat Grattan hom bo-op die trap gegee het, steur hy hom nie. Hy is nog steeds vas van plan om sy suster te probeer bevry van die gevaar waarin sy verkeer.

Hy kyk om hom heen. Die geboue hierlangs is redelik dig opmekaar, want die meeste van hulle is pakhuise en winkels. Hulle is nou almal in duisternis gehul.

Mettertyd word sy spiere meer en meer gespanne. Hy stap een stryk deur voort en hou sy oë voor hom op die grond gerig. Kort agter hom hoor hy die voetstappe van Joseph Grattan.

Dan sien hy die donker opening links van hom. Dit lyk soos 'n klein gangetjie tussen twee geboue. Hy weet nie of dit deurloop na die volgende straat toe en of dit dalk teen 'n muur of deur eindig nie. Maar sonder om te dink aan

die onmiddellike gevolge van sy optrede en met volkome bereidwilligheid om sy lewe op te offer, skiet sy spiere meteens soos staalvere los en spring hy in die donker gang af.

'n Rukkie is dit asof hy totaal verblind is. Hy kan niks sien nie. Maar dan skemer die dowwe lig van die enkele straatlampe tot hom deur. Hy kan die hoë mure weerskante van hom sien, met donkerder skaduwees waar daar deure is. Hy probeer egter nie eens om te voel of hulle dalk oop is nie, want hy besef dat so iets hoogs onwaarskynlik is.

Voor hom bly dit stikdonker, en die volgende oomblik stamp sy uitgestrekte hande teen 'n muur vas. Onmiddellik swaai hy hom om en plaas sy rug teen die muur. Hy wag gespanne vir Joseph Grattan.

Grattan het ná een harde uitroep, meer van verbasing as skrik, agter D'Southy aangespring. In die pikdonker het hy dadelik stil gaan staan, want hy het nie geweet of die offisier hom dalk om die hoek inwag nie. Hy wag nou eers totdat sy oë aan die lig gewoond word. Opeens besef hy dat hy in die bek van die gang duidelik teen die dowwe lig van die straatlampe afgebeeld is. Onmiddellik sak hy op sy knieë neer. Dan val hy plat op sy maag met sy regterarm voor hom uitgestrek en die pistool in die gang af gemik. Hy luister aandagtig, maar kan nie 'n geluid voor hom hoor nie. Hy het reeds vasgestel dat die gang doodloop, maar hy is nie seker of D'Southy dalk na die een of ander kant by 'n deur in of met 'n sygang af kon uitgeglip het nie.

„D'Southy!" roep hy gedemp.

Daar is geen antwoord nie. Alles is stil, en van agter hom in die straat kom daar selfs nie die minste geluid nie.

„Jy kan net sowel uitkom, D'Southy!" roep Grattan weer. „Ek het jou reeds vertel wat met jou suster sal gebeur."

Nog geen antwoord nie.

„Ek sal haar skiet soos 'n hond."

Hy voel effens opgewonde. D'Southy mag ontsnap het en is miskien reeds op pad terug na die herberg toe. Hy begin stadig en so geruisloos as moontlik vorentoe sluip. Hy moet vasstel of daar na een van die kante toe 'n uitgang is. Hy vorder vier, vyf tree en dan lê hy weer stil.

„Ek waarsku jou vir die laaste keer, D'Southy. As jy jou hier voor iewers versteek, sal ek jou sonder meer platskiet en aan jou suster sê jy lewe nog."

Sy stem weerklink hol in die nou gang af. Weer sluip hy vorentoe. Hy kan D'Southy maar net sowel skiet, want hy kan maklik aan Sylvia sê dat hy hom iewers gevange hou. Hy besef egter dat, as hy 'n skoot hier aftrek, dit miskien nuuskierige verbygangers se aandag mag trek en sodoende al sy planne in die war stuur.

Hy kruip verder. Links van hom sien hy die donker buitelyne van 'n deur. Hy kruip daarheen en staan dan stadig op sodat hy teen die kosyn aan leun. Dan beweeg hy voetjie vir voetjie al langs die muur af. Hy probeer sy liggaam so plat as moontlik hou sodat dit nie van vooraf gesien kan word nie.

Die volgende oomblik sien hy die dowwe gestalte van 'n man voor hom en dan tref 'n vuishou hom onder die ken sodat hy half bedwelmd eenkant toe slinger. Tegelykertyd spring D'Southy soos 'n kat bo-op hom; sy vingers omsluit Grattan se keel.

Joseph Grattan lê op sy rug en voel hoe die duime van die man bo-op sy gorrel indruk. Sy asem slaan weg en hy voel 'n benoudheid op hom toesak. Sy bene skop magteloos in die lug. Dan dring dit tot hom deur dat hy die pistool nog in sy regterhand het. Met vingers wat enige oomblik hul krag kan verloor, draai hy dit om en klem dit aan die loop

vas. Dan, met 'n laaste, wanhopige poging net voordat dit voel asof 'n totale duisternis op sy brein toesak, swaai hy sy hand opwaarts en tref die jong kaptein met die kolf van die wapen teen die slaap.

Onmiddellik verslap die greep op sy keel. D'Southy kantel van hom af en val langs hom neer. 'n Rukkie lê albei doodstil.

Dan staan Joseph Grattan stadig op. Hy vryf met sy hand oor sy keel en skud sy kop om die duiseligheid daaruit te kry. Hy roer met sy voet aan die liggaam op die grond. Dit gee pap en sonder weerstand mee. 'n Grynslag verskyn om sy lippe.

Hy buk neer en voel aan D'Southy se pols. Dit klop stadig. Dan kom hy orent en stap in die gang af na die straat toe. Hy is effens onvas op sy voete en moet met sy hand teen die muur druk om te keer dat hy nie slinger en neerval nie. Maar stadigaan kom hy tot verhaal en stap dan vinnig in die straat af in die rigting van die hoek waar Larry Gibbons se winkel is.

Op die straathoek is 'n lamp. Die naam Gibbons staan groot teen die muur geskryf. Grattan soek na 'n deur. Langs die winkeldeur sien hy 'n kleiner een, en bokant dié, op die eerste verdieping brand 'n lig in 'n venster.

Hy klop aan die deur. 'n Oomblik later hoor hy voetstappe wat met 'n trap afkom, en dan word die deur oopgemaak.

Voor hom staan 'n man van middeljarige leeftyd. Hy het ligte hare wat al heelwat van sy voorkop af gewyk het, maar tog nog welig na agtertoe golf. Hy dra nie 'n pruik nie en het 'n ligte oopnekhemp en 'n kniebroek aan. Sy gelaatstrekke is reëlmatig, maar sy oë, met die ondeunde vonkeling daarin, sit onnatuurlik na aan mekaar.

Hy kyk die vreemdeling wat buite staan, 'n paar sekondes aandagtig aan. Daar is 'n ligte glimlag op sy lippe.

„Goeienaand, meneer," sê hy vriendelik.

„Ek soek na Larry Gibbons," antwoord Grattan.

„Dan hoef jy nie verder te soek nie," deel Gibbons hom opgewek mee.

„Ek wil graag met jou gesels. My naam is Joseph Grattan."

„Kom binne, vriend."

'n Oomblik kyk hulle mekaar ondersoekend aan en onmiddellik bespeur Grattan die hardheid onder die vonkeling in Gibbons se oë. Hy merk ook nou die gespierde arms en die harige bors wat effens by die syhemp uitsteek, en hy kry die indruk dat menige mens hom seker al laat mislei het deur die vriendelike uiterlike van die smokkelaar. Dan tree hy oor die drumpel en stap stadig met die trap na boontoe.

Agter hom druk Gibbons die deur toe en volg hom dan na bo.

Hulle gaan die sitkamer binne, Gibbons wuif met sy hand na 'n stoel en Grattan neem plaas. Hy vryf weer met sy hand oor sy keel.

„Het jy pampoentjes?" vra Gibbons laggend.

'n Trek van woede skiet deur Grattan se oë, maar hy beteuel sy humeur, want hy besef dat Gibbons 'n rol speel. Hy besluit om dieselfde houding in te slaan.

„Nee," sê hy, „nie pampoentjes nie, maar wel die vingerafdrukke van die nuwe kaptein van julle garnisoen."

Gibbons se wenkbroue gaan op, maar 'n glimlag bly op sy gesig.

„Dit is interessant," sê hy lakonies en sonder om enige verbasing te toon. „Ek het, ten eerste nie geweet dat die

nuwe kaptein al aangekom het nie, en ten tweede wonder ek waarom hy sulke welgeklede here soos jy wil brandmerk."

Joseph Grattan glimlag meteens. Hy besef dat Gibbons op sy manier besig is om seker te maak van Grattan se identiteit. Hy besluit dat hy van die man gaan hou en dat hulle twee sal kan saamwerk.

„Dan sal ek jou vertel, maar ek moet jou waarsku dat ek 'n bietjie haastig is. Die jong offisiertjie lê hier naby in 'n donker gangetjie en ek wil graag hê dat ons by hom moet kom voordat hy sy bewussyn herwin."

Die glimlag verdwyn van Gibbons se lippe en 'n blik van waardering skyn deur die vonkeling in sy oë. Blykbaar hou hy van 'n man wat snel optree.

„Nou klink dit éérs interessant," sê hy.

„In elk geval, om jou eerste vraag te beantwoord: Ek en kaptein D'Southy het vanaand saam hier aangeland. Die skip wat ons gebring het, is reeds weer op pad en niemand het ons sien land nie."

Hy aarsel.

„Ek neem aan dat jy my hier verwag."

„Philip het gesê dat jy sal kom, maar soos jy weet is...."

„Ek weet Philip is dood, maar ek het nogtans gekom."

„Ek het gedink dat jy dalk van plan sou verander."

„Ek het nie. Wat het Percy jou alles van ons planne vertel?"

„Hy het my alles vertel. Hy sou daardie skurk van 'n Buiter aan die goewerneur uitlewer en het gemeen dat dit hom so 'n magsposisie sou besorg dat ek en jy onder sy beskerming met ons werk kon voortgaan." Gibbons maak 'n gebaar met sy hande asof hy daarmee te kenne wil gee dat Philip se voornemens skipbreuk gely het. Hy vervolg: „Maar sake het toe ongelukkig skeef geloop."

„En wat het van die Buiter geword?" vra Grattan. Hy hou Gibbons fyn dop, want hy wil vasstel of hy ook van Percival Philip se vermoede van destyds weet.

„Hy het verdwyn." Gibbons haal sy skouers op. „Niemand kan sê wat van hom geword het nie. Trouens, niemand weet eens of dit werklik die Buiter was nie."

„Weet *jy* wie die Buiter is?"

„Ek weet wie hy was. Ek glo nie hy bestaan meer nie."

Grattan sug ongemerk. Hy staan op.

„Nou maar kom saam met my. Ek sal jou vertel terwyl ons stap."

„Net 'n oomblik." Gibbons stap in die gang af en Grattan hoor hoedat hy met iemand in 'n kamer praat. Dan kom hy terug met 'n baadjie aan. Hulle stap met die trap af.

„Ek het net vir my vrou gesê dat ek gou uitgaan. Ek sal bly wees as jy my nou verder besonderhede kan gee van wat aangaan."

„Kortliks kom dit hierop neer: Soos ek jou reeds gesê het, weet niemand van my aankoms saam met D'Southy nie. Ek het van die gulde geleentheid gebruik gemaak om sy plek in te neem."

Gibbons kyk vinnig na hom.

„Ek verstaan nie mooi nie."

„Dit is tog eenvoudig," antwoord Grattan. „Percival Philip wou hom in 'n posisie plaas van waar hy ons met ons werk kon help. Nou gaan ek *my* in daardie posisie plaas, en dan kan ons twee lekker saamwerk. Jy sien, ek en Percival Philip was boesemvriende. Ek weet presies hoe hy sou gedink het en hoe hy in sekere omstandighede te werk sou gegaan het. Ek voel oortuig dat, as ek begin navraag doen, ek ook binnekort in die posisie sal wees om hierdie

Buiter-vent, indien hy bestaan, te kan vastrek. Ek sal dan daardie eer verwerf wat my in die geleentheid sal stel om jou te help. Maar afgesien daarvan tree ek van môreoggend af op as die nuwe kaptein van die garnisoen."

„Dit is juis wat ek nie mooi verstaan nie," sê Gibbons. „Hoe gaan jy dit regkry?"

„Al wat jy moet doen, is om D'Southy gevange te hou. Sy suster, wat saam met hom gekom het, sal voor almal moet erken dat ek haar broer is, want ek het haar gesê dat haar broer se lewe van haar stilswye en medewerking afhang."

„Ek sien, ek sien!" roep Gibbons uit. „Jy sê niemand hier in die Kaap het julle sien land nie? Ja, ek verstaan nou goed. Maar wat het vanaand gebeur dat D'Southy in die gang lê?"

„Ek het hom onder dwang oorgehaal om saam met my na jou toe te kom. Op pad het hy egter probeer ontsnap. Toe was daar so 'n ligte skermutselinkie."

Gibbons vryf sy ken. Hy brom goedkeurend.

Grattan kom by die hoek van die nou ingang tot die poort en wys met sy hand dat Gibbons eers moet wag. Hy luister aandagtig. Dit is nog stil daar binne. Hy haal sy pistool uit en glip vinnig om die draai. Hy stap saggies teen die muur langs, en dan vinniger sodra sy oë aan die donkerte gewoond raak.

'n Oomblik later sien hy die stil figuur op die grond, net soos hy dit gelaat het. Hy fluit saggies en Gibbons sluit hom by hom aan.

„Ek hoop nou net nie dat iemand ons sien wanneer ons hom na jou huis toe dra nie," sê Grattan.

„As hier iewers nou net 'n lekker diep gat was, kon ons hom maar net sowel doodgemaak en daarin gegooi het," gee Gibbons opgeruimd aan die hand.

Grattan kyk vinnig na hom. Hy skrik effens vir die koelbloedigheid van die man, maar sy agting vir Gibbons styg ook as hy besef dat die man onmiddellik afgelei het dat dit geen verskil aan Grattan sal maak of D'Southy lewe of nie, dit wil sê, solank sy suster net nie daarvan weet nie.

„Ek dink tog dit sal beter wees as ons hom aan die lewe hou. Dit mag vir ons later nuttig wees indien iets met ons planne verkeerd loop."

„Dan moet ons maar ons kans afwag en hom huis toe karwei sodra die straat heeltemal verlate is."

„Tensy ek natuurlik sy klere aantrek."

„Natuurlik! Niemand sal eens twee keer dink as hulle 'n kaptein in uniform met 'n dronkaard aan die arm sien nie."

Weer eens tref die skerpsinnigheid van die smokkelaar hom, en hy aarsel nie langer nie. Hy begin sy baadjie uittrek en onmiddellik buig Gibbons vooroor om die klere van D'Southy se bewustelose liggaam af te trek. 'n Kort rukkie later staan Grattan in die uniform uitgedos. Dit pas hom redelik goed, want hy en D'Southy is amper eenders gebou.

Tien minute later stap hy en Gibbons met D'Southy tussen hulle by Gibbons se voordeur in nadat hulle seker gemaak het dat niemand hulle daar sien ingaan nie. Hulle sleep hom by die trap op en met die gang af tot in 'n klein pakkamer langs die kombuis.

„Ons kan hom voorlopig maar hier los," sê Gibbons effens uitasem. „Ek sal hom later na 'n veiliger plek neem, maar dié reëlings kan jy aan my oorlaat."

„Dankie. Nietemin dink ek tog dat dit die beste sal wees as jy my sê waar jy hom wegsteek."

„Natuurlik. Ek is nie van plan om hom uit die huis te neem nie. Ek wil hom net verskuif na 'n ou ongebruikte kelder onder die winkel."

„Uitstekend. Dan is daar nog net 'n paar dingetjies waaroor ons moet gesels."

„Nou goed, kom ons gaan terug na die sitkamer toe. Ek sal my vrou sê om koffie te maak. Jy kan haar ten volle vertrou."

Hulle stap in die gang af en Grattan begin gesels oor sekere reëlings in verband met hul toekomstige ontmoetings. Dit is noodsaaklik dat niemand van hul verbintenis moet weet nie.

HOOFSTUK DRIE

Na omtrent 'n halfuur vertrek Grattan. Hy stap vinnig in die straat af, want hy voel skielik haastig en effens onrustig. Hy weet nie wat Sylvia D'Southy dalk in haar angs en ontsteltenis kon aangevang het nie, en bowendien is hy nou skielik weer bewus van daardie vurige drange in hom wat sy altyd by hom gaande maak.

'n Honderd tree van die herberg af begin hy hardloop. Die plek is in duisternis gehul, want die kroeg is al toe. Die straat is buitendien verlate en hy is dus nie bang dat iemand hom sal sien nie. Voor die deur aarsel hy. Hy wil graag inglip sonder om die ou vrou te ontmoet. Sy het hom saam met D'Southy sien uitgaan — en nou kom hy alleen terug met Marcus se uniform aan! Môre sal hy egter maklik die afwesigheid van die jong kaptein kan verduidelik, want hy het reeds vir haar gesê dat sy vriend die oggend vroeg sal vertrek.

Hy kyk weer straat op en straat af. Onder in die straat, net buitekant die ligkring van die laaste straatlamp, sien hy iets wat hom alle beheer oor sy spiere laat verloor. Die bloed syfer stadig uit sy gesig en hy staan magteloos vasgeanker asof hy versteend is.

In die halfduister sien hy 'n gitswart gedaante op 'n pikswart perd. Ruiter en dier staan roerloos, asof hulle 'n donkerder deel van die donker nag is.

Vir Grattan voel dit asof 'n onheilspellende invloed op hom uitgeoefen word. Dit is asof daar geheimsinnige, on-

keerbare strale van daardie skaduwee af na hom toe uitskiet wat hom van die funksies van sy sintuie beroof. . . .

Geleidelik bedaar die onstuimige geklop van sy hart egter. Die kleur kom terug in sy wange en hy begin weer helder dink. Hy voel lus om te lag. Heel waarskynlik is dit maar net 'n geregsdienaar wat op nagpatrollie is, en omdat hy in die donkerte sit, is dit onmoontlik om hom op sy kleredrag duidelik te onderskei.

Hy druk die deur versigtig oop en gaan binne. Die klein voorportaaltjie is leeg, maar daar brand 'n lamp onder die trap. Hy draf vinnig op na boontoe, tot voor Sylvia D'Southy se kamerdeur. Hy draai aan die knop, maar die deur gee nie mee nie. Dit is van binne gesluit. Hy skud die knop effens.

„Sylvia!" roep hy sag.

Hy hoor 'n geritsel agter die deur. Blykbaar het sy op sy terugkoms gewag.

„Wat is dit?" Haar stem is klein en bang.

„Maak oop, ek wil met jou praat."

„Waar is my broer?"

„Hy is veilig. Maak nou oop die deur, ek kan nie hier in die gang staan en praat nie."

„Ek wil gaan slaap," antwoord sy. „Laat my nou met rus.

Hy ruk weer aan die deurknop.

„As jy nie oopmaak nie, sal ek die deur oopbreek, en ek hoop dat jy besef wat die mense sal dink as jy nie die deur vir jou broer wil oopmaak nie."

Hy hoor hoedat sy haar asem vinnig intrek en glimlag tevrede. Hy weet dat sy haar posisie terdeë verstaan. As sy enigiets doen wat daarop dui dat hy 'n bedrieër is, sal haar broer daarvoor boet.

'n Oomblik later hoor hy die sleutel draai. Hy druk die deur oop en gaan die kamer binne.

Sylvia het vinnig teruggestaan en is nou aan die oorkant van die kamer anderkant die tafel. Grattan druk die deur stadig agter hom toe. Sy oë verlustig hulle in haar slanke figuur.

„Wat wil jy hê?" Sy hou haar kop fier omhoog. Haar stem is trots. Sy wil hom nie die genot laat smaak om haar angs te sien nie.

Haar houding vuur hom verder aan, maar hy bedwing hom. Hy stap gemaklik nader en trek die stoel langs die tafel uit. Hy gaan sit en slaan sy bene oor mekaar.

„Daar is 'n paar dinge wat jy my moet vertel. Ek dink dat jy die posisie nou redelik goed verstaan, en jy besef natuurlik dat, as jy my enige verkeerde inligting gee, jy en Marcus" — hy haal sy skouers op — „daaronder sal ly. Ek wil hê dat jy my iets van jul lewe tot dusver moet vertel. Eerstens, waar is julle gebore?"

Sylvia antwoord hom kalm en hy gaan met sy ondervraging voort totdat hy gerus voel dat hy hom as Marcus D'Southy sal kan voordoen. Die meisie staan nog steeds langs die bed. Sy besef haar magteloosheid, maar verstrek die besonderhede aan Grattan sonder om haar waardigheid te verloor; dis asof sy in die hof staan waar sy beskuldig word van 'n misdaad wat sy nie gepleeg het nie.

„Die hele tyd hou sy hom versigtig dop. Sy houding het verander. Voordat hy met Marcus die kamer uit is, het hy haar minagtend behandel, maar nou, vandat hy teruggekom het, is daar 'n soort toenaderende vriendelikheid in sy houding te bespeur.

Hy rek hom gemaklik uit en staan op.

„Ek wonder of jy hierdie saak in die regte lig beskou," sê

hy, en dit klink amper of hy sy optrede wil probeer regverdig.

Sy antwoord nie.

„Jy besef seker nie dat ek geen ander uitweg gehad het nie."

Sy antwoord nog nie.

„Dis die enigste wyse waarop ek my aartsvyand sal kan vastrek." Sy stem is sonder gevoel; dis byna of hy self nie veel belang stel in wat hy sê nie. Sy gedagtes is inderdaad met ander dinge besig — met die meisie hier voor hom!

„My broer sou jou gehelp het as jy hom gevra het," sê sy hooghartig.

„Dit sou nie dieselfde wees nie. Ek moet dit self doen."

Hy neem 'n paar treë vorentoe, maar sy tree agteruit tot agter die bed. Grattan glimlag effens.

„Kyk," sê hy vriendelik, „jy ontstel jou onnodig. Marcus sal niks oorkom nie. Dit is maar net noodsaaklik dat hy 'n rukkie uit die pad moet wees. Hierdie is die enigste wyse waarop ek my planne kan uitvoer. Ek beloof jou dat ek van die toneel sal verdwyn sodra ek my taak afgehandel het."

Onderwyl hy praat, staan hy ongemerk nader. Sy aanskou hom agterdogtig en haar bors jaag onbeheers op en neer. Geleidelik groei die trek van vrees in haar oë aan.

„Ons kan maar gerus vriende wees, Sylvia," vervolg hy, en daar is 'n hees klank in sy stem. „Gedurende die volgende paar dae sal ons baie by mekaar wees. Waarom sal ons dit nie maar vir mekaar aangenaam maak nie?"

„Dit is onmoontlik. Gaan nou asseblief hier uit!" Sy kan die trilling van angs in haar stem nie bedwing nie. Sy staan terug tot teenaan die muur. Sy voel soos 'n hulpelose voëltjie wat in 'n hok vasgekeer word. Die indruk wat sy

op die kaai van hom gekry het, tref haar weer sterk.

Sy oë brand in hare.

„Vandat ek jou die eerste keer gesien het," sê hy, „het ek jou begeer soos niks anders op aarde nie. Elke dag op die skip het ek daarna verlang om jou in my arms te neem."

„Jy is mal!" hyg sy uit. „In vadersnaam, laat my met rus. Ek sal. . . ."

„Jy sal wat? Jy sal nie durf skree nie." Hy praat smalend, seker van homself. „As jy 'n geluid maak, sal dit jou bitter berou."

Hy is voor haar, strek sy arms uit en neem haar aan die skouers. Sy gesig kom nader. Sy kan sy warm asem op haar lippe voel.

Met 'n sidderende snik ruk sy haar meteens los en glip by hom verby. Sonder om te dink hardloop sy na die deur toe en ruk dit oop.

„Kom hier!" roep hy agter haar aan, maar sy is reeds by die deur uit.

Sylvia staan aan die bo-ent van die trap en kyk verward rond. Sy besef dat sy nie mag raas nie, maar sy móét wegkom! Sy gaan dus so vinnig as sy kan, maar so sag as moontlik, by die trap af. Agter haar hoor sy hom met die trap afkom. By die voordeur kyk sy om. Sy sien sy gesig in die lig van die lamp. Dit is rooi, maar nie van woede nie. Dit brand van onbeheersde drange. Sy oë boor in hare, onverbiddelik, gebiedend, die oë van 'n man wat alle beheer oor homself verloor het.

Sy is buite in die straat. Radeloos kyk sy rond, maar daar is niemand te sien nie. Sy voel meteens totaal verlore, hulpeloos en alleen, en dan hardloop sy blindelings met die dwarsstraat af. Dit is asof sy ophou dink. Sy is nie bewus van die geboue langs haar of van die straatlampe bo

haar nie. Sy hardloop totdat sy voel hoe haar asem deur haar keel skroei.

Meteens verlaat die krag haar liggaam, asof alle vermoë tot verset uit haar verdwyn. Sy voel lam en sonder weerstand. Uitgeput leun sy teen 'n muur aan. Dit is donker om haar heen. Sy weet nie eens meer hoe sy hier gekom het nie.

Dan sien sy hom voor haar. Sy voel sy arms om haar. Sy voel sy brandende lippe wat na hare soek. 'n Siddering van walging gaan deur haar, soos by die aanraking van 'n slymerige reptiel. Sy wil uitroep, maar sy weet dat sy dit nie mag doen nie. Sy maak haar oë toe en bid.

Agter hulle maak iemand sy keel skoon. 'n Temerige stem sê:

„Kon julle nie 'n minder openbare plek uitgesoek het nie?"

Met 'n sug van verligting maak Sylvia haar oë oop. Sy kan oor Grattan se skouers sien. Omtrent ses tree van hulle af, in die middel van die pad, staan 'n perd roerloos. Hy is halfpad tussen twee straatlampe en die omgewing is in skemerte gehul. Sy kan die ruiter op sy rug duidelik omlyn sien, maar aanvanklik is dit vir haar onmoontlik om enigiets meer van die swart beeld voor haar te onderskei. Dit kom vir haar soos iets bonatuurliks voor, want dit het verskyn toe sy reeds alle hoop laat vaar het. Stadig dring dit tot haar deur dat die ruiter van kop tot tone in 'n noupassende swart gewaad gekleed is. Vaagweg verbeel sy haar dat sy die perd en ruiter herken, maar so ontsaglik is haar verligting, dat sy in 'n beswyming val.

Joseph Grattan het die stem agter hom gehoor, die skielike verstywing in die meisie se liggaam gevoel en, feitlik onmiddelik daarna, die algehele verslapping van haar spiere.

Sy sou teen die grond neergesak het, maar hy het sy arms nog om haar. Alhoewel sy brein reeds volstoom werk, bly hy roerloos staan, met die bewustelose meisie in sy arms.

Verskeie gedagtes flits deur sy brein. Hy weet nie wie die indringer is nie en hy probeer dink hoe hy moet handel voordat hy hom omdraai. Dis nogal lastig dat hy Marcus D'Southy se uniform aan het, want, as dit iemand is wat hom môre kan uitken ná hy hom vanaand op hierdie petalje met sy sogenaamde suster betrap het, sal sy planne in die war gestuur word.

Vir Joseph was hierdie soort situasie egter nog nooit 'n onoorkomelike probleem nie. Daar is net een uitweg en, alhoewel dit dalk sal veroorsaak dat hy 'n paar mense in die buurt wakker maak, sal hy wel met Sylvia in die donkerte kan ontsnap voordat iemand opdaag. Dit is reeds laat en daar is gelukkig min woonhuise in die omtrek.

Sonder om langer te aarsel laat hy Sylvia met die een arm los. Hy hoop dat wie ook al agter hom is, die beweging in die donkerte nie onmiddellik sal opmerk nie. Sy hand glip in sy baadjiesak en onderwyl hy die pistool te voorskyn bring, stamp hy homself van die muur af weg en spring blitsvinnig eenkant toe.

Hy sien die donker gestalte voor hom en opeens skiet dieselfde vrees deur hom wat hy vroeër in die aand ondervind het toe hy die geheimsinnige ruiter in die donkerte gesien het. Sy pistool is egter reeds opgelig en op die indringer gerig.

Dan sny 'n skerp pyn deur sy nek. Sy liggaam word vorentoe geruk en hy struikel. Sy hande skiet vooruit om te keer dat sy gesig nie met die grond kennis maak nie. Die pistool gly uit sy vingers en skuif eenkant toe in die stowwerige straat. Langs hom sak Sylvia op die grond neer.

Hy lê roerloos en probeer sy verwarde gedagtes bymekaar skraap. Hy voel hoe 'n riem om sy nek stadig losgetrek word en raai dat 'n lang sambok of sweep hom moet getref en vorentoe geruk het.

Hy lê nog steeds stil. Weer eens oormeester die onverklaarbare vrees hom. Hy sien die vier pote van die perd 'n entjie links van hom nog roerloos staan. Van bo af kom die stem kalm en bedaard:

„Ek hou nie eintlik van jou taktiek nie, soldaat." Die ruiter praat honend. „As ek vir 'n meisie so afstootlik is dat sy van my af weghardloop, sal ek te skaam wees om haar nog agterna te sit."

Grattan roer nie. Blykbaar beskou die ruiter hom as 'n soldaat wat 'n vroumens wou aanrand. Hy kan nog nie besluit watter optrede vir hom die beste sal wees nie, maar besef dat hy sy gesig tot elke prys moet verberg. Hy durf nie toelaat dat die ruiter hom sien en dalk môre herken nie.

Hy is reeds daarvan oortuig dat dit nie 'n gewone geregsdienaar of inwoner van die Kaap is nie. Daar is iets geheimsinnigs in verband met die man se optrede. Om die indringer te probeer oorrompel, sal hom niks help nie, want hy het reeds ondervind dat die ruiter op sy hoede is. Min mense wat 'n man en 'n meisie in die straat aanspreek, sal verwag dat daar 'n pistool teen hom uitgetrek sal word!

„Wat lê jy nog daar?" vervolg die stem streng. „Hoekom gaan jy nie terug na jou kwartiere toe nie? Julle soldaatjies is glad te losbandig sedert daar nie meer 'n kaptein in die Kasteel is nie."

Grattan sug van verligting. Die ruiter beskou hom as een van die garnisoensoldate wat uitgeglip het om 'n nag van joligheid in die stad deur te bring! As hy dus net kan wegkom sonder dat die ruiter sy gesig sien en die rang van

sy uniform herken, sal alles in orde wees.... behalwe natuurlik vir Sylvia!

Hy kyk versigtig om en sien haar waar sy teen die muur op die grond lê. Gelukkig is sy só besorg oor haar broer se veiligheid dat sy dit nooit sal waag om hom te verraai nie, dink hy met 'n mate van verligting.

„Is jy aan die slaap, man!" roep die stem uit. Tegelykertyd tref 'n sweep hom oor die skouers. Dit brand onder sy blad waar die punt omkrul.

Hy staan vinnig op en keer sy rug op die ruiter. Onmiddellik begin hy hardloop, eers skuins oor die straat, en dan teen die muur langs waar dit donkerder is, sodat sy uniform nie duidelik gesien kan word nie. Hy hardloop al vinniger, want hy wil graag die ruiter die indruk gee dat hy wél 'n gewone soldaat is, wat nou só die skrik op die lyf gejaag is dat hy net een begeerte het, naamlik om by die kwartiere terug te kom. Hy dink aan die moontlikheid om met 'n draai langs terug te gaan en die ruiter aan te val, maar besluit veiligheidshalwe daarteen. Boonop hy het sy pistool verloor. Hy sal maar liewer met 'n omweg na die herberg teruggaan en Sylvia daar inwag.

Agter hom sit die swart geklede figuur op die perd hom stil en agternakyk. 'n Half bejammerende glimlag speel om sy lippe, asof hy die optrede van die soldaat betreur. Sy oë, wat selfs in die halfdonker die beweging van Grattan se hand na sy sak kon raaksien, glinster deur die skrefies van die swart masker wat byna sy hele gesig bedek.

Dan kyk hy terug na die meisie op die grond voor hom. Hy bejammer haar net soveel. Hy kan hom die hele voorval voorstel. Vroeër in die aand het hy die soldaat by die herberg sien ingaan. Die *Old Coast Inn* is 'n plek wat dikwels deur matrose en ander losbandiges besoek word. Dit is

'n broeiplek van onsedelikheid, en hy het dus aangeneem dat die soldaat wat so laat in die nag daar ingaan, die een of ander meisie daar moet ken.

'n Ruk later het hy haar sien uithardloop met die soldaat agterna. Dit het hom voorgekom asof sy in vrees verkeer en uit nuuskierigheid het hy hulle agtervolg tot waar hy hulle hier in die donkerte aangetref het.

Hy kyk nou vinnig om hom heen, want die moontlikheid bestaan dat die soldaat die stryd nie sonder meer sal gewonne gee nie. Hy mag selfs met vriende terugkom om sy prooi te probeer herwin.

Die ruiter klim van die perd af en stap na die meisie toe. Die noupassende fluweel span styf om sy breë skouers. Dit volg die lyne van sy nou heupe en welgevormde kuite. Sy hande en mond is al wat nie bedek is nie, dus smelt hy feitlik met die skaduwees saam. Hy buk oor die meisie en tel haar op asof sy 'n veertjie is. Met sy een arm om haar skouers swaai hy homself gemaklik terug in die saal. Die volgende oomblik spring die groot, swart hings weg en beweeg amper geluidloos oor 'n paar kaal erwe in die rigting van die strand.

Op die wit sand kom bring hy die perd tot stilstand, klim af en lê die meisie op die grond neer. Dan staan hy geduldig eenkant en wag totdat sy bykom. 'n Paar oomblikke later roer sy. Dan, skielik, sit sy met hygende asem orent. Hy besef dat sy hom gesien het en dat hy seker maar 'n skrikwekkende figuur moet slaan.

Onmiddellik sê hy:

„Jy hoef nie bang te wees nie, juffroutjie, jy is nou veilig."

Sylvia antwoord nie dadelik nie. Sy kyk om haar heen na die straatligte aan haar een kant en aan die ander kant

na die wit van die brekende branders wat af en toe gesien word. Die wind waai reeds sterker as vroeër en van die fyn sand kielie haar bene.

„Ek kon jou nie daar in die straat laat bly nie," vervolg die geheimsinnige ruiter, „en het jou eers hierheen gebring totdat jy bykom. Ek wou nie graag in die verligte straat by jou wag nie. As jy my egter nou sê waarheen jy wil gaan, sal ek jou daarheen neem. Ek sal jou egter aanraai om in die vervolg snags jou deur te sluit as jy vriende het wat so min van jou dink dat hulle jou in die straat uitjaag. Ek sou normaalweg geen verdere aandag aan jou geskenk het nie, maar jou voorkoms lyk vir my beskaafd."

Sy kan hom skaars sien, hoewel hy bykans voor haar staan en 'n oomblik wonder sy hoe hy dit kan regkry om haar so duidelik te sien; maar dan, meteens, tref die haglikheid van die posisie waarin sy verkeer, haar en verdryf alle ander gedagtes. Sy onthou nou alles — die gevaar waarin haar broer verkeer, die mag wat Grattan oor haar het en waarvan hy blykbaar van plan is om misbruik te maak. . . .

Sy bars in snikke uit. Haar kop sak vooroor in haar hande. Hierdie man het haar wel tydelik gered, maar Grattan sal haar nie met rus laat nie en sy kan haar nie self verdedig nie. Selfs aan hierdie man durf sy nie 'n woord sê van wat werklik gebeur het nie.

Hy laat haar huil en stap eers 'n paar maal heen en weer voor hy weer voor haar kom staan.

„Toe," sê hy, glad nie onvriendelik nie, „dit help jou nie om nou hier te sit en huil nie. Kom, laat ek jou terugneem."

Sy kyk stadig op. Haar snikke het bedaar.

„Wie is jy?" vra sy sag en hy verbaas hom vir die beskaafdheid van haar stem. Hy lag saggies.

„Die mense noem my die Buiter."

Haar hand gryp wild na haar bors en hy sien hoe verskrik sy na hom staar. Hy lag weer.

„Ek sien dat jy al van my gehoor het. Nou kan jy miskien self verstaan hoekom ek nie graag in die strate rond gesien wil word nie." Sy sê niks, maar haar hart klop onstuimig. Haar redder is niemand anders nie as die man van wie sy al soveel stories gehoor het, die man wat enersyds as skurk, moordenaar en struikrower bestempel word en andersyds gehuldig word as skutsengel van die onderdruktes. Volgens die stories wat sy gehoor het, sou dit haar broer se plig gewees het om hom te vang — en nou het hy haar lewe gered!

Ook Joseph Grattan het gepraat asof die Buiter nog 'n werklikheid is. Hy het geen oomblik aan sy bestaan getwyfel nie. Hy het gesê dat hy sy aartsvyand is en dat hy hierdie hele set bewerkstellig het net om die Buiter van kant te maak — en vanaand het die Buiter hom teëgegaan!

„Ek moet jou bedank dat jy my gered het," sê sy beleef, maar hy kan die volslae moedeloosheid in haar stem hoor.

„Dit kom my voor asof jy dalk nie die soort meisie is wat ek eers gedink het nie," sê hy nadenkend, maar weer met dieselfde vriendelikheid van vroeër. „As ek jou kan help, moet jy asseblief net sê. Miskien sal dit die beste wees as jy my jou omstandighede vertel. Ek kan sien dat jy diep ongelukkig is."

Sy skud haar kop.

„Jy kan my nie help nie. Jy kan my alleenlik terugneem tot naby die *Old Coast Inn*." Sy wil hom graag teen Grattan waarsku, maar sy durf dit nie doen nie. Sy durf ook nie sy hulp op enige ander wyse inroep nie. En tog, in weerwil van die stories wat sy gehoor het, voel sy dat hy

haar miskien beter as enig iemand anders sal kan help. Sy dink aan die ironie daarvan dat hy, wat deur sowel Grattan as haar broer vervolg sal word, haar vanaand moes red.

„Maar wie ìs jy?" vra sy skielik. Sy voel geruster, asof sy in sy teenwoordigheid veilig is. „Daar is soveel verwarrende teorieë. My broer. . . ." Sy aarsel meteens.

„Jou broer?"

Sy besef dat sy haar woorde versigtig sal moet kies.

„My broer het my vertel dat jy die vorige kaptein van die garnisoen by die goewerneur in onguns gebring het en dat jy 'n man, Percival Philip, vermoor het. Hy het gesê dat hy. . . . dat almal jou vervolg en probeer vang."

Die Buiter lag opgewek.

„Menigeen het my al probeer vang, juffrou, maar geeneen het nog daarin geslaag nie. Om te vra wie ek is — wel, jy verwag tog seker nie dat ek jou sal sê nie, of hoe?"

„Hulle sê ook dat jy deur jou neef gedood is."

„Dit help nie jy vra nie, juffrou. Beskou my maar as 'n legende. Ek, of liewer die Buiter, kan nie doodgemaak word nie. Ek ìs 'n legende: as èk sterf, sal daar 'n ander wees om my plek in te neem."

„Maar hulle sê jy is 'n skurk en struikrower."

„Party sê dit wel, maar daar is ander wat beter weet. In elk geval, ek dink dit sal beter wees as jy my liewer van jou omstandighede vertel, aangesien ons nou reeds nader kennis gemaak het. Wie is hierdie broer wat jou soveel dinge van my vertel het?"

Sy skrik. Sy besef nou eers dat sy netnou amper te veel gesê het. Hierdie man het Joseph Grattan vanaand gesien en as hy moet uitvind dat dit haar „broer" is, sal dit dra moeilik gaan om sy optrede te verduidelik. Sy hoop maar net dat hierdie man nooit sal uitvind dat sy die suster van

die nuwe kaptein van die garnisoen is nie, want dan mag hy dalk vir Grattan ontmasker — en dit sal Marcus se dood kos.

„My broer?" sê sy huiwerig. „Hy is 'n soldaat."

„O, nou begin ek die saak beter verstaan. Dit is natuurlik een van sy makkers wat gehoor het dat jy in die *Old Coast Inn* bly en jou toe daar kom lastig val het, nie waar nie?"

„Ja," sê sy haastig, „dit is so."

„Maar waar kom jy vandaan, waar is jou tuiste, en hoekom bly jy in daardie herberg?"

„Ek het by my broer kom kuier — net vir 'n paar dae."

„Waar woon jy eintlik?"

„Ons bly . . . . ons bly in die binneland."

„Kyk, juffrou," sê die Buiter streng, „jy mag dink dat ons hier in die Kolonie so ver van die beskaafde wêreld verwyderd is dat ons nie meer so iets soos kleredrag opmerk nie. Dit is vir my egter duidelik dat die tabberd wat jy aanhet, nie in hierdie land gemaak is nie. Min van ons kan ingevoerde rokke bekostig. Ek sal dus bly wees as jy my nou die waarheid vertel."

Sy kry ontsag vir die skerpheid van sy oë en voel bang om verder te praat, want sy mag dalk iets verkeerds sê. Sy besef ook nou dat sy nie vir hom kan jok nie.

„Ek verseker jou dat ek die waarheid gepraat het. Sal jy my nou asseblief net tot naby die herberg neem?"

'n Rukkie bly staan hy roerloos voor haar. Sy kan voel dat hy haar deurdringend aankyk.

„Ek dink nie ek moet jou terugneem nie. Miskien is dit beter as jy saam met my gaan."

„Ek móét teruggaan!" roep sy verskrik uit. „Asseblief,

moet my nie verder uitvra nie. Neem my net terug. Ek móét gaan."

Hy haal sy skouers op.

„Wel, juffrou," sê hy gelate, „jy lyk oud genoeg om jou eie besluite te kan neem, alhoewel jy blykbaar nog nie in staat is om jou uit die moeilikheid te hou nie. Maar kom, laat ek jou dan maar terugneem."

Sonder meer lig hy haar van die grond af op en sit haar op die perd. Op 'n stappie ry hy terug met die pad waarlangs hy gekom het. Hulle gaan oor een of twee verlate strate en dan lyk dit vir haar asof die perd gaan staan sonder dat die ruiter enige beweging gemaak het.

„As jy met hierdie straat langs loop, kom jy by die voordeur van die herberg uit," sê die onbekende en lig haar van die perd af. Dan vervolg hy: „Dit is baie duidelik dat jy in spanning en angs verkeer, maar ek kan daar niks aan doen as jy my nie wil vertel wat aangaan nie. Ek durf egter nie toelaat dat jy alleen na die herberg teruggaan nie. Dit is selfs moontlik dat jou vriend reeds soontoe is om daar op jou te wag!"

Sylvia D'Southy voel die moedeloosheid weer in haar opstyg. Sy weet dat sy moet teruggaan en dat Grattan op haar wag. Wat sy houding sal wees, weet sy egter nie. Miskien sal hy dink dat sy met haar redder oor hom gepraat het.... Sy sidder as sy dink aan die wreedheid wat sy reeds een of twee keer in sy oë gesien het.

Sy laat haar kop sak.

„Ek sal veilig wees. Jy hoef nie saam te kom nie."

„Dit is nie my plan om saam te gaan nie. Maar sê my waar jou kamer is."

Sy kyk vinnig op.

„Ek dink dit is aan die agterkant van die gebou."

„Nou maar goed. Sodra jy in jou kamer is, die deur gesluit en goed onder jou bed en in die kaste rondgekyk het, dan waai jy jou kers drie keer op en af voor die venster. Reg so?"

Hy aarsel 'n oomblik. „Dan sal ek weet dat jy veilig is — en moet onder geen omstandighede weer jou deur vir iemand oopmaak nie. Dit spyt my dat dit al raad is wat ek jou kan gee en dat jy my nie in jou vertroue wil neem nie. Goeienag, juffrou."

„Baie dankie," sê sy weer. Sy vind dit moeilik om die trane uit haar oë te hou, maar daar is vir haar geen ander uitweg as om haar om te draai en te loop nie.

Die Buiter sit stil op sy perd en kyk haar agterna. Haar gesig, toe sy na hom opgekyk het, kon hy duidelik sien. Die verfyndheid daarvan het hom nie ontgaan nie. Die adellike trekke van haar neus en lippe het hom daarvan oortuig dat sy 'n rol speel wat hy nie kan verstaan nie. Die hulpelose berusting in haar lot wat hy in die helder blou oë gelees het, het 'n diep indruk op hom gemaak. Dan raak hy liggies met sy been teen die flank van sy perd....

Sylvia D'Southy stap met vooroorgeboë hoof na die herberg toe. Sy ys vir wat voorlê. Die gevoel van veiligheid wat die Buiter by haar gewek het, het nou totaal verdwyn. Met hangende skouers gaan sy by die voordeur in en stoot die deur saggies toe. Dit voel vir haar asof elke vloerplank kraak.

Voetjie vir voetjie klim sy met die trap op. In haar hart ontstaan daar meteens die vurige hoop dat hy al gaan slaap het of in sy eie kamer is, sodat sy haar kamer sal bereik en die deur sluit voordat hy daarvan bewus word dat sy terug is.

Die lig brand nog in die voorportaal. Bo in die gang

brand daar ook 'n lig. Blykbaar het die herbergier besluit om die ligte te laat brand aangesien hy sulke belangrike besoekers het.

Eindelik is sy bo. Die gang is verlate. Sylvia kyk na die deur van haar kamer, met die vurige wens dat sy daardeur kon sien om seker te maak of hy daar binne is of nie. Sy stap versigtig nader en dan, met 'n skielike oorgawe aan haar lot, maak sy die deur oop. Die lamp brand nog op die tafel. Sy kyk rond, maar Grattan is nie daar nie.

Sylvia slaak 'n sug van ontsaglike verligting. Sy druk die deur agter haar toe en leun 'n oomblik uitgeput daarteen. Dan buk sy af en draai die sleutel.

Sonder om werklik te weet wat sy doen, stap sy na die groot kas teen die muur en maak dit oop. Dit is leeg. Sy sak op haar knieë neer en kyk onder die bed in. Daar is niemand nie. Half verdwaas stap sy na die lamp op die tafel.... en dan sien sy hoedat die handvatsel van haar deur stadig draai!

Sy staan botstil. Sy wil gil, maar kan nie. Dit voel asof haar laaste hoop verydel is. Maar dan besef sy dat die deur gesluit is. Sy hoor Grattan saggies roep:

„Sylvia!"

Sy stap nader en gaan staan digby die deur.

„Wat is dit?"

„Wat het gebeur?"

„Niks. Hy het weggegaan en ek het teruggekom."

„Jy het darem lank geneem om hier te kom, nè?"

Sy weet dat hy probeer uitvind of sy met die man gepraat het.

„Ek was lank flou." Sy wil eers sê dat die man reeds weg was toe sy bygekom het, maar is bang dat Grattan dalk daar naby gebly en gesien het dat haar redder met haar op

die perd wegry. „Hy het my 'n entjie die donkerte in geneem en gelawe. Toe ek bygekom het, het hy my gelos en is hy weg."

„Wat het julle gesels?"

„Ons het nie gesels nie."

„Laat my binnekom, daar is nog iets waaroor ek met jou wil praat."

„Ek gaan nie weer die deur oopmaak nie."

„Ek belowe jou ek sal my nou gedra." Sy stem is half pleitend. „Ek is jammer oor my gedrag van netnou."

„As jy jammer is, kan jy dit bewys deur my nou met rus te laat. Ek wil gaan slaap."

Joseph bly 'n oomblik stil. Hy het die saak intussen goed oorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat dit tot sy nadeel gaan wees om haar te veel uit te tart. As hy sy planne met welslae wil uitvoer, het hy haar medewerking, al is dit dan gedwonge, nodig. Hy weet dat sy mag oor haar feitlik onbeperk is, maar as hy haar heeltemal in 'n hoekie dryf, mag sy dalk iets doen wat sal meebring dat hy ontmasker word. Vanaand het dit reeds amper gebeur. As die indringer nie sonder meer aangeneem het dat hy 'n gewone soldaat is en hom met daardie een karwatshou huis toe gestuur het nie, mag alles reeds in duie gestort het.

„Nou maar goed," sê hy. „Sorg dat jy genoeg slaap. Ek sal jou môreoggend laat wakker maak wanneer dit tyd is dat ons na die Kasteel toe moet gaan."

Sy hoor hoe hy met die gang af loop en kan skaars glo dat sy so maklik daarvan afgekom het. Sy stap na die lamp toe en neem dit tot voor die venster. Dan beweeg sy dit drie keer op en af.

Buitekant in 'n donker straat, 'n ent van die herberg af,

sit die swart geklede ruiter stil op sy perd. Hy sien die lig in die venster en dan, met 'n ligte beweging van sy hand, laat hy die swart hings vinnig wegskiet.

Hy ry skuins teen die hange van Leeuberg uit totdat hy tussen die bome en bosse verdwyn.

HOOFSTUK 4

Dit is 'n sonnige lentemôre. Gedurende die nag het 'n storm oor die Kaap losgebars, maar dit het hom gou uitgewoed en nou styg daar uit die met reën deurweekte aarde 'n vars geur van skoon grond op. Die strale van die son laat glinster die ontelbare druppels op die blare van bome en blomme — ook in die tuine voor die huise in die Buitengracht.

Taamlik hoog op in die straat staan die luukse woning van die graaf De Moreaux. Die meeste huise in die omtrek se voordeure loop reg op die straat uit, maar voor dié woning is daar breë trappe wat lei na 'n hoë stoep met groot pilare wat die ingang half bedek.

'n Koets het pas in die straat stilgehou. Dit is een van die ligte modelle wat die rykes gewoonlik gebruik om soggens mee in die stad rond te ry vir inkopies en besoeke. 'n Jong man en twee dames klim uit nadat die lakei die leertjie neergelaat het. Hulle gaan met die trappe op na die deur toe.

Al drie is volgens die jongste mode gekleed. Die man se purper baadjie steek skerp af teen die silwer satyn van sy kniebroek. Sy gelaatstrekke is dié van 'n Franse edelman. Sy donker kleur is egter eerder afkomstig van die son as van sy ras. Sy prominente neus en sterk ken skep die indruk van hooghartigheid, iets wat egter deur sy vonkelende, helder oë weerspreek word.

Vir 'n buitestaander sou dit onmiddellik duidelik wees dat die twee dames susters is hoewel die een ligte hare het en effens fyner gebou is as die ander. Die dametjie met die ligte hare het 'n opgewekte gesig, maar besit nie juis kenmerkende trekke van enige besondere nasie nie. Sy is 'n dogter van die Kolonie en 'n kind van die veld en die natuur.

Haar suster is ietwat donkerder van kleur en het bruin oë en hare. Sy beweeg met 'n bevalligheid wat enige dame aan die hof van Frankryk sou beny het, maar is geheel en al onbewus van haar skoonheid, wat in die Kaap ongeëwenaard is.

Terwyl hul aanstap voordeur toe, kyk sy met 'n glimlag na haar suster.

„In elk geval, Elmien," sê sy vrolik, „jy en Jacques is nou byna 'n jaar lank getroud. Ek verbeel my al dat Jacques 'n stokou man moet wees."

„Is jy dan laf, Willa!" roep die jonger suster uit. „'n Mens word eers regtig jonk wanneer jy gelukkig getroud is." Sy draai haar na haar man toe en pluk aan sy hand onderwyl sy laggend in sy oë kyk. „Nie waar nie, Jacques?"

Die jong man knik goedig, maar effens ingedagte asof sy aandag nie by die geselsery van die twee vrouens is nie.

„Natuurlik, my skat."

Sonder meer wend Elmien haar weer tot Willa.

„Maar, soos ek sê, was hy weer omtrent die hele nag saam met jou verloofde uit."

„In vadersnaam, Elmien," werp haar suster haastig teë onderwyl sy om haar heen kyk, „moenie so hard praat nie! Jy is nog net so onverantwoordelik soos altyd."

„Ek is jammer, Willa." Daar is berou in haar stem maar

die volgende oomblik vervolg sy weer ewe opgeruimd: „Hoe kan jy *my* nou van onverantwoordelikheid beskuldig? Ek is dan al oud en getroud en jy en Jean nou wel al byna 'n jaar lank verloof, maar dit lyk my julle kom ook niks verder nie."

„Daaroor moet jy met Jean praat," lag Willa.

Die groot voordeur is oop en hulle stap binne. Op die dik tapyt in die gang kom 'n ouerige man, in die smaakvolle livrei van die graaf De Moreaux gekleed, hulle tegemoet.

„Môre, m'sieur Jacques, juffrou Elmien, juffrou Willa." Hy buig beleef. Al drie groet hom vriendelik en glad nie asof hy 'n bediende is nie.

Jacques vra dadelik:

„En waar is m'sieur Jean?"

„Die graaf is in die tuin, m'sieur." Hy buig weer en wil by hulle verby stap.

Elmien lag.

„Jy is weer formeel vanoggend, nè, André!"

„En dit beteken dat jy weer nukkerig is," voeg Jacques by.

„Wat soos gewoonlik beteken dat jou baas nie na jou wil luister nie, nie waar nie, André?" dra Willa haal deel by.

Al drie ken die ou man goed. Trouens, hy is deel van die gesin. Hy het die graaf, Jean de Moreaux, feitlik grootgemaak en teenoor die graaf se intieme vriende soos Jacques en sy vrou Elmien, asook die graaf se verloofde, Willa Rossouw, verwys hy dus nooit na hom as die graaf nie. Hy neem 'n vaderlike houding teenoor die edelman in en Jean de Moreaux laat hom dit toe. Hy laat hom ook toe om sy huishouding te organiseer soos hy dit goed dink en duld al sy tugtigings en teregwysings.

„U is reg, juffrou Willa," antwoord die ou man ewe

sedig. „Hy het vanoggend eers vieruur teruggekom en is reeds ligdag weer uit die vere. Hy kan nie só sonder slaap bly nie."

„Ek weet, André," sê Willa sag. „Ek sal met hom praat."

„Maar as jy hom sit en inwag het, André," sê Jacques opgewek, „dan kry jy mos maar net so min slaap."

Die ou man snuif verontwaardig en stap aan. Die ander loop deur die groot sitkamer na die systoep waarvandaan die trappe aflei na die netjiese tuin langs die huis.

Teen die oorkantse muur, wat die rankrose met rooi en wit oortrek het, staan Jean de Moreaux. Sy donker hare word nie deur 'n pruik bedek nie en is ongepoeierd. Sy wenkbroue en lippe is reguit en sy grys oë rustig, maar daar is 'n diepte in hulle wat van insig en intelligensie getuig.

'n Ligte syhemp hang los oor sy breë skouers. Die lang moue daarvan is om die gewrigte met fyn kant afgewerk. Sy ferweelkniebroek is van die duurste materiaal en sy skoene se gespes skitter. Hy leun gemaklik teen 'n boomstam aan en gesels druk met die tuinier.

Toe hy die besoekers op die systoep sien, wuif hy en gaan hulle dadelik tegemoet. Sy oë verloor hul dromerigheid en glinster van onverbloemde bewondering toe hy na sy verloofde kyk.

„Julle is mos vroeg op!" roep hy hulle toe.

„En wat dan weer van jou, meneertjie?" antwoord Willa, gemaak-vererg.

„Há, ons vriend André het weer geskinder. Ek onthef hom nog een van die dae van sy pligte."

„Dan verloor jy my ook," antwoord Willa skertsend. Sy soen hom teer en hy sit sy arm om haar middellyf onderwyl hulle na die sitkamer toe stap.

„In elk geval, Jacques," vervolg Jean, „ek het gemeen dat jy jou vanoggend sou uitrus."

„Met twee vroumense in die huis?" Jacques gooi sy hande in die lug op. „Jy sit hier stoksielalleen in jou yslike paleis en *jy* kan nie na sonop in die bed bly nie. Hoe verwag jy moet èk dit regkry? Veral vandat Willa by ons inwoon, gaan dit daar soos 'n bynes."

Hulle lag almal en dan, sodra hulle in die sitkamer is, stoot Willa die buitedeur toe. Sy kyk rond om seker te maak dat die ander deure ook toe is en draai haar dan na haar verloofde toe. Voor sy egter kan begin praat, kom hy na haar toe en sit sy vinger liefderik onder haar ken. Sy grys oë vonkel ondeund.

„Jy het seker weer die hele nag wakker gelê om hierdie sedepreek voor te berei, nè?" sê hy.

„Watter sedepreek? Hoe weet jy dat ek vir jou gaan preek?"

Hy lag.

„Dit is tog te duidelik, my liefling; maar, nou ja," sê hy met 'n lang sug, „laat ons maar hoor."

Hulle neem almal plaas, nadat Jacques laggend verneem het of sy en Elmien se teenwoordigheid ook vereis word.

„Joune word beslis vereis," antwoord Willa en vervolg dan ernstig: „Kyk, Jean, dit is duidelik dat jy en Jacques al weer iets in die skild voer. Jacques het vannag laat huis toe gekom en vanoggend kon hy nie wag om hier by jou te kom nie. Ons kon sien dat hy bekommerd was."

Jean de Moreaux wuif alle gedagtes aan besorgdheid met sy hand weg.

„Ek het net 'n bietjie oponthoud gehad."

„Jy hoef nie nou te vertel nie. Ek wil eers weet hoekom

julle weer die Buitermonderings aangetrek het. Wat is nou weer aan die gang?"

„Kyk, Willa," begin Jean half ernstig, „julle sal tog nie in politieke sake geïnteresseerd wees nie."

„Ons sal self besluit of ons geïnteresseerd is of nie."

„Nou maar goed. Die saak staan só: Jy het tog seker al gehoor dat die goewerneur bevel gekry het om verdrae met al die kafferhoofde te sluit, nè? Soos jy weet was Waterboer tydens die viering van die vrystelling van die slawe hier in die Kaap. Nou ja, daar is toe 'n verdrag met hom gesluit."

„Maar wat het dit met julle te doen, Jean?"

„Ek sê jou mos nou — die koloniale sekretaris is so in sy skik met die reëling dat hy nou verdrae met Eno, Tjalie en al die ander ook wil sluit. Jacques en ek voel dat dit 'n heeltemal verkeerde ding is."

„Dus gaan julle twee dit nou stopsit?"

„Ons gaan probeer," antwoord Jean de Moreaux ernstig. Sy staalgrys oë verloor hul vriendelike uitdrukking. Hulle glinster meteens met daardie deurdringende vasberadenheid wat sy vriende en veral sy verloofde reeds so goed ken.

„Hoekom laat julle nie die mense hulle gang gaan nie?" Maar Willa se stem is nie meer oortuigend nie. Sy weet dat dit niks sal help nie.

„Wat praat jy, my skat? As ons almal stilsit en geen belang in die sake van ons land stel nie, waarheen sal dit dan lei?"

„Ek voel net dat julle jul lewens onnodig in gevaar stel," sit sy haar verset wanhopig voort. „Wat julle nou wil doen, staan gelyk aan hoogverraad. Jy weet goed dat ek en Elmien nog nooit omgegee het as julle vir 'n werklik

verdienstelike saak veg nie, maar ek dink eerlik nie dat die huidige toestand van sake dit regverdig nie."

„Daar het jy dit mis, Willa. Ek en Jacques dink albei dat dit seker die belangrikste taak is wat ons nog ooit aangepak het. Daar is honderde lewens wat regstreeks in gevaar gestel word deur die voorgenome optrede van die goewerneur. Om nou, nadat die kaffers reeds na hartelus geplunder en gemoor het, met presente na hulle toe te gaan, sal in hul oë 'n teken van swakheid wees."

„Dis reg, ja, Jean, maar wat kan julle nou eintlik daaraan doen?"

„Ons is nog nie heeltemal seker nie," antwoord Jean nadenkend. „Soos ek verstaan word daar juis nou weer 'n klomp geskenke versamel. Die goewerneur sal dan daarmee na die Oosgrens toe gaan om die verdrae finaal deur te haak. Dit is ons plan om daardie sending te laat skipbreuk ly."

Willa neem sy hand in hare.

„Moenie dink dat ek hardkoppig is nie, Jean," sê sy byna pleitend. „Ek weet goed dat jy nog altyd die rol van die Buiter gevul het net om reg te laat geskied. Dit is maar net dat daar soveel gevare aan verbonde is."

„Jou vrees is ongegrond," sê Jean de Moreaux met 'n glimlag. „Die Buiter het al 'n legendariese figuur geword. Mense dink aan hom meer as 'n simbool as iets anders. Die selfsugtige rykes en die Regering haat hom, die soldate vrees hom en die boere en onderdruktes bemin hom. My geheim is dus veilig. Buiten ons vier weet net die getroue André, Philip en Pierre daarvan. Waarom sal jy nou skielik bang wees? Of dink jy dalk my getroue luitenant, Jacques, gaan my verklik?" eindig hy met 'n glimlag.

„Ek is altyd besorg oor jou veiligheid, Jean."

Hy druk haar hand gerusstellend en soen haar liggies op die wang.

„Ek waardeer dit, my liefling."

„Maar toe, wat het julle nou eintlik besiel om gisteraand in die strate rond te ry?" wil Elmien weet. „Julle het tog niks uitgevoer nie."

„Niks uitgevoer nie!" roep Jacques uit. „Ek dink jy misgis jou. As jy later in die dag af dorp toe gaan, sal jy gou agterkom dat daar vandag weer net een onderwerp onder bespreking is. 'n Paar mense het ons gisteraand gesien en nou is die Buiter weer op almal se lippe."

„Maar wat is jul doel daarmee?" vra Willa.

„Net wat ons bereik het. Ons wil die mense weer van die Buiter se teenwoordigheid bewus maak om hulle moed te gee en. . . ."

„Maar van die os op die esel, Jean," val Jacques hom in die rede, „wat ek eintlik wil weet, is wat gisteraand van jou geword het. Ek het jou laas daar onder digby die kaai gesien en toe nooit weer nie."

Jean de Moreaux word meteens weer heeltemal ernstig. Hy sit 'n oomblik ingedagte en antwoord dan stadig:

„Ek het 'n heel eienaardige ondervinding gehad. Ek het 'n jong dame uit 'n draak se kloue gered."

Willa lag.

„Jy lyk so ernstig en dan praat jy sulke onsin!" roep sy vrolik uit.

„Wag maar tot jy alles gehoor het," antwoord hy glimlaggend, „dan sal ons hoor wat jy te sê het. Miskien is jy so jaloers. . . ."

„Vertel ons nou!"

Jean is meteens weer ernstig.

„Dit was regtig 'n sonderlinge voorval. Kort nadat jy

van my weg is, Jacques, het ek 'n entjie onderkant die *Old Coast Inn* net buitekant die ligkring gestaan. Ek het 'n soldaat straat af sien kom en ek wou hê dat hy my moet raaksien. Hy was egter baie ingedagte en toe hy naby die herberg kom, het hy skielik begin hardloop. Net buite die deur, dink ek, het hy my skielik raakgesien, maar hy is in elk geval toe die herberg binne.

„'n Rukkie later kom 'n jong dame in volle vaart uitgehardloop met dieselfde jong buksie kort op haar hakke. Sover ek kon sien, het sy in die uiterste angs verkeer. Ek het hulle agternagesit en toe ek weer op hulle afkom, is hy hard besig om sy liefkosings met geweld op haar te probeer afdwing. Ek het hulle uitmekaar gemaak en die soldaat met 'n raps oor sy skouers huis toe gestuur.

„Intussen het die meisie flou geword. Ek het haar opgetel en tot langs die strand geneem waar die koel wind haar spoedig reggeruk het. Daarna het ek met haar probeer gesels.

„Maar dink julle nou ek kon iets uit haar kry? Sy het my 'n paar leuens probeer vertel en verder basta. Aanvanklik het ek gedink dat sy maar 'n slegte soort meisie was wat net 'n bietjie moeilikheid met haar soldateminnaar gehad het, maar ek het gou tot die gevolgtrekking gekom dat daar baie meer in die saak steek. Sy was volgens die jongste Paryse mode gekleed en haar hele voorkoms was dié van 'n verfynde dame.

„Sy het iets van my weggesteek, en dit moet iets so belangriks wees, want sy het in 'n toestand van uiterste spanning verkeer. Ek kon ook sien dat sy heeltemal teen haar sin na die herberg teruggaan, maar dat sy dit om die een of ander rede noodgedwonge doen."

„Maar hoe lyk sy, Jean?" vra Willa.

„Jean het mos gesê jy sal jaloers wees," val Jacques in.

„Moenie laf wees nie, Jacques. Vertel ons, Jean."

„Wel, soos ek reeds gesê het, was sy in 'n duur tabberd gekleed, en van haar gesig sou ek aflei dat sy beslis van adellike afkoms is."

„Dit is tog eienaardig," meen Elmien. „Wat sou sy dan in die *Old Coast Inn* soek?"

„Ek weet nie, maar ek is van plan om Pierre later soontoe te stuur. Ek wil hê hy moet 'n bietjie in die kroeg gaan gesels en probeer uitvind wie gisteraand in die herberg gebly het. Hy is glo goed bevriend met ou Martin en sy vrou Breggie."

Iemand klop aan die deur.

„Binne!" roep Jean uit.

Die ou man, André, kom die vertrek binne. Hy kyk 'n oomblik na die graaf voordat hy praat.

„Is jy nog ontevrede, André?" vra Jean goedig.

„Die moeilikheid is net dat, as hulle jou een nag vang omdat jy moeg was en iewers aan die slaap geraak het, ek jou dan uit die sel sal moet kom haal!"

Hulle lag almal.

„Dis juis omdat ek weet dat jy dit sal doen dat ek so min slaap," terg Jean, maar daar is opregte waardering en vriendelikheid in sy stem. „Wat is dit, André?"

„Daar het 'n uitnodiging van die goewerneur gekom. Die nuwe kaptein van die garnisoen en sy suster het gisteraand laat aangeland en daar is vanmiddag 'n maaltyd ter ere van hul koms. Die uitnodiging sluit m'sieur Jacques in."

„Dankie, André."

Die ou man gaan uit en trek die deur agter hom toe.

Willa wend haar tot Jean.

„Dan sal ek my nou eers weer moet gaan aantrek," sê sy half ontevrede.

„Daar is geen ander uitweg nie, my skat," antwoord haar verloofde. „Jy weet dat ek reeds bra selde in die openbaar verskyn aangesien ek nie té bekend wil raak nie. Ons kan dus nie by sulke geleenthede ook nog by die huis bly nie. Boonop wil ek graag hierdie nuwe kapteintjie sien. Ek verstaan glo dis 'n jong kêrel, D'Southy, wat aangestel is. Boonop het hy glo 'n mooi suster! In elk geval, soos julle weet, sal dit nou sy plig wees om my te probeer vang. Sy voorganger, Otto Mehreis, het maar bedroef daarvan afgekom. Dus," en hy lag opgewek, „sal ons maar moet gaan kyk hoe my nuwe vervolger lyk."

HOOFSTUK VYF

„Wat se bog is dit van die Buiter!" roep Joseph Grattan ongeduldig uit. Hy en 'n jong man wat meer na 'n modepop uit 'n winkelvenster as na 'n inwoner van die Kasteel lyk, staan net buitekant die Kasteelpoort en kyk na 'n paar waens wat langs die hoë klipmure in die skaduwee van 'n paar bome getrek is.

„Maar dit is nie bog nie, kaptein," antwoord D'Arcy Cunningham verontwaardig. Sy stem is hoog en skril in sy opgewondenheid en klink amper soos dié van 'n vrou.

„Natuurlik is dit," werp Grattan hom honend teë. „Niemand met gesonde verstand sal hom steur aan sulke belaglike stories soos dié wat van hierdie struikrower vertel word nie." Sy stem is doelbewus ongelowig, maar sy houding is fyn beplan.

Hy het hom daardie oggend kort ná ontbyt as kaptein D'Southy, nuwe Bevelvoerende Offisier van die Garnisoen, by die Kasteel aangemeld. Hy het ná 'n kort onderhoud met die goewerneur bevele ontvang om maar eens 'n bietjie te ontspan en hom tuis te maak. Hy was dus vry om gedurende die oggend 'n bietjie rond te loop, sy intrek in sy nuwe kwartiere te neem en hom dan gereed te maak vir die ontvangsdinee wat inderhaas vir hom gereël is. Hy het Sylvia na haar kamer in die Kasteel geneem — net twee deure van syne af — en daarna die wêreld gaan bespied. Hy het gou uitgevind dat een van die laaste burgerlike inwoners van die Kasteel die jong D'Arcy Cunningham is en

dat dié windlawaai nie alleen elke skinderstorie en skandaal wat die afgelope tyd in die Kaap plaasgevind het, haarfyn ken nie, maar ook daarvan hou om dit gedurig oor te vertel.

Nou, kort voor die middag, staan hulle hier buitekant die Kasteelpoort en kyk na die groot tentwaens waarin daar, soos hy reeds uitgevind het, honderde ponde se geskenke, ammunisie en gewere gelaai is. Die waens sal glo binnekort na die Oosgrens vertrek waar die goewerneur verdrae met die kaffers gaan sluit.

Grattan tart D'Arcy aspres uit om sodoende die jong man aan te vuur om hom soveel as moontlik van die Buiter te vertel.

„Wat weet jy per slot van sake van die vent af? Watter bewys het jy behalwe die gerugte en ander onsinnige bronne waaruit die legende spruit?"

„Gerugte!? Onsinnige bronne!?" roep D'Arcy hees uit asof hy persoonlik beledig word deur Grattan se woorde. „My liewe kaptein D'Southy, ek kan jou vertel dat ek hom van aangesig tot aangesig gesien het. Een aand het hy my en 'n vriend van my met 'n oormag oorrompel. Hy het grofgeskut. . . ."

„Wie was jou vriend?"

„Percival Philip." Cunningham maak 'n gebaar van respek en sê met oordrewe droefenis: „Mag sy rus salig wees — hy is dood, maar hy was 'n dapper man. Daardie aand het ek hom beskerm, anders sou sy einde selfs nog gouer gekom het."

„Maar wat het die Buiter gedoen? Wat was sy plan?"

„Wat hy gedoen het? Weet jy dit nou nog nie? Maar natuurlik, jy het maar vanoggend eers hier aangekom. Hy het daardie nag van ons gebruik gemaak om binne-in die Kasteel te kom. 'n Hele paar keer het hy deur linies en

linies van soldate gebreek en gevangenes, waaronder moordenaars en skurke, uit die Kasteel ontvoer; niemand kon hom keer nie! Daardie aand sou ek. . . ."

„Maar as jy hom dan al so baie gesien het, so baie van hom af weet, wie is hy? Jy praat asof dit 'n gees is."

„Niemand weet wie hy is nie," antwoord D'Arcy geheimsinnig. „Maar as daar moeilikheid in die land is, dan verskyn hy. Trouens, hy is soos 'n mier wat verskyn net voor dit reën. Sodra jy van hom hoor, dan kan jy maar weet dat daar binnekort allerhande soorte uitbarstings in die Kolonie sal plaasvind. Jy het vanoggend self gehoor wat die mense sê; almal praat daarvan. Gisteraand was hy weer in die stad. Verskeie mense het hom gesien. In die donkerste skaduwees en vlugtig onder straatligte deur; in nou gangetjies, om die hoeke van huise - oral het mense hom gesien."

„Dus verwag julle nou moeilikheid," snou Grattan hom toe. Hy waai met sy arm in die rigting van die waens. „Dis seker daarom dat daardie klomp waens ook bewaak word. Kyk hoe staan die soldate daar rond."

„Natuurlik!" roep D'Arcy uit. „Kan jy dan nie verstaan nie? Daar is baie mense wat nie saamstem met die beleid van Glenelg dat die goewerneur verdrae met die kaffers moet sluit nie. Daar is menigeen wat daarvan sal hou om te sien dat sy planne in die wiele gery word — en boonop verskyn die Buiter toe nog gisteraand! Nou kan jy self verstaan dat daar nie die minste twyfel aan is nie dat hy van plan is om hom met die goewerneur se planne te bemoei."

Joseph Grattan antwoord nie dadelik nie. Hy staan 'n rukkie ingedagte na die toneel voor hom en kyk. Agter hulle rammel af en toe 'n koets oor die plaveiklippe en onder die poort deur. Die gaste wat na die middagmaal genooi is begin al hul verskyning te maak.

Grattan is nie van hulle bewus nie. Op hierdie oomblik is sy gedagtes met net een saak besig. Hy wonder of dit moontlik sal wees om van hierdie konvooi van presente gebruik te maak om die Buiter uit te lok. Dan kan daar mos vir hom 'n strik gestel word! Hy is egter nog nie goed op hoogte van sake nie en kan dus nie nou al 'n plan helder formuleer nie.

Na 'n rukkie draai hy hom om en neem D'Arcy aan die arm.

„Nou maar kom, ou kêrel," sê hy gemoedelik, omdat hy die vriendskap van die jong man wil behou, „kom ons gaan in na die binneplaas, dan kan jy my vooraf so 'n paar van die belangrikste gaste uitwys. Ek sal seker binnekort ingeroep word om aan hulle bekend gestel te word."

Onderwyl hy praat, stap hulle onder die poort deur. Daar staan 'n paar wagte wat die atmosfeer van vreedsaamheid wat in die stad heers, weerspreek.

„Ek sien daar is meer wagte as gewoonlik," merk D'Arcy Cunningham dadelik op. „Ek kan jou ook sê hoekom dit is."

Grattan kyk net 'n slag na sy kant toe, maar sê niks.

„Ek het reeds die koetse van 'n hele paar vooraanstaande boere sien verbygaan," vervolg D'Arcy.

„En wat het dit met die wagte te doen?"

„Ja," sug D'Arcy asof hy die kaptein 'n groot guns bewys, „jy weet natuurlik nog maar min. Die boere sal geeneen van hierdie verdragsluitery hou nie. Boonop verkeer hulle glad nie op baie vriendskaplike voet met die goewerneur nie. Hy durf hulle egter nie beledig deur hulle nie na sulke belangrike onthale te nooi nie. Nogtans maak hy seker dat daar nie kans vir oproerigheid is nie."

„Mm," sê Grattan.

„Jy kan nou nog maklik brom," sê D'Arcy, „maar van môre af sal dit jou plig wees om al hierdie reëlings te tref,

en ek kan jou verseker dat die goewerneur die hele saak in 'n baie ernstige lig beskou. Dit is seker daarom dat hy jou aan al die mense, boere inkluis, wil voorstel."

„Bedoel jy hy is bang?"

„Ek is 'n man van min woorde," sê D'Arcy Cunningham.

Op daardie oomblik raak hy liggies aan Grattan se arm. Hy kyk terug in die rigting van die poort en Grattan volg sy blik. Ses spierwit perde kom te voorskyn voor 'n groot, luukse koets. Op die kis sit die koetsier en lakei in smaakvolle livrei gekleed. Op die deure van die koets is die wapen van die graaf De Moreaux in goud uitgewerk.

„Daar kom nou eintlik die ryk man van die Kolonie aan. En nie net ryk nie, maar ook gelukkig."

„Wat bedoel jy?" Die ongelowige, honende houding van vroeër het verdwyn. Grattan is meteens doodernstig, maar hy probeer sy gelaatstrekke so normaal as moontlik hou. Uiteindelik het die geleentheid gekom dat hy die graaf De Moreaux, wat volgens Percival Philip die Buiter is, sal ontmoet.

„Hy is ook verloof aan die mooiste meisie in die stad," antwoord D'Arcy. „Wag maar, jy sal haar nou sien. Ek dink nie dat julle daar in die hele Europa met haar ewebeeld kan spog nie."

Hulle staan opsy. Onderwyl die koets verbygaan, leun Jean de Moreaux effens by die venster uit en waai vir D'Arcy, want hulle ken mekaar goed. Hy maak ook 'n stywe buiginkie met sy kop in die rigting van Grattan. Dan is hulle verby en beweeg die koets in die rigting van die Kat.

Binne-in draai Jean hom na Willa toe.

„Heel moontlik is daardie jong man by D'Arcy die nuwe kaptein D'Southy," merk hy op.

„En hy is nogal aantreklik," voeg Willa met 'n glimlaggie by.

Hy neem haar hand en lag ondeund.

„Jy het destyds dieselfde van Percival Philip gesê, en ons was verplig om hom daaroor dood te skiet."

„Ag, Jean, jy is laf. Dit is nie daaroor dat hy geskiet is nie."

„Ek speel maar." Hy sug. „In elk geval, sit maar daardie formele trekkie op jou gesig, ons beweeg nou in die geselskap van die geliefde regeringsamptenare van die Kaap!"

Die koets het stilgehou. Die lakei spring rats van die kis af en laat die leertjie neer. Hy staan styf op aandag onderwyl die graaf De Moreaux stadig en statig uitklim en dan sy arm omhoog hou sodat sy verloofde daarop kan leun onderwyl sy uitklim.

Die goewerneur het ook pas sy verskyning gemaak en hy kom nou vinnig by die trappe af om die graaf tegemoet te gaan.

„A, graaf De Moreaux!" roep hy vriendelik uit. „Dit is aangenaam om jou weer te sien."

Jean maak 'n formele buiginkie en Willa 'n ligte kniebuiging. Die goewerneur neem haar hand, buig daaroor en streel dit met sy lippe.

„Vir jou sien ons darem nog so af en toe," sê hy aan haar en vervolg dan, onderwyl hy na die graaf kyk: „Sy kom dikwels my niggie, Patricia, besoek, maar 'n mens wonder hoekom jy so skaars is, graaf?"

„Ag, nou ja." Jean hou die fyn sakdoekie met die sykant liggies voor sy mond, amper asof hy 'n sug van verveeldheid wil verberg. „Daar is maar baie min opwinding in die stad en ek vind dit dus aangenamer om liewer in my tuin in die koelte van 'n boom te sit en lees."

Die goewerneur sê niks daarop nie, want almal weet dat

die graaf maar meesal binnenshuis bly en bowendien stil van geaardheid is. Nogtans voel Sy Eksellensie nie geaffronteerd deur die graaf se houding nie, want ten eerste is die graaf die rykste man in die Kolonie en ten tweede weet sy Eksellensie dat, sodra 'n mens hom eers aan die gesels kry, dit spoedig blyk dat hy een van die mees belese en interessante manne in die stad is.

„Maar, kom binne, graaf," nooi die goewerneur nou vriendelik. „Ek het so pas die nuwe kaptein laat roep aangesien die meeste van die gaste al aangekom het. Sy suster is reeds hier binne, en dit sal 'n voorreg wees om jou en jou verloofde eerste aan hulle bekend te stel."

Hulle stap met die trappe op en gaan by die groot voordeur in. In die voorsaal is reeds 'n menigte mense en Jean herken die meeste van hulle as hooggeplaatste inwoners van die Kaap of vooraanstaande boere.

Die goewerneur stap effens voor hulle uit na die ander kant van die saal toe. Meteens verstyf Jean se hand waar dit op Willa se arm rus, en sy kyk vinnig na hom toe op.

Hy leun effens nader aan haar onderwyl sy oë stip teen die oorkantse muur gevestig bly waar hy pas 'n jong meisie raakgesien het.

„Daar sit die meisie wat ek gisternag gered het," sê hy saggies.

Sy kyk onmiddellik ook in daardie rigting en sien vir Sylvia D'Southy met haar goue, glansende lokke en blou oë. Sy wil iets sê, maar Jean maak haar met 'n drukkie van sy hand stil.

„Vergeet dit nou eers, ons kan later daaroor gesels," waarsku hy haar.

Die volgende oomblik sien hy dat die goewerneur voor die meisie staan, en hy besef dat dit kaptein Marcus D'Southy

se suster moet wees. Sy staalgrys oë boor 'n paar sekondes skerp in hare, maar dan word hy bewus van sy strakke blik en besef dat hy 'n oomblik so verdiep in sy gedagtes was dat hy onwillekeurig sy gewone verveelde houding laat vaar het.

„Die graaf De Moreaux en sy verloofde, juffrou Willa Rossouw. Juffrou Sylvia D'Southy, suster van kaptein D'Southy wat gisteraand laat aangekom het," kondig die goewerneur aan.

Almal buig beleef en Jean de Moreaux sê galant:

„Regtig 'n aanwins vir die Kolonie, juffrou D'Southy. Ons hoop u sal baie gelukkig hier by ons wees."

Die goewerneur raak aan sy arm en hy kyk na daardie kant toe. Voor hom staan 'n man van omtrent sy eie lengte, met breë skouers, skerp donkerbruin oë en 'n prominente neus.

„Kaptein D'Southy, die graaf De Moreaux."

'n Oomblik staan albei stil voor hulle die kennismaking voltooi. Deur Grattan se brein flits daar honderde gedagtes. Van sy kant is Jean onmiddellik bewus van die noukeurigheid waarmee hy beskou word en wat hom soos 'n bliksemstraal tref, is die algehele gebrek aan ooreenkoms tussen die gelaatstrekke van hierdie man en die blonde jong meisie wat sy suster is. Dan buig hulle vir mekaar en 'n paar alledaagse opmerkings volg.

„Ja," sê Jean na 'n rukkie, „daar lê vir jou 'n moeilike taak voor, kaptein."

„Ek het nog nooit een teëgekom wat té moeilik was nie," antwoord Joseph Grattan.

Jean de Moreaux haal sy skouers op asof dit hom nie te veel aangaan nie. Maar hy word weer eens daarvan bewus dat hierdie man hom fyn betrag.

„Jou voorgangers het ook almal so gesê, kaptein D'Southy, maar ons neem aan dat Sy Eksellensie 'n volmaakte keuse gedoen het toe hy jou die aanstelling gegee het."

„Dit sal nie minder as my plig wees om so 'n kompliment te regverdig nie."

„Dit kom my voor asof die geleentheid jou spoedig gebied sal word, kaptein. Jy het op 'n baie ongemaklike tyd hier aangekom. Die boere murmureer oor sekere reëlings van Sy Eksellensie en ek hoor vanoggend dat ons geheimsinnige, byna legendariese kwaadstoker glo weer gisteraand sy verskyning gemaak het."

„Ek het dit ook reeds gehoor, graaf," sê Joseph Grattan en hy kan 'n tinteling van opgewondenheid nie uit sy stem hou nie. „Ek sal dit as my taak stel om hierdie euwel so spoedig moontlik te verwyder."

Jean de Moreaux lig sy fyn gekante sakdoek weer op en stof sy lippe liggies af. Sy staalgrys oë trek effens nouer en meteens, op onverklaarbare wyse, skiet die beeld van Percival Philip deur sy brein. Maar hy dwing die gedagte uit sy kop.

„Dit sal jou heelwat eer besorg, kaptein," sê hy droog. „Verskoon my, maar daar is seker baie ander gaste wat wag om jou te ontmoet."

Hulle maak albei 'n ligte buiginkie en Jean staan agteruit. Langs hom gesels Willa nog met Sylvia D'Southy en hy stap dus nou alleen verder. Hy het 'n ryk Stellenbosse boer alleen sien staan en maak nou van die geleentheid gebruik om 'n oomblik met hom te gaan gesels, want dit is sy beleid om, wanneer hy in die publiek is, nie te veel aandag aan die boeregemeenskap te gee nie. Hy sorg maar dat hy altyd aan die kant van die regering bly.

„A, mynheer Du Preez," groet hy die boer vriendelik.

Jasper du Preez buig formeel. Hy is 'n jong, vooruitstrewende man en speel 'n leidende rol in sy distrik. Hy het die graaf al 'n paar maal ontmoet en, was dit nie vir die feit dat die lui edelman hom gedurig aan die kant van die regeringsbeamptes geskaar het nie, sou hy nogal van die aantreklike, traak-my-nie-agtige vent gehou het.

„Ek is bly om u hier te sien, graaf," groet hy terug.

„Ja, maar soos jy weet, bly ek sommer hier naby. Dit is egter amper 'n verrassing om jóú hier te sien. Dit is tog nie moontlik dat 'n uitnodiging jou nog betyds daar op Stellenbosch kon bereik het nie."

„Ek het eintlik vanoggend vir sake hierheen gekom, graaf," antwoord Du Preez. „Ek twyfel daaraan of die uitnodiging wat vir my gestuur is, werklik bedoel was om my betyds te bereik. Maar 'n hele paar van ons is hier in die stad om die goewerneur te spreek in verband met sy voornemens om verdrae met die kaffers te sluit."

„Politiek, politiek!" roep Jean de Moreaux uit onderwyl hy sy skouers ophaal. „Dit lyk my daar sal nooit 'n einde aan die ou sakie wees nie."

„Vir ons is dit 'n baie ernstige saak, graaf. Dit mag die toekoms van die hele Kolonie beïnvloed, en die Oosgrensboere ons broers en susters, se lewens is reeds genoeg aan gevaar blootgestel."

„Ek verstaan," antwoord De Moreaux. „Maar as jy my sal verskoon, sal ek verkies om nie nou voor ete oor sulke sake te gesels nie; dit belemmer my eetlus."

Hy buig en stap in die rigting van 'n paar regeringsbeamptes. Du Preez kyk hom halfbejammerend agterna en haal dan sy skouers op. Hy het ernstiger sake om aan te dink as om hom oor sulke vervlakste luiaards te bekommer.

Jean sou graag alleen wou gewees het. Hy wil oor die

eienaardige voorval nadink. Gisteraand het hy Sylvia D'Southy onder sulke eienaardige omstandighede ontmoet en vandag moet hy agterkom dat sy Marcus D'Southy se suster is! Hy kan nou verstaan waarom sy nie haar identiteit aan hom wou openbaar nie. Sy het natuurlik gemeen dat, wie die Buiter ook al is, so 'n geheimsinnige man hom nie in die openbaar sal begeef nie en dat sy hom dus nooit weer sal ontmoet nie.

Op die oomblik het hy egter nie die kans om verder daaraan te dink nie. Die boere wat hier is, is almal baie ontevrede. Gisteraand het hy en Jacques hul verskyning in die dorp gemaak om die gemeenskap weer eens van die bestaan van die Buiter bewus te maak, en dit kom hom nou voor asof die boere oombliklik daarop reageer. Hy voel dus dat hy van sy kant af onmiddellik moet optree.

Hy stap op sy gemak tussen die mense deur en aan dié wat hom groet, deel hy mee dat hy 'n bietjie vars lug wil soek. Buitekant sien hy sy koets tussen die ander staan. Langsaan is André besig om iets aan een van die wiele te doen. Hy stap nader en leun teen die kant van die koets. Vlugtig kyk hy rond en sodra hy seker is dat niemand binne hoorafstand is nie, wink hy vir die ou man om nader te kom.

„Kyk, André," sê hy haastig, „dit is nou ons kans om 'n slag te slaan in verband met hierdie present-uitdelery. Ek wil hê jy moet dadelik, maar so ongemerk as moontlik, huis toe gaan en vier Buitermonderings hiernatoe bring. Bring ook vir Pierre en Philip saam en wag hier by die koets. Ek sal jou later weer kom spreek. Jy moet net gou maak, want ek wil hê dat ons ons reëlings klaar moet tref voordat die dinee begin."

Die getroue André wag nie 'n oomblik nie. Hy kan die

erns in sy meester se stem aanvoel en vertrek dus onmiddellik.

Jean gaan terug en na 'n rukkie sluit hy hom by Willa aan. Hulle bevind hul tussen 'n groep mense en kry dus nie 'n geleentheid om alleen te gesels nie.

Sodra hy vir Jacques en Elmien binne sien kom, stap hy in hul rigting, maar voordat hy hulle kan bereik, is hulle reeds voor Marcus en Sylvia D'Southy.

„M'sieur Jacques de la Fay en sy vrou; kaptein D'Southy en juffrou Sylvia D'Southy," kondig die goewerneur aan. Almal buig beleef en 'n paar oomblikke gesels die gaste met die kaptein en sy suster. Dan, as Jacques hom omdraai, sluit Jean hom hy hulle aan. Onderwyl hulle oorstap na Willa toe, sê Jean haastig, maar met 'n glimlag om sy lippe asof hy oor die weer gesels:

„Ek het André gestuur om Buiterklere te gaan haal. Ek wil net in die openbaar 'n waarskuwing aan die goewerneur aflewer. Jou hulp sal egter nie nodig wees nie; jy moet net jou oë goed oophou." Hy aarsel 'n oomblik. „Verder is daar iets baie snaaks aan die gang. Daardie meisie aan wie jy so pas bekend gestel is, is die een wat ek gisteraand uit die greep van die soldaat losgeruk het."

Jacques kyk vinnig na hom, maar hulle is reeds by die ander mense en kan die gesprek dus nie voortsit nie.

Twintig minute later word daar aangekondig dat die ete sal begin. Almal maal nog in die voorsaal rond en Jean maak van die geleentheid gebruik om by die deur uit te glip. Voor die Kat onder die trappe staan André en wag. Sodra Jean by hom kom, gee hy sy bevele vinnig af. André luister aandagtig en stap dan na die koets toe terug.

'n Uur later sit die gaste nog om die groot tafels in die ruim eetsaal van die Kasteel. Die nagereg is pas bedien en

die goewerneur leun oor na Grattan, wat 'n entjie van hom af sit.

„Ons verwag dat jy netnou 'n paar woorde sal sê, kaptein. Ek hoop nie dat ons Kaapse wyn jou spraakvermoë aangetas het nie, want jy is seker nie daaraan gewoond nie."

Almal in die omtrek lag vir die geestige aanmerking van die goewerneur, maar die graaf De Moreaux kyk meteens in Jacques te rigting. 'n Oomblik ontmoet hul oë, en dan hoes Jean meteens hard asof hy verstik het. Almal kyk in sy rigting, Sy Eksellensie verneem dadelik of hy nie wel voel nie en of daar miskien van die kos is wat nie met hom akkordeer het nie.

„Ek het net verstik," hyg Jean tussen die hoes deur. „As u my 'n oomblik sal verskoon. . . ." Hy hoes weer.

„Seker, graaf. U ken die Kasteel; u kan van my privaatkamers gebruik maak as u so voel."

„Dankie, Eksellensie." Jean staan op en maak 'n ligte buiginkie. Dan verlaat hy, nog steeds hoesend, die vertrek. Dinge kon hom nie beter gepas het nie, want hy het juis met André gereël om hom dáár in te wag. As die goewerneur dit nie self aangebied het nie, sou hy self gevra het of hy gou daarheen mag gaan.

In die saal staan die goewerneur op. Hy hou sy hand omhoog en roep om stilte. Sodra almal se aandag op hom gevestig is, maak hy sy keel skoon.

„Kaptein D'Southy, juffrou D'Southy en vriende, ek wil graag 'n paar woorde aan julle rig waar ons nou almal hier vergader is. Eerstens verwelkom ons die nuwe aankomelinge in die Kolonie. Ek is ook nog maar kort hier, maar ek het reeds gevind dat dit 'n gelukkige tuiste kan wees."

'n Paar van die boere by die ander tafels kyk na mekaar, maar sê niks.

„U aankoms het egter op 'n effens ongeleë tyd geskied. Ek moet so gou moontlik na die Oosgrens vertrek om opdragte van lord Glenelg uit te voer. Daar is van ons, selfs hier teenwoordig, meen ek, wat voel dat dit nie die regte ding is nie, maar ek sal natuurlik my bevele uitvoer en geen teenstand duld nie."

Almal in die vertrek kyk onderlangs na mekaar. Dit is duidelik dat die goewerneur van hierdie geleentheid gebruik maak om almal vriendelik te waarsku dat hy van plan is om hul weerstand met geweld te onderdruk. Van waar Grattan sit, kan hy feitlik die hele vertrek sien, en hy probeer om die uitdrukkings op die verskillende gaste se gesigte te lees. Hy voel geïrriteerd dat die graaf De Moreaux nou juis op daardie tydstip die vertrek moet verlaat het, want hy sou graag op daardie oomblik in die man se oë wou kyk.

Voor die goewerneur kan vervolg, staan Jasper du Preez op. Hy kyk na die goewerneur.

„Eksellensie!" roep hy uit, „aangesien u nou hierdie saak aangehaal het, voel ek dat dit nogal nie onvanpas sal wees om u te vra of u persoonlik dink dat dit die regte ding is om te doen nie."

Daar is meteens stilte in die eetsaal. Niemand het verwag dat iemand die moed sal hê om die goewerneur so iets te vra nie.

„Meneer Du Preez," antwoord die goewerneur streng, „wat my persoonlike mening is, maak nie hier saak nie. As jy so graag wil weet, kan ek jou maar meedeel dat ek wel ten gunste daarvan is; en al was ek nie, sou ek die bevele van die Britse regering nogtans uitgevoer het. Ons is almal onderdane van sy Majesteit en ons sal aan sy kleinste wens uitvoering gee."

„Nie wanneer dit tot nadeel van die Kolonie is nie."

Almal swaai verskrik om. Die goewerneur se mond sak stadig wyer oop en hy verval in verslae stilte. Willa Rossouw se hand gryp na haar bors, want selfs sy het hierdie wending nie verwag nie. Jacques de la Fay probeer om net so verras soos die res van die geselskap te lyk.

Joseph Grattan voel die bloed vinniger deur sy are vloei. 'n Gloed van veglustigheid styg in hom op, soos in 'n wilde dier wat skielik op sy prooi afkom. In die stilte wat heers nadat die vreemde stem soos 'n sweep deur die vertrek geklap het, verstyf sy spiere en lig hy hom stadig uit sy stoel uit op, maar hy sak weer terug toe 'n pistoolloop in sy rigting swaai.

D'Arcy Cunningham is die eerste om uiting aan sy gevoelens te gee. Hy spring orent en met 'n wanhopige gebaar gooi hy sy arms in die lug in op.

„Die Buiter!" gil hy luidkeels uit en sak dan in 'n floute op die vloer neer. 'n Paar gedempte gille volg op sy uitbarsting, maar spoedig is daar weer algehele stilte.

In die groot deur wat van die voorsaal af lei, staan drie swart geklede, gemaskerde gestaltes. In elke hand is 'n pistool wat op die geselskap om die eettafels gerig is. Een van die drie staan effens voor die ander twee; en blykbaar is dit hy wat gepraat het. Van die gesigte van die drie mans kan bykans niks gesien word nie en aan hul liggame is niks oortolligs nie — net noupassende swart fluweelhemde en -broeke wat hul bene bedek tot teenaan die swart veldsandale.

„Aangesien julle almal blykbaar jul tonge verloor het, sal ek maar vervolg," sê die man wat D'Arcy as die Buiter herken het. „Ek wou net graag in die openbaar dit sê: Ek sal Sy Eksellensie nie aanraai om voort te gaan met die uitdelery van geskenke nie."

Die goewerneur het intussen stadig sy selfbeheersing herwin. Half hakkelend probeer hy nou sy status handhaaf.

„Is jy gek!" hyg hy, „om met sulke belaglike dreigemente hier in te bars?"

„Geensins," antwoord die Buiter, „maar ek kan u dit nie kwalik neem dat u my nie mooi verstaan nie. U voorgangers het wel deeglik geleer om my begeertes in aanmerking te neem. Wanneer ek 'n waarskuwing gee en dit word nie eerbiedig nie, volg ek dit onmiddellik met handeling op. Ek sal u dus aanraai om my wense nie te veronagsaam nie."

„Ek sal hierdie inmenging nie duld nie!" roep die goewerneur uit. „D'Southy, doen jou plig, vang hierdie indringers! Roep die wagte!"

Die Buiter lag bedaard en met 'n bietjie leedvermaak.

„Ek is bevrees dat die jong kaptein maar liewer moet bly sit," sê hy sag, en tog is daar die snydende hardheid van 'n bevel in sy stem. Grattan, wat 'n oomblik nie geweet het watter koers om in te slaan nie, besluit om nie te roer nie.

„Dit sal u nie help nie, Eksellensie. Die deurwag is aan die slaap en die bediendes sal nie te voorskyn kom voordat julle die tafel verlaat nie. As iemand hardop skree of roep, sal hy met sy lewe daarvoor boet."

„Dink jy ek sal na jou luister?" gil die goewerneur dit weer uit.

„Dit sal jammer wees as u dit nie doen nie," sê die Buiter sag. „U weet seker wie ek is, en u het seker al baie van my gehoor. Ek hou nie van bloedvergieting nie — trouens, dit is die groot rede waarom ek hierdie geskenk-aandraery wil belet. In die verlede het daar al meermale sulke krisisse in hierdie jong kolonie ontstaan en as u navraag doen, sal u uitvind dat ek elke keer my beskeie rol gespeel het. Ek is van plan om dit nou weer te doen. Ek waarsku u dus voor

al hierdie getuies dat ek alles in my vermoë sal doen om te verhoed dat u met die vrag geskenke die Oosgrens bereik."

„Die man is gek!" bulder die goewerneur. „D'Southy...."

Voordat hy kan klaarpraat, skree die Buiter meteens luidkeels:

„Eksellensie, kyk agter u!"

So dringend is sy stem dat die Goewerneur hom onwillekeurig omdraai. Terselfdertyd kyk almal langs die groot tafels in die rigting van die deure wat na die kombuis toe uitloop. 'n Oomblik is daar algehele stilte. Dan, meteens, besef Grattan dat een van die oudste en eenvoudigste streke op hulle uitgehaal is. Hy kyk terug na die groot binnedeure toe, maar nog voordat hy die leë opening sien, het hy reeds besef dat die drie gemaskerde indringers nie meer daar is nie. Die res van die geselskap volg sy blik en diepe ontsag vir die geheimsinnige Buiter sak op hulle neer.

Grattan se stoel kners en skuur oor die vloer.

Hy spring orent en, met 'n hees uitroep van woede, storm hy in die rigting van die deur. Daar steek hy vas. Hy is onbekend met die Kasteel se kamers en gange en besef dat dit hom nie sal help om blindelings rond te hardloop nie.

Agter hom bulder die goewerneur:

„Vang hulle, D'Southy; dis jou eerste opdrag. Bring hulle terug, lewendig of dood."

'n Gebrom van stemme styg uit de skare op. Almal praat tegelyk. Net die groepie boere om die een tafel is stil, en om elkeen se lippe is daar 'n glimlag van tevredenheid. Hulle voel asof hul saak reeds gered is.

Grattan staan in die deur. Hy gehoorsaam nie onmiddellik die goewerneur se bevele nie. En dan, onderwyl hy huiwer, dreun perdehoewe meteens buite in die binneplaas van die Kasteel. Hy luister aandagtig. 'n Paar uitroepe

volg, en dan 'n enkele geweerskoot. Daarna sterf die geklap van die perdehoewe in die verte weg. Vir oulaas hoor hy nog hoe dit hol weerklink waar hulle onder die Kasteelpoort deurgaan.

Grattan staan nog steeds roerloos in die deur. Deur sy brein flits 'n honderd gedagtes. Die Buiter is die graaf De Moreaux, en die graaf De Moreaux het 'n paar minute voor die verskyning van die Buiter opgestaan en die eetsaal verlaat. Nou sal hy moet terugkom, as hy die geheim van sy identiteit wil bewaar. Daar was drie man hier in die deur. Twee het so pas hier uit die Kasteel ontsnap. Die Buiter is die derde. Al wat hy moet doen, is om te wag totdat De Moreaux terugkom.

„Waarvoor wag jy, D'Southy?" roep die goewerneur ongeduldig uit. „Hoekom staan jy so besluiteloos daar? Gaan uit, sit hulle agterna, moenie dat hulle ontvlug nie!"

Maar nog huiwer Grattan. Die Buiter moet hom iewers ontklee en weer sy gewone klere aantrek. Miskien sal hy sy gewone klere bo-oor die Buitersgewaad aantrek. Skielik besef hy dat dit beter sal wees as hy eers uitgaan en vasstel hoeveel ruiters ontvlug het. Dan sal hy genoegsame rede hê om die graaf De Moreaux aan 'n ondersoek te onderwerp. Hy moet eers die bewys hê.

Hy spring weg en hardloop na buite. Hy spring by die Kat af en storm oor die binneplaas. Hy voel opgewonde. Hy kan dit byna nie glo dat hy op die dag ná sy aankoms reeds soveel welslae gaan gehaal nie. Uitasem kom hy by die poort aan waar 'n paar soldate en 'n sersant na buite staan en kyk.

„Waarvoor wag julle? Hoekom het julle nie reeds perde opgesaal en hulle agternagesit nie?"

„Hulle is te onverwags en te vinnig hier deur, kaptein.

Hulle is hier regs om in die rigting van die strand. Ons sal hulle nie kan inhaal nie." Die sersant staan op aandag. Hy is al lank by die Kasteel en het vantevore reeds met Buiterstrooptogte te doen gehad. Hy weet wanneer die saak onmoontlik is.

Tot sy verligting dring die kaptein nie verder aan nie.

„Hoeveel man is hier deur?" vra hy.

„Drie, kaptein."

'n Oomblik kyk Grattan hom oorbluf aan, sy gesig 'n toonbeeld van verslaentheid. Dan trek sy mondhoeke wreed na onder; sy oë blits gevaarlik.

„Is jy blind, kêrel?" hyg hy dit uit. „Ek vra jou hoeveel van die swart geklede ruiters hier deur is."

„Drie, kaptein. Ons het hulle almal gesien." Die sersant deins effe terug voor die woede in die oë van die nuwe kaptein.

Grattan herwin stadig sy selfbeheersing. Hy besef dat hy hier met 'n teenstander te doen het wat hy nie moet onderskat nie. En dan, skielik, dring die oplossing tot hom deur. Daar was natuurlik 'n vierde man buite iewers versteek. Moreaux moet dus nog binne-in die kasteel wees. Hy moet iewers besig wees om hom te verklee, en hier staan hy, Grattan, soos 'n swaap sy tyd en verspeel. Soos 'n besetene spring hy om en hardloop terug na die Kat toe. Met twee spronge is hy by die voordeur in, op pad na die goewerneur se kwartiere. Met die verbygaan sien hy die deurwag onder 'n bank lê; hy neem aan dat die Buiter se handlangers hom bewusteloos geslaan en daar ingesleep het.

Hy ken hierdie deel van die Kasteel. Hy stamp die deur van die goewerneur se privaatsitkamer oop, maar dit is leeg. Hy hardloop deur na die slaapkamer toe, maar ook dit is

leeg. Alles is netjies en aan die kant. 'n Paar minute later stap hy weer by die eetkamer in.

Dit is soos hy verwag het. Die graaf De Moreaux sit op sy plek aan die tafel. Hy is op daardie oomblik druk in gesprek met die goewerneur. Grattan stap stadig binne. Hy voel 'n magtelose woede in hom opstyg, want hy besef dat hy inderdaad uitoorlê is.

Jean de Moreaux waai met sy sakdoek voor sy gesig. Hy doen dit met 'n moeë, halfverveelde gebaar, maar in werklikheid is hy effens warm van die inspanning. Vandat hy vroeër die eetsaal verlaat het, moes hy 'n paar baie vinnige verwisselinge van mondering uitvoer.

„En dit, graaf," vervolg die goewerneur, „is wat gebeur het. Dit is een van die vermetelste, parmantigste dinge wat ek nog ooit beleef het. Hulle stap jou wringtigwaar in die helderdaglig hier in en weer hier uit; en hier sit ons tussen die ontsaglike klipmure wat krioel van soldate — die een so nutteloos soos die ander!" Hy kyk op en bespeur Grattan wat pas nader gekom het.

„Wel, D'Southy, wat het gebeur?" vra hy met ergernis in sy stem.

Grattan antwoord nie dadelik nie. Sy oë rus 'n oomblik stil in dié van die graaf De Moreaux. Maar dit is asof Jean nie eens van die blik bewus is nie. Hy gee voor dat hy hom nie in die minste bekommer oor wat gebeur het nie, maar weer eens voel hy daardie prikkelende waarskuwing — soos wanneer iemand skielik die gesis van 'n slang digby hom hoor.

„Hulle het ontsnap, Eksellensie," antwoord Grattan stadig.

„Ontsnap? Het julle hulle agternagesit?"

„Die sersant deel my mee dat dit nutteloos is. Ons sal hulle nooit kan inhaal nie."

'n Oomblik lyk dit asof die goewerneur beroerte gaan kry. Die are langs sy slape swel asof hulle wil bars.

„Soldate!" bulder hy uit. „'n Hele garnisoen van hulle, en drie mans stap hier in asof hulle 'n klomp voëlverskrikkers op 'n land is waar die voëls na hartelus kan plunder. Wat doen hulle? Slaap hulle? Hoe het hierdie Buiter in die eerste plek hier ingekom? Hoekom het niemand hulle sien binnekom nie?"

Hy aarsel. Stadig verdwyn die vlam van woede uit sy oë. Hulle trek nou asof hy meteens 'n ingewing gekry het. Hy kyk in die rigting van die tafel waar die paar boere die toneel bedaard sit en gadeslaan.

„Daar is een van hulle, D'Southy," sê die goewerneur dan kalm en onheilspellend. „Neem dadelik vir Jasper du Preez in hegtenis. Hy het doelbewus ons aandag afgetrek om daardie skurke die geleentheid te gee om hier in te kom."

Almal kyk verskrik na Sy Eksellensie. Grattan hoor die bevel, en selfs hy besef dat dit heeltemal onredelik is, maar tegelykertyd weet hy dat die goewerneur nie die minste teenstand sal duld nie. Die paar boere het intussen almal orent gekom en staar die goewerneur sprakeloos aan. Die uitdrukkings op die gesigte van die gaste toon so duidelik dat hulle hierdie opdrag afkeur, dat die goewerneur 'n oomblik daaraan twyfel of hy die regte ding gedoen het. Maar dan merk die graaf De Moreaux droog op:

„Ek twyfel ook nie daaraan nie, Eksellensie, hulle is almal kop in een mus."

Hierdie ondersteuning moedig die goewerneur aan en onmiddellik verset hy hom teen die gevoelens van die ander rondom hom.

„En ek hoop dat julle almal nou sien in watter ernstige lig ek die saak beskou. Enige daad of woord teen die uitvoering van my bevele sal as hoogverraad beskou word. Doen jou plig, D'Southy."

Onderwyl Grattan nader stap, draai Du Preez hom na sy vriende toe. Hulle gesels 'n paar oomblikke; dan neem die boere hul vrouens en sonder 'n woord verlaat hulle die vertrek. Du Preez self wag tot Grattan by hom kom en stap dan saam met hom na buite.

Grattan kyk hom verbaas aan en sê:

„Blykbaar maak dit aan jou nie veel saak om 'n rukkie op regeringskoste by ons te vertoef nie."

„Glad nie," antwoord Jasper du Preez. „Ek is heeltemal oortuig dat dit net 'n rukkie sal wees."

„Wat bedoel jy? Verwag jy dat jou vriende jou sal red?"

„As 'n mens die Buiter my vriend kan noem, alte seker." Grattan antwoord nie; hy stap in stilte voort.

Agter hulle draai die goewerneur hom na die graaf De Moreaux toe.

„Ek het al baie stories van hierdie Buiter-vent gehoor, maar dat ek 'n dag soos vandag sou belewe, het ek nooit kon dink nie. Maar ek kan jou verseker, graaf, ek sal 'n klopjag op tou sit soos die Kaap nog nie gesien het nie, al moet ek ook elke boer van hier tot by die Keiskamma in hegtenis neem!"

HOOFSTUK SES

Die kroeg van die *Old Coast Inn* is tot oorlopens toe vol. Matrose, inwoners van die Kaap en selfs 'n paar rondlopers verdring mekaar om by die toonbank te kom. Hulle skree op die kroegbaas en sy helper en gaan staan dan teen die mure van die vertrek om hul drankies te geniet.

Pierre, een van die graaf De Moreaux se bediendes, staan langs die toonbank. Hy het met moeite deurgedruk tot daar en probeer nou om ou Martin se aandag te trek. Na 'n rukkie kry die herbergier 'n bietjie rus en nadat hy Pierre van 'n skinkbeker bier voorsien het, staan hy by hom en gesels.

„Jy is vandag vroeg hier, Pierre," merk hy op.

„Ja," antwoord Pierre, „ek het die middag vry."

„Ek verstaan jou baas was ook vanmiddag by die eetmaal toe die Buiter daar ingebreek het. Wat kan jy my vertel? Ek het al soveel stories gehoor dat ek nie eintlik weet wat om te glo nie."

„Jy vra verniet vir my," sê Pierre. „Ten eerste weet jy goed genoeg dat die graaf nie in die minste geïnteresseerd is in die eskapades van daardie skurk nie, en ten tweede behoort jy ewe goed te weet dat hy sy persoonlike sake nie met my sal bespreek nie."

„Hulle sê dat hy die eerste persoon in die saal was wat die goewerneur se optrede gesteun het. Blykbaar hou hy ook nie van die boere nie."

„Hoekom sal hy? Hy gaan nooit met hulle om nie."

„En tog is hy aan Willa Rossouw verloof. Dit is darem eienaardig hoe blind die liefde 'n mens kan maak. Of watter ander rede is daar, dink jy, dat hy met 'n dogter uit die boeregemeenskap wil trou hoewel hy so sterk teen hulle gekant is?"

„Nee wat, Martin, ek sal jou nie kan sê nie. Daar is baie dinge wat 'n mens seker nooit van hom sal verstaan nie. Soos jy weet, is hy maar stil van geaardheid; en as hy ooit iewers heengaan, dan lyk dit of hy enige oomblik kan omkap van verveeldheid en vaakheid."

„En was jy vanmiddag saam met hom na die Kasteel toe?" vra ou Martin verder.

„Ek het hom daarheen geneem, ja. Hoekom?"

„Het jy die nuwe kaptein en sy suster gesien?"

„Nee, hoekom?"

„Hulle het mos gisteraand hier in my herberg oorgebly. En ek was sowaar nie eens daarvan bewus nie — het dit vanoggend eers uitgevind!"

„Jy speel!" roep Pierre uit. „Is dit regtig so?"

Voordat ou Martin kan antwoord, druk 'n man langs Pierre in. Hy kyk om en herken die winkelier, Larry Gibbons. Hy ken hom egter maar swak en begroet hom dus net met 'n knik. Ou Martin draai hom na Larry toe en vra hom wat hy wil drink.

„'n Beker bier," versoek Gibbons. „Maak tog gou, ou kêrel. Ek is dors."

„Seker." Ou Martin draai hom om en tap 'n beker vol uit die vaatjie bier. Sodra hy dit voor Gibbons neergesit en die muntstuk opgetel het, wend hy hom weer tot Pierre.

„Ja," vervolg hy, „soos ek sê, het hulle gisteraand maar laat hier aangekom."

„Net hulle twee?" vra Pierre.

„Nee, daar was drie, maar ek het eintlik nie veel van hulle te sien gekry nie. Breggie het die meeste van die tyd met hulle te doen gehad."

„O so! En wat kan jy my alles van hulle vertel?"

„Nie veel nie. Hulle het blykbaar met Wycliffe se *Southern Swan* aangekom, maar hy was begerig om met die noordewind om Kaappunt te kom en het hulle toe net aan wal gesit en weer voortgegaan."

„Jy sê daar was drie van hulle?"

„Ja, die ander een was nogal in uniform, maar ek weet glad nie wie hy is nie. Hy is vanoggend baie vroeg weer weg."

Pierre antwoord nie dadelik nie. Hy staan 'n oomblik ingedagte.

„O so," sê hy dan. „En wat het verder gebeur?"

Langs hom kyk Larry Gibbons 'n slag in sy rigting. Daar verskyn 'n ligte frons op die smokkelaar se voorkop.

„Man, nee, die beste sal wees as jy maar 'n bietjie met Breggie loop gesels. Jy was buitendien lank laas by haar en sy sal jou graag weer wil sien."

„Ja, dit is nogal 'n gawe plan. Ek sal Breggie ook graag weer wil sien."

„Nou maar goed. Verskoon my tog, daar roep iemand weer."

Met 'n vriendelike groet draai Pierre hom om en stap by die deur uit na die klein voorportaal. Hy stap na die klein venstertjie teen die oorkantse muur en kyk daardeur. Binnekant, agter 'n tafel met 'n paar boeke voor haar, sit die herbergier se vrou, Breggie.

„Ha! Goeiemiddag, Pierre!" roep sy verras uit toe sy hom sien.

„Middag, Breggie. Hoe gaan dit nog?"

„Nee, ek kan nie kla nie. Daar het vandag weer so baie dinge gebeur dat 'n mens nie eintlik tyd kry om te kla nie. Die Buiter is mos weer hier en ek verstaan ook die boere is glo omgekrap oor die goewerneur se planne met die geskenke."

„Ja, en dan het die nuwe kaptein en sy suster ook nog aangekom."

„Ja!" roep Breggie uit. „En jy weet seker dat hulle gisteraand hier gebly het?"

„Ek het so gehoor."

„Man, ek het so geskrik. Hulle kom skielik hier in, die drie van hulle. . . ."

„Drie?" vra Pierre weer.

Op daardie oomblik gaan die deur agter hom oop, en Larry Gibbons kom uit. Pierre is egter onbewus van hom en kyk nie eens in sy rigting nie. Gibbons stap stadig oor die voorportaal na die voordeur se kant toe.

„Daar was drie," antwoord Breggie. „Die een het 'n uniform aangehad, so'n blonde jong man; dan was daar die meisie, wat blykbaar juffrou D'Southy is, en die kaptein self, in gewone klere. Hy is 'n langerige donker man, maar kortaf! Ek het nog nooit vantevore so iets beleef nie."

„Kortaf? Bedoel jy onbeleef?"

„Wel, nee, 'n mens kan dit nie sê nie, maar beslis nie baie vriendelik nie. Miskien is dit maar die gewoonte van sulke mense."

„En wat het toe van die ander man geword?"

„Ek weet nie. Gisteraand nadat hulle reeds na hulle kamer toe was, het kaptein D'Southy en die ander jong man kom vra waar hulle die huis van Larry Gibbons kan kry.

Ek het hulle toe beduie en hulle is hier uit. Daarna het ek hulle ook nie weer gesien nie."

Met hierdie antwoord van die herbergier se vrou nog luid in sy ore, glip Larry Gibbons by die voordeur uit. Hy voel oortuig dat die jong Fransman besig was om speurwerk te doen. Hy probeer die gedagte uit sy kop te sit, want hy kan geen rede hoegenaamd vind waarom 'n bediende van die graaf De Moreaux in die aankoms van D'Southy en sy suster sal belang stel nie.

Hy is egter 'n geslepe kalant en het al geleer om niks wat verdag lyk oor die hoof te sien nie. Hy stap vinnig met die straat op in die rigting van sy winkel.

„Gaan alles goed?" verneem hy kortaf van die klerk toe hy vyf minute later by sy winkel instap.

„Ja, meneer."

„Baie kliënte?"

„'n Paar meneer."

Gibbons steur hom nie verder aan die man nie. Hy stap tot agter die toonbank en gaan sit agter die tafel waarop sy rekeninge lê. Maar hy kyk nie daarna nie, hy dink nog steeds aan Pierre se skynbaar onverklaarbare belangstelling in die vreemdelinge.

Skielik staan hy op en gaan by die voordeur uit. Hy stap om die hoek tot by die nou gangetjie agter die winkel. Binne, teen die agterste muur, is 'n verroeste ysterdeur wat gegrendel is. 'n Groot slot hang voor die dwarsbalk. Ná 'n oomblik se gesukkel kry hy die swaar sleutel daarin en draai dit oop. Die skarniere skreeu en kners toe hy die deur oopstoot; dit is duidelik dat dié ingang maar min gebruik word. Hy druk die deur weer agter hom toe en gaan met die halfklam kliptreetjies ondertoe. Hy haal 'n tonteldoos uit sy sak en trek 'n vuurslag. Terwyl hy dit voor

hom hou, tel hy die olielampie op wat langs die onderste treetjie staan, en steek dit aan. Sodra dit brand, hou hy dit omhoog en kyk oor die klam klipvloer na die oorkantse hoek waar D'Southy teen die muur sit. Hy stap nader.

„A ha!" sê hy. „Nog hardkoppig, nè?" Hy kyk na die bord pap en brood wat tussen hom en die gevangene staan. „Maar toe maar, jy sal gou genoeg huil oor kos."

Marcus D'Southy kyk op. Hy knip sy oë herhaaldelik om aan die vir hom verblindende lig gewoond te raak. Hy wend geen poging aan om op te staan nie, alhoewel hy dit gemaklik kan doen, want die ketting wat om sy enkel vasgeslaan en in die muur vasgeanker is, laat hom heel wat beweegruimte.

„Waar is my suster, en waar is Grattan?"

„Jy wil graag weet, nè? Wat wil jy miskien doen as jy weet?" 'n Grynslag speel om Gibbons se lippe.

„Vuilgoed, wat het julle met haar gemaak?"

Gibbons lag.

„Ek sal jou sê, D'Southy, maar dan wil ek iets van jou ook weet. Kom ons tref 'n ooreenkoms."

„Ooreenkoms!" D'Southy spoeg met veragting op die vloer.

„Hoekom spoeg jy?" vra Gibbons droog. „Jy ken my nie eens nie. Miskien is ek jou beste vriend. Jy weet dit nie."

D'Southy verseg om te antwoord.

„Sê my wat julle die aand alles by die *Old Coast Inn* gedoen het. Hoeveel mense het julle daar gesien, veral vir jou in uniform? As jy my dit vertel, sal ek jou inligting aangaande jou suster gee."

„Waar is sy?" D'Southy probeer vasstel waarom dié man, wat hy maar vir die eerste keer gesien het toe hy van-

oggend die brood en pap gebring het, so graag wil weet wat die aand in die *Old Coast Inn* gebeur het. Maar sy brein voel moeg en dof en hy kan nie helder dink nie.

„Sê my eers deur wie almal julle gesien is."

„Almal. Ek het deur die volgepakte kroeg gestap. Hulle het my almal gesien."

„Jy lieg!" bars Gibbons uit. „Wie was by toe julle na my adres verneem het?"

„Almal was daar. Ons het dit hardop in die kroeg gevra."

„Ek sê jou weer jy lieg. As jy wil weet of dit goed gaan met jou suster, sal dit jou baat om eerlik te wees."

„Eerlik! Jy weet nie wat die woord beteken nie."

„Ek sal jou aanraai om liewer te praat, D'Southy. Jy is in my mag, en hierdie hardkoppige houding sal jou niks in die sak bring nie."

D'Southy kyk op die vloer voor hom. Hy antwoord nie.

„Gaan jy praat, of nie?"

Daar is 'n onheilspellende klank in Gibbons se stem, maar D'Southy kyk nie eens op nie. 'n Oomblik staan die smokkelaar stil. Die lamp wat hy nog bo sy kop hou, bewe in sy hand. Dan draai hy hom om en sit die lamp op die vloer neer. Hy stap oor na die anderkantse muur, tel 'n lang plank tussen 'n klomp rommelary op en stap terug tot voor die jong kaptein wat hom nou kalm sit en aankyk!

„Ek vra jou vir die laaste keer om te praat."

D'Southy antwoord nie. Die volgende oomblik word die plank omhoog geswaai, en D'Southy gooi sy arms net betyds beskermend bo sy kop, maar hy kantel nogtans eenkant toe toe die skerp kant van die stuk hout hom oor die voorarm tref.

„Gaan jy praat?" Gibbons se stem bewe van woede.

D'Southy het weer orent gekom en hy hou sy arms half in die lug voor hom, gereed om die volgende hou te probeer afweer. Hy kyk onbevrees in die twee blitsende oë wat so na aan mekaar in die kop van die man voor hom sit.

Weereens gaan die stuk hout omhoog en weer eens slinger dit D'Southy teen die grond. En dan, voordat hy orent kan kom, tref die plank hom in die ribbes. Weer 'n keer, en nog 'n keer. Hy voel meteens 'n snydende pyn in sy sy. Dis asof een van sy ribbes gebreek en deur sy vleis gedruk word.

Terselfdertyd smyt Gibbons die stuk hout verwoed van hom af weg, gryp die olielamp en stap na die treetjies toe.

Toe hy enkele oomblikke later die ysterdeur van buite af toetrek, tref 'n beweging regs van hom sy oog. Hy swaai hom om en kyk in daardie rigting en is net betyds om die gestalte van 'n man by die opening van die nou gangetjie te sien uit hardloop.

Gibbons swets. Dinge begin nou lelik lyk....

Hy stamp die swaar dwarsbalk in posisie en druk die slot vinnig toe. Dan storm hy in die gangetjie af. Net voor hy uitgaan, bedwing hy hom egter en stap vinnig, maar bedaard om die hoek.

Oorkant die volgende dwarsstraat sien hy 'n man vinnig aanstap. Hy herken hom onmiddellik. Dit is Pierre, die Franse bediende van die graaf De Moreaux.

Pierre kyk nie om nie. Hy voel lus om te hardloop, want hy besef dat, as Gibbons hom in die straat sien uitgaan het, hy tot die gevolgtrekking moet gekom het dat hy (Pierre) hom gesien het. Hy is egter nie seker daarvan nie en wil dus nie onnodig agterdog wek nie.

'n Rukkie later draf hy die trappe voor die graaf De Mo-

reaux se woning op. Hy druk die voordeur oop, stap vinnig oor die dik tapyt in die gang en klop liggies aan die sitkamerdeur.

„Binne!"

Hy stap in. In die sitkamer is Jean de Moreaux en sy verloofde, asook Jacques en sy vrou Elmien. Hulle kyk almal op toe Pierre die vertrek binnekom.

„Wel, Pierre, wat het jy uitgevind?"

„Ek weet nie, m'sieur; dit wil sê, ek weet nie of dit van enige belang is nie."

„Ek sal oordeel wat die waarde van jou inligting is."

„Ja, m'sieur. Ek het uitgevind dat daar gisteraand twee mans en 'n dame by die *Old Coast Inn* aangekom het. Sover ek kan aflei, is die dame juffrou D'Southy. Dan was daar 'n lang, donker man, haar broer, en ook 'n blonde man in uniform. Hulle het na hul kamer gegaan en 'n rukkie later weer afgekom, dit wil sê, die twee mans. Hulle het verneem waar Larry Gibbons, die winkelier, woon en is toe uit. Volgens die herbergier se vrou het hulle reeds vroeër in die aand gesê dat die blonde man baie vroeg vanoggend sou vertrek, en volgens haar het sy hom ook nie weer gesien nie."

„Wanneer het sy hom laas gesien?"

„Nadat hulle verneem het waar Larry Gibbons woon, m'sieur."

„En wie is hierdie Larry Gibbons, Pierre?" verneem Jean.

„Ek dink hy is 'n winkelier," kom dit van Jacques. „Ek het al die naam hier onder iewers op 'n muur gesien."

„Ja, dit is reg!" roep Willa uit. „Ek het dit ook al gesien."

„Weet jy, Pierre?"

„Ja, m'sieur. M'sieur Jacques is reg. Hy ís 'n winke-

lier. Ek het hom daar in die kroeg gesien onderwyl ek met Martin gepraat het."

„En het hy jou gehoor?"

„Ek weet nie, m'sieur. Ek het in daardie stadium nie besef dat daar enige verbintenis tussen hom en die drie vreemdelinge was nie."

„En toe?"

„Toe ek nou in die straat opkom om u te kom vertel, het ek hom by 'n gangetjie agter sy winkel sien ingaan. Ek het skielik besluit om hom te volg, maar toe ek by die gangetjie inkyk, was hy nêrens te sien nie. Ek het daarin afgeloop en op 'n groot ysterdeur afgekom. Daar het ek gestaan en wag. Toe hy terugkom, het ek laat spaander. Blykbaar is daar 'n kelder onder die winkel wat hy as pakplek gebruik."

„En het hy jou toe gesien?"

„Ek weet nie, m'sieur. Ek dink nie so nie."

„Nou maar goed, Pierre, baie dankie, hoor!"

Jean sit 'n oomblik ingedagte nadat Pierre die vertrek verlaat het. Dan draai hy hom na Jacques toe: „Ek dink dit sal raadsaam wees om vroeër of later daardie pakplek te ondersoek."

„Maar wat op aarde verwag jy om daar te vind, Jean?"

„Dit maak nie saak nie, Willa. Ek voel maar net so."

„En nou?" vra Jacques. „Hoe steek sake nou inmekaar?"

Jean de Moreaux antwoord nie dadelik nie. Hy sit 'n rukkie stil voor hy sê:

„Wel, wat Larry Gibbons met die saak te doen het, weet ek nie. Wie en wat die ander man is, weet ek ook nie. Wat ons egter wel weet, is dat daar die een of ander groot geheim in die lewe van Sylvia D'Southy bestaan. Ek kan eenvoudig nie aanneem dat hulle daar by die *Old Coast Inn*

oornag het en dat die een of ander dronk soldaat uit die kroeg per ongeluk op haar kamer afgekom het, op die een of ander wyse toegang gekry het en haar daar probeer molesteer het sodat sy straat toe moes vlug nie. Sy kon tog immers haar broer om beskerming gevra het. Die feit dat sy my niks wou sê nie, versterk my vermoede dat daar die een of ander duistere spel aan die gang is.

„Die ding wat my egter die meeste hinder, is die feit dat haar broer en sy glad nie na mekaar lyk nie. Bowendien is daar iets in daardie kaptein D'Southy se voorkoms wat 'n gevoel van onheil by my laat posvat. Wat dit is, weet ek nie; miskien hoort dit maar tot dieselfde soort ingewing as dié wat my lus maak om na die kelder onder Larry Gibbons se winkel te gaan kyk."

„Wat stel jy voor dat ons nou doen, Jean?" vra Jacques.

„Man, ek weet regtig nie. Ten eerste het ons eintlik niks met hierdie jong dame uit te waai nie. Was dit nie dat ek gisteraand bloot toevallig op haar afgekom het onderwyl die soldaat haar gemolesteer het nie, sou ek geen belang in haar gestel het nie. Miskien is daar 'n heel logiese verklaring vir haar gedrag. Die dringende saak is egter dat Jasper du Preez nie seergemaak moet word nie. Ek weet nie waartoe die goewerneur in staat is nie.

„Daar staan vir ons twee weë oop. Ons kan onmiddellik handel en miskien een van die waens aan die brand steek — net om te wys dat ons ernstig is. Maar ek weet nie wat die gevolge vir Du Preez sal wees nie. Miskien word hy dan van hoogverraad beskuldig, en dit sal sy dood beteken. In elk geval, daaroor kan ons nog besluit." Hy sit 'n oomblikkie stil. Dan staan hy skielik met 'n half ongeduldige gebaar op. „Kyk, Willa, ek dink tog dat jy en Elmien

moet afry na die Kasteel toe. Gaan besoek daardie juffrou D'Southy en kyk wat julle kan uitvind."

Jacques raak heerlik aan die lag.

„Waaroor lag jy nou?" vra Jean half vererg.

„Jy het pas gesê dat daar geen rede is om in haar belang te stel nie en tog kan jy haar nie uit jou gedagte kry nie."

Jean snuif verontwaardig.

„Kyk, ou vriend, dit was vir my baie duidelik dat sy in diepe smart verkeer, en ons help mos waar ons kan, nie waar nie?"

„Ja, veral as hulle so mooi is."

„Ag, Jacques, jy is laf!" roep Willa uit.

„Jaloers!" koggel Jacques terug.

„Alle grappies op 'n stokkie, Willa. Gaan jy en Elmien nou Kasteel toe."

„Goed, Jean. Maar jy het ons nog nie vertel hoe jy vanmiddag so maklik van kleur verander het daar by die eetsaal nie. En hoe is dit dan dat daar drie van julle ontsnap het as jy nie saam met die ander uitgegaan het nie?"

„Is jy dan so dom, Willa?" roep Elmien uit. „Pierre of André of Philip het natuurlik buite gebly terwyl die ander twee saam met Jean ingekom het."

„Heeltemal reg, Elmien," sê Jean en gaan voort: „Dit was regtig baie maklik. Ek het André aangesê om ons klere te kom haal. Hy en Philip en Pierre het toe ongemerk by die Kat ingekom, die deurwag stilletjies oorrompel en my in die goewerneur se kwartiere ingewag. Nadat ek kastig verstik het, het ek daarheen gegaan, my haastig aangetrek en toe by die eetkamer ingebars. Pierre het buitekant gewag en toe ons uitgaan, het ek gou weer my ander klere bo-oor my mondering gaan aantrek onderwyl die ander drie by die

Kasteelpoort uitgejaag het voordat iemand kans gehad het om sy oë deeglik te knip. Maar genoeg daarvan." Hy lui die klokkie op die tafel.

„Ek bestel solank 'n koets en dan gaan julle twee gou af na Sylvia D'Southy toe."

HOOFSTUK SEWE

Joseph Grattan sit in die wagkamer aan die linkerkant van die Kasteelpoort. Hy sit agteroor in die stoel agter die tafel met sy bene voor hom uitgestrek. Voor hom staan die sersant.

„En dít is dus die rede waarom jy vanmiddag vir my gesê het dat dit nutteloos is om die Buiter te agtervolg, nie waar nie, Krause?"

„Ja, kaptein, soos ek u vertel het, het ek onder kaptein Mehreis en meneer Philip gedien, en ek het gesien hoe hulle hul teen daardie gedugte skurk en struikrower vasloop. Geen van die maatreëls wat hulle getref het, kon hom keer nie en geen agtervolger kon hom ooit inhaal nie."

„O, so. En jy dink dat dieselfde lot my sal tref."

„Geensins, kaptein. Ek vertel u maar net wat ek ondervind het."

„Dankie, in elk geval, Krause," sê Grattan. „Maar sê my, is die wagte by die waens verdubbel?"

„Ja, kaptein."

„Ek wonder of dit nie die beste sal wees om die waens in die binneplaas van die Kasteel te trek nie," mymer Grattan.

„Daar is nie eintlik plek nie, kaptein."

„Ja, dis ook weer waar."

„Het u enige verdere bevele in verband met die gearresteerde boer?"

„Wel, ek weet nie. Ná wat jy my nou alles vertel het,

is dit nogal 'n kwessie of 'n mens hom hier in die Kasteel kan hou. En ek hoop jy besef dat die goewerneur nie baie in sy skik sal wees as hy ontsnap nie."

„Ek verstaan, kaptein."

„Verdubbel maar die wagte dáár ook. Dit is al, Krause."

'n Rukkie nadat die sersant die wagkamer verlaat het, staan Grattan op. Hy loop peinsend oor die groot binneplaas in die rigting van die Kat en stap deur totdat hy by die goewerneur se sekretaris kom. Hy vra 'n onderhoud en 'n rukkie later tree hy die goewerneur se studeerkamer binne.

„Ja, D'Southy?"

„U het gesê ek moet later kom verneem wat u besluit omtrent Du Preez is, Eksellensie."

„O ja." Die goewerneur aarsel 'n oomblik en tik met die punt van sy skryfveer op die papier voor hom. „Kyk, D'Southy, ek het met 'n paar van die amptenare beraadslaag. My voorganger het blykbaar die fout gemaak om te sag op te tree. Ek sal dus uit sy ondervinding leer. Daar is net een manier om hierdie hardnekkige boerebevolking van die Kolonie te beheer, en dit is met 'n ferme hand. Wat Du Preez vandag gedoen het, staan gelyk aan hoogverraad. Hy het in die openbaar beswaar gemaak teen die bevele van Sy Majesteit. Jy sal dus reël dat hy môreoggend teen sononop geskiet word. Dit is al."

Grattan draai hom om om uit te gaan.

„Of wag!" roep die goewerneur agter hom aan. „Daar is nog iets. Jy kan eers met jou reëlings vir 'n klopjag op daardie Buiter wag. Ek dink dat hierdie besliste optrede van my teen Du Preez, hom sal laat skrik. As die stories wat ek hoor, juis is, naamlik dat die Buiter gedurig as kampvegter vir die boeregemeenskap optree, sal hy nou besef dat

hy hom maar liewer moet skaars hou, tensy hy wil hê dat nog 'n paar boere hul lewens verloor."

Terwyl hy wegstap, voel Grattan lus om te lag. Is die goewerneur 'n onnosel swaap, of is hy maar net blind? Besef hy nie dat die feit dat Du Preez môre geskiet gaan word, die Buiter juis sal aanspoor om hom uit die kloue van die gereg te probeer red nie? Dit is tog immers wat hy gereeld in die verlede gedoen het. Om te dink dat die Buiter druipstert sal wegdraf sodra 'n man, wat volgens hom onskuldig is, in gevaar verkeer, is tog onsinnig.

Hy voel nietemin dankbaar dat sake so kort ná sy aankoms in die Kaap hierdie wending geneem het. Van die staanspoor af het hy gevoel dat die Noodlot hom gunstig is. Eers was daar die noordewind wat kaptein Wycliffe genoodsaak het om hom en die twee D'Southys alleen aan wal te sit; daarna sy briljante ingewing om D'Southy se plek in te neem, en vandag hierdie opstandigheid van die boere en die inmenging van die Buiter. Dinge kon vir hom nie beter verloop het nie.

Behalwe in een opsig, natuurlik — Sylvia D'Southy se houding teenoor hom. Hy draai hom om en kyk in die rigting van haar kamer. Hy wonder of sy nou alleen daar is. Hy besluit om te gaan kyk; miskien het haar houding intussen verander.

Maar voordat hy gaan, stap hy eers weer na die wagkamer toe om te sien of alles in orde is.

Op sy lessenaar vind hy 'n brief wat aan hom geadresseer is. 'n Soldaat klop, kom binne en salueer.

„'n Bode het dit so pas afgelewer, kaptein," kondig hy aan.

„Dankie."

Die soldaat gaan uit en Grattan skeur die brief oop.

Hy wonder van wie dit kan wees, want hy het nog nie juis kans gehad om kennisse in die Kaap op te doen nie. Die brief lui soos volg:

Kaptein D'Southy,

Ek was pas onder in die kroeg van die Old Coast Inn. Ek het daar een van die graaf De Moreaux se bediendes raakgeloop wat besig was om te verneem of u die behandeling daar goed gevind het. Hy het onder meer vasgestel dat u na die adres van 'n sekere winkelier verneem het, en ek skryf nou aan u om my hulp aan te bied indien u nog nie daarin geslaag het om uit te vind wat die adres is nie.

L. G.

Grattan frommel die stuk papier tussen sy vingers op. Sy mondhoeke trek na onder en sy oë vorm nou skrefies. Hy besef onmiddellik dat Gibbons die brief só moes stel ingeval dit dalk in verkeerde hande val. Vir Gibbons kan hierdie inligting egter nie die betekenis hê wat dit vir hom, Grattan, het nie, want Grattan alleen weet dat De Moreaux en die Buiter een en dieselfde persoon is.

En dan, soos 'n sweepslag, tref die waarheid hom. Swaap wat hy is! Vanmiddag nadat hy die Buiter gesien het, behoort hy onmiddellik te besef het dat die inmenger van gisteraand, die swart geklede figuur op die perd, die graaf De Moreaux moet gewees het. Die graaf De Moreaux het dus vir Sylvia gesien en haar vanmiddag in die Kasteel herken. Nou doen hy navraag by die *Old Coast Inn* om uit te vind wat aangegaan het, want dit is vir hom natuurlik onverklaarbaar dat 'n persoon van Sylvia D'Southy se soort in so'n straattoneel betrokke kon wees.

'n Gevoel van die uiterste ongeduld styg in hom op.

Hierdie is die eerste terugslag, en hy het dit nie verwag nie.

Grattan stap vinnig by die deur uit en pyl reg op Sylvia se kamer af. Hy sal by haar uitvind wat gisteraand tussen haar en haar redder gebeur het, al moet hy dit uit haar slaan!

Agter hom hoor hy die gerammel van koetswiele. Hy kyk om en sien die ses groot, wit perde wat hy daardie middag voor die koets van die graaf De Moreaux gesien het. Onmiddellik herken hy ook die wapen op die deure van die voertuig. Binne-in, vir sover hy kan vasstel, is net twee dames. Toe die koets by hom verby rol, kyk hulle albei na hom en knik. Dit is Willa Rossouw en haar suster, Elmien de la Fay.

Binne-in die koets draai Willa haar na Elmien toe.

„Nogal aantreklik, Elmien," sê sy. „Ek kan nie verstaan hoekom Jean hom wantrou nie."

„Ek stem saam, maar dit maak nog glad nie saak nie. Ons sal Jean se bevele stiptelik moet uitvoer."

„Natuurlik!" roep Willa uit. „Maar die moontlikheid wat hy genoem het, naamlik dat D'Southy op die een of ander wyse agtergekom het dat hy Jean die Buiter is en nou sy suster as lokaas gebruik om hom te vang, is vir my maar taamlik vergesog. Nietemin, sal ons dit in aanmerking moet neem en onder geen omstandighede laat agterkom wat die eintlike doel van ons besoek is nie."

Die groot koets kom by die Kat tot stilstand. Die lakei spring rats van die koets af en laat die leertjie neer. Die twee dames klim uit en toe Willa omkyk, sien sy dat Grattan met 'n soldaat staan en gesels. Dit kom haar egter voor dat hy onderlangs na hulle kyk, en sy wonder of hy hulle moontlik dophou om vas te stel waarheen hulle gaan. Onmiddelik besef sy dat dit natuurlik Jean se voorspooksels is wat haar nou sulke afleidings laat maak.

Willa en Elmien stap in die rigting van die besoekerskamers en vra een van die deurwagte om aan juffrou D'Southy te sê dat hulle op haar wag.

Vyf minute later sit die drie meisies in 'n sitkamer. Sylvia D'Southy leun terug in die rusbank langs Willa en teenoor hulle, aan die ander kant van die koffietafeltjie, sit Elmien in 'n gemaklike leuningstoel.

Sylvia lyk effens styf en amper senuweeagtig, want sy is daardie middag terdeë bewus gemaak van die feit dat, naas die goewerneur se vrou, Willa, op grond van haar verlowing aan die graaf De Moreaux, die „eerste" dame in die Kaap is. Verder kan sy glad nie raai wat eintlik die doel van die besoek is nie.

„Ons het gevoel," begin Willa, „dat ons jou moet besoek aangesien jy heel waarskynlik maar vreemd voel so ver van jou huis af."

„En jy het vanmiddag vir my so treurig en mismoedig gelyk," voeg Elmien by.

„Het jy en jou broer julle vir goed hier kom vestig?" vra Willa verder.

„Ek weet werklik nie hoe lank ons hier sal bly nie, juffrou. . . ." begin Sylvia, maar Elmien val haar in die rede:

„Jy moet ons tog asseblief op ons name noem. My naam is Elmien en my suster is Willa."

„Dan moet julle my Sylvia noem."

„Ons sal."

„Marcus. . . ." Sylvia aarsel 'n oomblik en 'n uitdrukking van pyn verskyn in haar oë toe sy die naam noem. Maar dan vervolg sy dadelik, terwyl sy haar bes probeer om so normaal as moontlik te praat: „Ons het nie meer 'n ouerhuis nie en ek gaan maar oral saam met Marcus."

„Ek het juis gemeen," sê Willa, „dat jy vanmiddag na

jul huis verlang het, maar blykbaar was dit dan maar net dat jy nog 'n bietjie alleen voel in hierdie vreemde land."

„Maar het ek dan regtig so treurig gelyk?" vra Sylvia halfselfbewus.

„Ek dink jou voorkoms was beslis weemoedig," bevestig Elmien. Dit het ons laat besluit om jou te kom besoek, en ek wil jou sommer ook nou al verseker dat ons jou met graagte in my huis sal ontvang. Jy moet dit vir jou 'n tuiste maak en kom en gaan soos jy voel."

„Julle is regtig baie vriendelik; ek waardeer dit dat julle aan my dink," sê Sylvia half bewoë.

„Maar wat is dit eintlik wat jou so treurig stem? Selfs so ewe toe jy oor jou broer gepraat het, het dit geklink asof daar so 'n diepe droefenis in jou stem skuil. 'n Mens wil nie opdringerig wees nie, maar ons kan heeltemal verstaan dat dit vir jou hier in die vreemde dubbeld swaar moet wees om jou droefheid so alleen te moet dra. Hoekom praat jy nie 'n bietjie met ons en gesels oor jouself nie? Dan sal jy miskien baie beter voel."

Sylvia D'Southy kyk 'n oomblik stil van die een na die ander. Dan verberg sy meteens haar gesig in haar hande en bars in trane uit. Die vriendelikheid wat hierdie twee meisies teenoor haar openbaar, is eenvoudig te veel vir haar oorstelpte gemoed. Die slag wat die Noodlot haar toegedien het en die ontsaglike stremming waaronder sy heeldag reeds verkeer, het haar weerstand dermate verswak sodat die vriendelikheid van die twee Rossouw-susters haar nou diep ontroer.

Willa kyk veelseggend na Elmien en dan strek sy haar hand uit en laat rus dit op Sylvia se arm. Sy sê 'n paar sagte trooswoorde, maar probeer nie om verder met die jong meisie te praat voordat sy bedaar het nie.

„Nou moet jy ons vertel," versoek Elmien ernstig. „Dit is duidelik dat daar iets ernstigs verkeerd is, en miskien kan ons jou help."

Terwyl 'n paar snikke nog deur haar liggaam ruk, skud Sylvia haar kop.

„Niemand kan my help nie!" sê sy. „Dit is heeltemal buite die kwessie. Ek moet my kruis alleen dra."

„Maar dit is tog belaglik!" roep Willa uit. „Dit is nie nodig nie. Daar is niks waarmee jy nie gehelp kan word nie. Dit is soos wanneer jy bid. As jou gebed verhoor word, dan moet God tog nog die een of ander mens gebruik deur wie aan jou gebede gehoor gegee kan word. Hoekom kan jy nie nou openlik met ons praat nie? Dalk blyk dit dat dit heeltemal binne ons vermoë is om jou tot hulp te wees."

Maar weer skud Sylvia haar kop. Hierdie keer antwoord sy nie eens nie.

Willa voel so aangedaan oor die uitdrukking van hulpelose verdriet op die meisie se gesig dat sy nie kan praat nie.

„Kyk," sê Elmien weer, „neem nou maar byvoorbeeld hier die moeilikheid wat die boere nou het met die goewerneur. Selfs hulle kry 'n kampvegter — niemand anders as die Buiter nie!"

Onmiddellik kyk Sylvia op. 'n Sprankie hoop verskyn in haar oë en 'n ligte blos sprei oor haar wange.

„Dit klink gek," sê sy sag, „maar na die kort rukkie wat ek hier is, voel ek dat hy miskien die enigste mens in die wêreld is wat my sal kan help. Maar" — en weer hang haar skouers slap en verskyn die droefheid van so ewe in haar oë — „dit sal onmoontlik wees om met hom in aanraking te kom. Hy is dan gekant teen almal met wie ek

omgaan. My . . . . my broer se eerste opdrag was dan juis om hom te probeer vang!"

„'n Mens weet nooit, Sylvia," sê Willa sag. „Solank daar geloof is, beskaam die hoop selde. Jy moet maar net bid."

„Ek sal, maar ek twyfel of dit sal help."

„Ek sê weer, hoekom neem jy ons nie in jou vertroue nie?"

„Ek weet julle wil help!" roep Sylvia uit. „Maar julle kan nie, ek weet julle kan nie!"

Weer begin sy te snik, maar dit is hierdie keer meer beheers. Ná 'n rukkie vee sy haar oë met haar sakdoek af en glimlag skaam. Hulle gesels nog 'n bietjie en dan vertrek Willa en Elmien.

Sylvia gaan nie saam uit nie, en die twee susters stap dus alleen na die koets toe waar dit nog voor die Kat staan. Net voor hulle inklim, roep 'n vrolike, hoë piepstem hulle toe. Hulle kyk om en sien die windmaker D'Arcy Cunningham met die treetjies afgehardloop kom. Hulle ken hom goed en alhoewel beide Ella en Elmien geneig is om 'n bietjie die gek te skeer met hom, groet hul hom vriendelik, want hulle vind hom gewoonlik vermaaklik.

„En wat kan jy ons vanmiddag vertel, D'Arcy?!" roep Willa opgeruimd uit.

„Vertel! Julle weet natuurlik alles van die Buiter se verskyning vanmiddag. Julle weet ook van Jasper du Preez wat in hegtenis geneem is. Natuurlik weet julle daarvan, want julle was daar. Julle het natuurlik ook gesien hoedat ek opgespring het om almal te waarsku dat dit die Buiter is. Dit het my so uitgeput dat ek bewusteloos neergeval het, maar ek voel tog dat ek almal op hul hoede gestel het en dat ek my plig gedoen het."

„Ons het jou heldedaad gesien," koggel Willa.

„Maar nou sal ek julle iets vertel wat julle nie weet nie. Ek hoor nou net dat Jasper du Preez van hoogverraad aangekla is. Môreoggend teen sonop.... wel, dit kom my voor asof die goewerneur 'n bietjie ammunisie het om te mors en hy wil dit blykbaar op arme Jasper uitgiet."

Die twee susters kyk vinnig na mekaar. 'n Situasie soos hierdie verg die uiterste selfbeheersing van hulle. Voor al hierdie mense moet sy en Elmien, dogters van 'n opregte boer, voorgee dat hulle teen die betogings van die boeregemeenskap gekant is. Maar in hulle harte, saam met Jean en Jacques, voel hulle natuurlik volkome saam met die burgers. Willa besef ook onmiddellik dat, as Jean die nuus hoor, hy nie sal rus nie. Hy sal selfs sy eie lewe opoffer om Du Preez s'n te red.

Hulle slaag gelukkig albei daarin om hul ware gevoelens te verberg, groet die jong modegek en klim in die koets. 'n Oomblik later rammel dit oor die binneplaas. Weer eens buig albei susters liggies om kaptein Marcus D'Southy te groet waar hy by 'n groepie soldate staan en gesels.

Grattan kyk die koets agterna totdat dit onder die Kasteelpoort deur rol. Dan beëindig hy vinnig sy gesprek en stap met lang, ongeduldige treë na Sylvia D'Southy se kamer toe. In hom styg 'n wilde woede op. Eers doen die graaf De Moreaux navraag by die *Old Coast Inn*, en nou stuur hy sy verloofde en haar suster om Sylvia te kom ondervra!

Hy klop nie eens aan die deur nie, maar maak dit sommer oop en stap binne.

Sylvia kom verskrik van die bed orent, maar sê nie 'n woord nie. Sy raak nou al amper gewoond aan hierdie ewige dreigement wat hy oor haar hou.

Hy druk die deur agter hom toe, staan 'n oomblik stil en probeer sy gedagtes bymekaar skraap. Dit is dringend

noodsaaklik dat hy moet uitvind wat Sylvia alles met die twee meisies gesels het en hy moet dus uiters versigtig te werk gaan.

„Ek sien jy het geselskap gehad," merk hy droog op.

„Ek het."

„Nogal vooraanstaande mense."

„Ja, nogal."

„En wat het julle toe alles gesels?"

„Dit sal jou nie interesseer nie."

„Natuurlik sal dit my interesseer. Alles wat jy met ander mense gesels, interesseer my, en dit is jou plig om my te vertel." Hy kan die styging van die toonhoogte in sy stem niet verhoed nie.

„Hulle het my net probeer tuis maak."

„Met stories van die Buiter!" Hy kras dit uit.

Sy deins terug. Haar hande klou krampagtig aan mekaar vas. Haar oë rek wyd van vrees.

„Hoe weet jy?" fluister sy hees. „Hoe kan jy weet waaroor ons gepraat het?"

Sy spanning verslap. Hy lag bars. Hy het 'n raaiskoot gewaag, maar hy het rede daartoe gehad, want hy is die enigste man buite die Buiter se volgelinge wat kon geraai het dat Willa en Elmien van die Buiter af gekom het. Nou lei hy ook uit Sylvia se reaksie af dat sy wél aan daardie geheimsinnige kampvegter van die onderdruktes as 'n moontlike verlosser gedink het.

„Hoe ek dit weet? Dis té eenvoudig! Gisteraand het hy jou gelawe en toe jy bygekom het, het julle wie weet hoe lank sit en gesels. Vanmiddag bars hy soos 'n besetene hier by die Kasteel in, en jy sien dat hy die saak van 'n klomp dwase dwarstrekkers verdedig. Nou begin gesels jy met

mense om te probeer uitvind hoe jy met hom in aanraking kan kom. Is dit nie so nie? Sê my!"

„Dit is nie so nie." Sy skud haar kop moedeloos, want reeds is daardie sprankie hoop haar ontneem.

„Jy het tog die opmerking gemaak dat jy hom graag sal wil sien, en dit was jou plan om met hom te praat. Jy het gereken dat jy my geheim aan hom kan verklap en dat jy daardeur jou broer nie in gevaar sal stel nie. Is dit nie so nie?"

Nog skud sy haar kop, hulpeloos. Sy raak aan die snik en antwoord hom nie.

„Dit help nie jy sit en snuif daar nie. Jy was van plan om my aan hom te verraai en ek weet dit! Verstaan jy? Ek weet dit! Ek sal ook weet wanneer jy dit doen, en die oomblik wanneer jy dit doen, sterf Marcus D'Southy. Verstaan jy my goed?" Hy bulder hierdie laaste woorde uit.

En so ontsaglik is die vrees wat nou in haar posvat, dat sy haar kop onwillekeurig op en af skud. Hoe hierdie wreedaard voor haar kon geraai het dat sy aan die Buiter gedink en van hom gepraat het, is vir haar op hierdie oomblik so 'n wonderwerk dat sy nie anders kan as om duiwelse, bomenslike karaktertrekke aan hom toe te skryf nie.

En asof hy kan sien dat hy haar nou heeltemal in sy mag het en haar wil totaal gebreek het, beteuel hy sy humeur effens en vervolg sagter:

„Jy sê jy het teenoor daardie twee meisies erken dat jy die Buiter graag sal wil ontmoet?" Hy aarsel. „Toe, antwoord my."

Sy knik.

„Nou kyk, Sylvia D'Southy," sis hy dit onheilspellend uit, „ek sal weet wanneer hy met jou in aanraking kom, en die oomblik dat ek dit agterkom, sterf Marcus. Ek waar-

sku jou dus: sodra jy die minste tyding van die Buiter ontvang, sê my daarvan. Laat my onmiddellik weet! Want sodra ek die Buiter gevang het, is jy en Marcus albei vry. Dink goed daaroor na." Hy sit sy hand op die deurknop. Hy draai dit stadig en toe hy halfpad by die deur uit is, kyk hy weer om en herhaal gewigtig:

„Dink goed na, Sylvia D'Southy. Dit is dalk jou redding. Ek sien jou later weer," voeg hy lakonies by en verlaat die vertrek.

HOOFSTUK AGT

Jean de Moreaux staan op die systoep na sy roostuin en kyk toe Willa en Elmien uit die sitkamer gehardloop kom. Hy draai hom om en gaan hulle tegemoet.

„En toe?" roep hy uit. „Wat het julle toe uitgevind?"

„Niks besonders nie," antwoord Willa. „Maar dit is baie duidelik dat daar iets ernstigs skeel."

„Dit het ek julle vanoggend reeds vertel. Ek wil weet wát werklik verkeerd is en nie óf daar iets verkeerd is nie."

„Dan moet jy dit self gaan uitvind," antwoord Willa droog.

„Moenie laf wees nie, my skat. Hoe verwag jy nou dat ek daar moet inloop en haar vra hoekom sy so treurig is?"

„Sy het tog gesê sy sal jou vertel."

„Ag, bog! Toe, wat is die waarheid?"

„Maar ek sê jou, dit is wat sy gesê het! Volgens haar is daar net een man in die hele wêreld wat haar kan help, en dit is — raai wie — die Buiter!" Alhoewel sy effens ligsinnig praat, kyk sy ernstig in sy oë.

„Mm," sê hy ingedagte, „ek sal moet kyk wat ek kan doen. Jy dink egter nie dat sy en daardie broer van haar iets in die mou voer nie."

„Niks onderduims nie, Jean. Maar jy moet nogtans versigtig wees."

„Natuurlik sal ek."

„En arme Jasper du Preez sterf môre voor 'n ry gewere!" roep Elmien uit.

Blitsvinnig swaai Jean hom na haar kant toe om.

„Waar en wanneer het jy dit gehoor?" vra hy dringend onderwyl sy staalgrys oë in hare boor.

„Nou net," antwoord sy. D'Arcy Cunningham het ons vertel."

„Klein skinderbek!" roep Jean uit. „'n Mens kan nooit seker wees of hy die waarheid praat nie." Hy gryp die klokkie en lui dit hard. „Ek sal André afstuur om met die soldate te gaan gesels. Hy ken baie van hulle en sal gou vasstel wat die waarheid is."

Nadat André verskyn en Jean hom versoek het om te probeer vasstel wat Jasper du Preez se lot is, draai hy hom weer na die meisies toe.

„Dit is nou net wat ek kon verwag het. Die goewerneur wil met hierdie gebaar wys dat hy geen verset sal duld nie. Hy dink dat hy almal so die skrik op die lyf sal jaag dat hulle in die vervolg so gedwee soos lammetjies na hom sal luister. Miskien dink hy ook dat dit my sal afskrik. Maar. . . ."

„Jy gaan hom probeer red, Jean?" vra-sê Willa tussenin.

„Natuurlik. En ek gaan sommer 'n hele paar ander dinge terselfdertyd doen," antwoord Jean vinnig en beslis.

Willa sak in 'n gemakstoel neer. Sy sug half komies. Onmiddellik glimlag Jean en buig oor haar neer.

„Toe," sê hy liefdevol, „steek maar jou prekie af."

„Dit help tog nie. Wat is eintlik jou plan?"

„My plan, my liefste kind, is om drie vlieë met een klap te slaan. Ten eerste gaan ek die goewerneur 'n uitklophou toedien deur een of twee van sy waens met geskenke die lug in te stuur. Onderwyl daardie lawaai aan die gang is, sal ek van die geleentheid gebruik maak om 'n besoek aan juffrou D'Southy te bring. Wanneer ek daar vandaan ver-

trek, wil ek sommer vir Jasper du Preez nooi om saam te kom."

„Ek dink jy is laf, Jean!" roep Willa laggend uit.

„Laf? Ek was nog nooit in my lewe ernstiger nie. Waar is André? Of, nee wag, André is Kasteel toe. Jacques! Waar is Jacques?"

„Moet tog nie maak of jy opgewonde is nie, Jean," sê Willa nog laggend. „Elmien en ek weet albei dat jy doodkalm is."

„Jacques is seker by die huis," antwoord Elmien. „Heel waarskynlik is hy besig om òf die grasperk te knip, òf die blomme nat te gooi."

„Dit is nou sowaar die deurslaggewende faktor! Ek moet Jacques eenvoudig uit daardie sieldodende bestaan red. Kom, ons gaan soek hom op."

Onderwyl die meisies na die deur toe stap, gaan Jean na sy lessenaar toe. Hy neem 'n pen en skryf gou 'n kort briefie. Dit lui soos volg:

Sodra jy 'n ontploffing buitekant hoor, gaan onmiddellik na jou kamer toe.

Hy adresseer dit aan niemand nie en teken ook nie sy naam onderaan nie. Hy strooi 'n bietjie sand daaroor en vou dit dan toe.

„Wat het jy geskryf, Jean?" vra Willa.

„'n Minnebrief."

„Jy is al weer laf."

„Ek is nie. Ek het 'n afspraak met 'n dame gemaak."

„Met Sylvia D'Southy?"

„Ja. Kom nou."

Buite in die gang loop hulle vir Pierre raak. Jean wink hom nader.

„Waar is Philip? Hy vry mos na die goewerneur se niggie se hofdame, nie waar nie?"

„Ja, m'sieur."

„Roep hom."

,'n Oomblik later verskyn Philip. Hy wag beleef op bevele.

„Kyk, Philip, ek gaan jou nou Kasteel toe stuur, maar jy moet gou terugkom, want ons het werk vanaand. Neem hierdie briefie en gaan gee dit aan jou beminde. Sorg dat sy dit nie lees nie, maar dat sy dit in die hande van mejuffrou D'Southy besorg. Dis 'n dringende en ernstige saak."

„Goed, m'sieur." Philip neem die briefie en stap terug na die kombuis toe. Oudergewoonte maak hy eers 'n draai by die potte en stap dan na sy kamer toe om 'n baadjie aan te trek. As hy terugkom, wuif hy die kok vaarwel toe.

„As ek laat terugkom, sorg jy dat daar kos vir my in die oond is!" sê hy. „En sê vir André en Pierre dat ek 'n bietjie gaan vlerksleep het by 'n hofdame."

Hy stap vinnig in die straat af. 'n Kwartier later bereik hy die Kasteelpoort en stap dwarsoor die binneplaas na die agterplaas van die Kasteel. By 'n hofknaap verneem hy of dié nie dalk vir juffrou Justine Cranshay gesien het nie. Die knapie beduie waar sy is en spoedig kry Philip die jong meisie waar sy in die waskamers met wasgoed besig is.

Hy gesels 'n rukkie en versoek haar dan om die briefie af te lewer. Hy stap saam met haar na die besoekerskwartier toe.

„Kyk, Justine," herhaal hy, „hierdie is 'n baie netelige sakie. Jy mag onder geen omstandighede sê waar jy hierdie briefie gekry het nie, want sowaar as ek leef, sal ek nooit weer met jou praat as jy dit doen nie."

„Ek beloof jou ek sal nie, Philip," antwoord sy koketterig

en klop dan saggies aan Sylvia D'Southy se kamerdeur. Nadat sy 'n oomblikkie gewag het, hoor sy dat die grendel binnekant oopgeskuif word. Sylvia loer uit. Sodra sy sien wie dit is, maak sy die deur oop. Justine hou die briefie voor haar uit.

„'n Bode het dit so pas gebring, juffrou D'Southy," deel sy haar mee.

Sylvia bedank haar, neem die briefie en stoot die deur toe. Sy skuif weer die grendel op en dan, met bewende hande, vou sy die stukkie papier oop. Sy het reeds 'n voorgevoel dat sy weet van wie dit af kom en sodra sy die kort, saaklike bevel sien, weet sy dat dit van die Buiter moet wees.

En dan net so oombliklik soos die hoop in haar opgeborrel het, verdwyn dit weer, want sy het reeds haar besluit geneem. Marcus is al wat sy in die wêreld het. Sy sal hom nie weer sien solank die Buiter lewe nie. En, afgesien van die gevoelens wat sy vroeër mag gekoester het, is daar blykbaar tog oortuigende bewys dat die Buiter 'n skurk, struikrower en moordenaar is. Bes moontlik sal sy die gemeenskap 'n guns bewys deur hom in die hande van die gereg te lei. Selfs al was Marcus vandag hier, sou dit sy plig gewees het om die Buiter te vang. Hoekom kan sy dan nie nou daardie plig help uitvoer nie?

Nadat Grattan haar verlaat het, het sy eers gemeen dat sy die Buiter se hulp sou kon gebruik om Marcus te bevry, maar sy het byna onmiddellik daaraan begin twyfel of hy dit ooit sou regkry. Hoe moet hy uitvind waar Marcus versteek is? Joseph Grattan is 'n geslepe skurk wat hom nie maklik sal laat uitoorlê nie. Maar bowe-al het die vrees haar beetgepak dat Grattan sal uitvind dat sy met die Buiter onderhandel het, en in sy woede mag hy in staat wees om

enigiets te doen. Bes moontlik sal Marcus dan met sy lewe daarvoor boet.

Sy aarsel dus nou glad nie, maar stoot net haar hare effens reg voor die spieël en stap dan buitentoe. Dit is reeds laat in die middag en dus heerlik koel in die binneplaas. Heelparty van die Kasteel se inwoners staan buite rond en gesels. Sy stap tussen hulle deur en die meeste groet haar, alhoewel sy maar net 'n paar van hulle herken.

By die Kasteelpoort verneem sy van 'n soldaat dat kaptein D'Southy buitekant by die waens is. Sy gaan soontoe en tref Grattan aan waar hy besig is om finale reëlings met die wagte te tref in verband met die bewaking van die waens gedurende die nag. Hy draai hom om sodra hy haar sien. Soos gewoonlik wanneer hulle in die openbaar is, groet hy haar vriendelik en kom dan na haar toe.

„Wel, Sylvia," vra hy beleefd, „soek jy na my?"

„Ja." Sonder 'n woord en met 'n skielike gevoel van skuldbesef, hou sy die briefie na hom toe uit.

'n Sekonde kyk hy vas in haar oë voordat hy sy hand uitsteek en dit neem. Hy vou dit oop en staar 'n rukkie bewegingloos na die inhoud daarvan. Dan sypel die betekenis daarvan tot hom deur. Hy kyk op en knik.

„Dankie," sê hy. „Sorg dat jy hier volgens handel."

Sy antwoord nie. Sy voel skielik weer lus om weg te hardloop — sommer weg te vlug. Maar sy beheer haar onstuimige gemoed en stap stadig, bedruk, terug na haar kamer toe.

Agter haar vou Grattan die briefie toe en skeur dit dan in fyn stukkies. In sy oë vonkel 'n oorwinningsgloed. Dit is vir hom heeltemal duidelik. Dit is net wat hy kon verwag het! Die Buiter se plan is om die waens met die ammunisie aan die brand te steek. Dit sal 'n geweldige ont-

ploffing afgee. Elke inwoner van die Kasteel sal hom daarheen haas, en dan sal die Buiter van die geleentheid gebruik maak om by Sylvia besoek af te lê om uit te vind waarom sy die vorige aand in so 'n posisie was dat sy deur 'n soldaat gemolesteer kon word. Ook sal hy heel waarskynlik van die kans gebruik maak om Jasper du Preez te bevry.

Grattan se mondhoeke krul na onder. Nooit in sy soetste drome kon hy om 'n beter verloop van sake as hierdie gewens het nie. Hy draai hom om en stap haastig na binne om Krause te soek teneinde reëlings te tref vir 'n behoorlike ontvangs vir die Buiter.

„Mm," mymer hy 'n halfuur later nadat die sersant, Krause, hom al die besonderhede gegee het van die metodes wat beide Mehreis en Philip voorheen aangewend het om die Buiter te probeer vang. „Dan het al die sorgvuldige maatreëls tog nie gehelp nie. Hulle het tot soldate by die gevangenes in die selle laat slaap, maar selfs dit kon die Buiter nie keer nie. Wagte rondom die mure, binnekant die mure en in elke kamer — ook dít kon die Buiter nie keer nie! Dankie, Krause, in elk geval. Voer nou maar net jou bevele stiptelik uit. Ek voel seker dat ons vanaand daarin sal slaag om hierdie struikrower vas te trek."

„Ja, Kaptein," antwoord Krause droog.

„Jy lyk nie juis geesdriftig nie, Krause. Het jy enige besware teen my voorsorgmaatreëls?"

„Wel, nee, kaptein. U is in bevel."

„Toe maar, sê maar wat jy dink."

„Wel, eerlikwaar, kaptein, die reëlings wat u tref volgens die bevele wat u my gegee het, is nie 'n kwart so doeltreffend soos dié wat voorheen getref is nie, en as een van hulle nie kon slaag nie, hoe dink u dan gaan u dit regkry?"

„Ja, ek kan jou dit seker nie eintlik kwalik neem dat jy

so dink nie, maar dié sê ek jou, Krause, môreoggend sal jy 'n ander storie praat. Dit sal al wees, sersant."

Ná Krause vertrek het, vryf Grattan sy ken ingedagte. Hy het die sersant natuurlik nie vertel dat hy inligting by die D'Southy-meisie gekry het nie, en nog minder weet Krause dat die Buiter en Jean de Moreaux een en dieselfde persoon is. En juis dit is die rede waarom Grattan so vol vertroue is. De Moreaux sal hom deur sy eie planne laat vang. Dus is dit vir Grattan nie nodig om sulke uitvoerige voorsorgsmaatreëls te tref nie; al wat hy hoef te doen, is om teenstrydig met die Buiter se vermoedens te handel.

HOOFSTUK NEGE

„Maar veronderstel jou vermoedens is verkeerd!" roep Willa uit.

„My liefste skat," werp Jean de Moreaux effens ongeduldig teë, „ek weet dat jy baie besorg is, maar jy behoort self te besef dat dit jou tog nie sal help om my te probeer keer nie. Ons reëlings is klaar getref. Jasper du Preez moet gered word, die goewerneur moet 'n les geleer word, en ek wil graag uitvind wat die geheim van Sylvia D'Southy is. Hoe kan die mense in die Kasteel dan nou anders handel wanneer hulle 'n geweldige ontploffing hoor en 'n groot brand buite die Kasteelmure sien? Almal, die soldate inkluis, sal tog daarheen hardloop. Die nuwe kaptein is nog heeltemal onbekend met toestande hier in die Kaap. Vanmiddag het hy gehoor hoedat ek die goewerneur dreig dat ek die waens sal verbrand. Toe word hy beveel dat dit sy eerste plig is om my te vang. Nou, skielik, voer ek daardie dreigement uit. Hy sal net een gedagte hê en dit is om hom na die waens toe te haas en my te probeer vang. In die tussentyd gaan ek op my gemak voort, ek besoek Sylvia D'Southy en daarna gaan ek om Jacques te help om Jasper uit die sel te bevry. Wat kan nou eenvoudiger wees?"

Dit is reeds lank ná sononder en Jean de Moreaux en sy verloofde is in die sitkamer van sy huis in die Buitengracht. Hulle het pas geëet en wag nou op Jacques de la Fay.

„Ek voel, Jean, dat jy te seker van jou saak is. Ek erken

dat kaptein D'Southy miskien nog onervare is, maar jy moet darem nie dink dat alles so maklik soos vanmiddag sal gaan nie. Vanmiddag het jy almal onverhoeds gevang; maar toe het jy vir hulle uitdruklik gesê dat jy 'n aanval op die waens gaan maak. Verder is daar genoeg mense wat weet dat geen onskuldige boer in die Kasteel opgesluit kan word sonder dat die Buiter 'n poging sal aanwend om hom te bevry nie. Almal weet reeds dat Jasper môre geskiet sal word, en daarom kan jy baie seker wees dat hulle vanaand 'n aanval van jou verwag."

„Skatlam," sê Jean gemoedelik, „ek weet net hoe jy voel, maar moet dit nie vir my swaarder maak deur soveel besware teen my planne te opper nie. Ek is baie seker dat ons ons plan met welslae sal deurvoer." Hy aarsel 'n paar oomblikke. „Ek wonder tog waar Jacques bly? Hy moes al hier gewees het."

Op daardie oomblik klop iemand aan die deur. Een van die bediendes stoot dit oop en kondig aan dat m'sieur De la Fay die graaf De Moreaux wil spreek. 'n Oomblik later kom Jacques die vertrek haastig binne. Sodra die deur agter hom toegetrek is, verneem hy of alles gereed is.

„Ja," antwoord Jean saaklik. „Pierre en Philip het reeds vroeër uitgery om 'n bietjie te verken. Ek het hulle gesê om wyd rondom die Kasteel, langs die strand en verder aan tussen die bosse rond te soek en te kyk of ons weg nie daarlangs versper sal word nie. Ons moet nou gou maak, want ons moet hulle op die plein voor die Kasteel ontmoet." Hy strek sy hande na Willa uit en neem haar in sy arms. Sonder om verder te praat, soen hy haar teer.

„Wees versigtig, Jean," sê sy gevoelvol.

„Ek sal."

„Elmien het gesê sy sal netnou na jou toe kom. Julle

moet hier wag tot ons terugkom," deel Jacques haar mee.

Hulle gaan uit en ontmoet André in die gang, waar hy op hulle wag.

„Het jy aan die ander bediendes gesê dat ons 'n entjie in die aandlug gaan ry?"

„Ja, m'sieur. Die perde wag buite voor die deur."

Hulle gaan met die trappe af en 'n oomblik later ry hulle op 'n stappie met die straat op totdat hulle in die donkerte verdwyn. Almal wat hulle teëkom, groet beleef en steur hulle nie verder aan die drie ruiters nie.

Twintig minute later gly drie donker figure tussen 'n paar hoë bome bo teen die hange van Leeuberg uit. Die swart perde onder hulle beweeg met soveel gemak tussen die bosse deur asof hulle elke tree van die pad ken. Na 'n rukkie swenk die eerste ruiter op die groot, swart hings na links, en die ander twee volg hom. Hulle galoppeer tussen die buitenste huise van die stad deur en al met donker, verlate strate langs totdat hulle uiteindelik tussen die bome op die plein voor die Kasteel tot stilstand kom. Hulle smelt in die donker skaduwees weg.

Skielik weerklink die hoë geroep van 'n naguil en feitlik oombliklik antwoord 'n ander aan die oorkant van die ruimte. Die geoefende oë van die Buiter sien eerste die gestaltes van Pierre en Philip raak waar hulle al met die skaduwees langs in hulle rigting beweeg.

„Het julle enigiets raakgesien?" vra Jean sodra die twee voor hom staan.

„Dit lyk 'n bietjie verdag m'sieur," antwoord Philip. „Daar is heelwat wagte by die waens, maar nie soveel as wat ek sou verwag het nie. Wyer om die Kasteel is nie buitewagte geplaas nie, maar daar na blaauwberg se kant toe het ons 'n groep ruiters tussen die bome bespeur. Ons het so

na as moontlik gegaan, en vir sover ons kan vasstel, moet dit 'n kommando boere wees. Hulle staan egter daar rond en ons kon nie uit hul beweging agterkom wat hul planne is nie."

Jean sit 'n rukkie ingedagte. Dan vra hy:

„Was hulle nog daar toe julle teruggekom het?"

„Ja m'sieur."

„Dan moet julle drie eers hier wag," beveel hy sonder aarseling. „Jacques, kom jy saam met my. Heel waarskynlik is dit 'n paar waaghalsige boere wat Jasper wil bevry, en dit is net moontlik dat ons planne mag bots. Aan die ander kant kan ons hulle dalk gebruik om ons te help."

Die Buiter en sy luitenant kap hul perde liggies met die knie. Die getroue diere beweeg op 'n draffie in die donkerte na die strand toe. Sodra hulle buite hoorafstand van die naaste huise is, steek hulle die perde onder die spore en galoppeer in volle vaart langs die kus af.

Vyf minute later hoor hulle die gerunnik van 'n perd 'n entjie voor hulle. Jean hou sy hand op, hulle spring ligvoets af en maak die diere aan 'n bos vas. Daarna sluip hulle vinnig vorentie totdat hulle die donker gestaltes voor hulle duidelik kan onderskei. Op hul mage seil hulle nou van bos tot bos tot omtrent tien tree van die naaste ruiter af.

Jean stel onmiddellik vas dat dit wel van die boere moet wees, en hy merk ook op dat hulle nie wagte uitgesit het nie.

„Ek sê jou vir die soveelste maal, Petrus!" roep een van die burgers uit. „Ons wag verniet hier. Ons kan net sowel ons eie planne agtermekaar kry en 'n poging aanwend om Jasper uit die Kasteel te kry."

„Ek stem met jou saam, Johannes," sê een van die ander.

„Ons wag nog net 'n rukkie, vriende," versoek 'n bedaarde stem, wat Jean onmiddellik as dié van Petrus Hen-

ning herken. Hy het vantevore reeds heelwat met dié boer te doen gehad en hy weet dat Henning 'n onwrikbare vertroue in die Buiter het. Bowendien was Henning daardie middag by die eetmaal toe Du Preez in hegtenis geneem is.

Daar is reeds tekens van twyfel in Henning se stem te bespeur toe hy voortgaan: „Ek verseker julle dat hy sal kom."

„Maar dis tog belaglik, oom Petrus!" roep 'n derde jong boer uit. „Ons kom sit hier in die donkerte en dan verwag oom dat die Buiter doodluiters op ons afgestap sal kom om leiding te gee in die ontvoering van Jasper du Preez!"

„Ons kan maar net hoop," antwoord Petrus Henning. „Die Buiter het ons nog nie vantevore in die steek gelaat nie, maar dit is vir hom moeilik om altyd met ons in aanraking te kan kom. Daarom het ek voorgestel dat ons ons hier gereed hou. Daag hy nie op nie, dan tree ons self op."

„En ons kan dit maar net sowel dadelik doen. Ons sal niks uitgevoer kry deur hier te staan en hoop nie!" roep nog 'n ongeduldige stem uit.

„En tog beskaam die hoop selde."

'n Roering gaan deur die klomp perderuiters. Die laaste man kyk nou in die rigting van waar die vreemde stem gekom het. 'n Oomblik van doodse stilte volg, maar hulle kan niemand sien nie.

„Wie is daar?" roep een huiwerig uit.

Petrus Henning slaak 'n sug van verligting.

„Die Buiter, natuurlik!" juig hy dit uit.

„Heeltemal reg, Petrus," bevestig Jean sy woorde van agter 'n bos af. „Hoekom is julle almal hier? Wat is julle planne?"

„Ons het gehoop u sal kom," antwoord Petrus, en die ander boere laat hom toe om namens hulle almal te praat.

„Om wat te doen?"

„Ons het gemeen dat u ons sal help om Jasper du Preez te red."

„Ek was reeds op pad om dit te doen toe ek van jul teenwoordigheid verneem. Dit sal die beste wees om ons kragte saam te span."

Hy draai hom na Jacques en fluister: „As hulle die waens aanval, sal dit André en Philip se taak vergemaklik."

Dan vervolg hy: „Sodra julle die roep van 'n naguil hoor, wag julle nog tien minute en jaag dan al langs die kus op. Buitekant die Kasteel, links van die poort, staan 'n paar waens wat sterk bewaak word. Val hulle aan. Moet egter nie blindelings op hulle afstorm nie. Ry tot binne vuurafstand en trek los. Indien 'n hele troepemag op julle toesak, laat julle spaander. Dit is uiters belangrik dat geeneen van julle gevang moet word nie, want dan sal dit my taak net bemoeilik. Hou egter aan met vuur totdat julle een of meer van die waens sien ontplof; dan kan julle seker wees dat Jasper du Preez se vryheid 'n voldonge feit is. Gaan dan sonder meer terug na jul huise."

'n Oomblik is daar stilte. Die boere wag om te hoor of die Buiter nog iets te sê het.

„Ons is gewillig om binne die Kasteel ook te help!" roep Petrus Henning uit.

Daar is egter geen antwoord nie.

„Hy is reeds weg," sê die ou man. „Ons sal sy bevele stiptelik moet uitvoer."

Van alle kante betuig die boere hul bereidwilligheid. Juis op daardie oomblik hoor hulle die hoë roep van 'n naguil 'n ent voor hulle.

Die twee swart gestaltes galoppeer vinnig terug na die Kasteel toe. Sodra hulle die buitewyk van die stad bereik,

gaan hulle uiters versigtig te werk. Eindelik sluit hulle hul by André-hulle aan.

„Alles nog in orde?" verneem Jean.

„Ja, m'sieur."

„Nou kyk, André, my plan is soos volg: Jy en Philip sal vanaand op jul eie moet handel. M'sieur Jacques, Pierre en ek sal ons eie gang gaan. Luister nou aandagtig. Oor ongeveer tien minute sal die boere 'n aanval op die waens maak. Hul sal daar van die strand se kant af begin skiet, en ek neem aan dat die soldate al hul aandag aan daardie kant sal gee. Indien daar een of twee wagte duskant die waens gelaat word, sal dit vir julle twee seker nie moeilik wees om hulle te oorrompel nie. Sluip dus in die skaduwees langs agter hulle in en gebruik die fakkels wat julle saamgebring het om twee, of indien moontlik, drie van die ammunisiewaens aan die brand te steek. Is dit heeltemal duidelik?"

„Ja, m'sieur."

„Nou maar goed, los jul perde hier en gaan te voet."

André en Philip klim af en gooi die tooms van hul perde na Pierre. Hul trek die paar fakkels uit die saalsakke, maar voordat hulle aanstap, sê die ou man gevoelvol:

„Wees versigtig, Jean."

„Jy ook, ou vriend," antwoord die Buiter.

André wuif na die ander en dan draf hy en Philip vinnig onder die bome langs. Hulle swart fluweelsandale maak geen geluid op die gruis nie, en vir enigiemand meer as vyf tree van hulle af, is hulle totaal onsigbaar. Op die rand van die paaie wat na die Kasteelpoort lei, aarsel hulle en kyk versigtig rond. Dan snel hulle vinnig oor en verdwyn in die oorkantse skaduwees. Gelukkig bereik die ligte van die Kasteelpoort nie die waens nie.

Ongeveer 'n honderd tree van die soldate af gaan die twee

op hul maag lê. André aanskou die toneel voor hom aandagtig. Tussen die waens self is 'n paar lanterns opgehang, en daar is net een straatlamp wat 'n gloed oor die naaste wa gooi. Tussen daardie lamp en die poortlampe is dit donker.

„Ons wag tot hulle aanval, Philip."

„Die boere is laat," mompel Philip. „Maak my wakker as hulle kom. Hulle behoort 'n rukkie saam met m'sieur Jean te werk sodat hulle kan leer om op te skud."

„Julle is almal deesdae glad te veel op jul gemak en te onverskillig, Philip," waarsku die ou man hom.

Philip antwoord egter nie en laat rus sy kop op sy arms. Hulle wag in stilte.

Enkele minute later hoor hul geoefende ore die gedreun van 'n menigte perderuiters. Dit is eers sag en dof, en hulle voel die geluid deur die trilling van die grond aan. Maar dan word dit helderder. Dit is duidelik dat die boere geen poging aanwend om hul stormloop te verberg nie.

Tussen die waens spring soldate op. Almal kyk in die rigting van die geluid. 'n Paar van hulle skree vir mekaar, maar André kan nie uitmaak wat hulle sê nie. Dan gryp hulle hul gewere en beweeg in die rigting van die waens aan die strand se kant.

André kan duidelik 'n bevel uit die donkerte hoor. Die perderuiters het tot stilstand gekom, maar van waar hulle lê is dit onmoontlik om iets te sien. Hy neem ook aan dat die soldate niks buitekant die ligkring sal kan sien nie.

En dan, meteens, bars 'n sarsie geweerskote los. Die rooi vlamme van die kruit kan duidelik gesien word soos dit by die geweerlope uitgespuug word. Soos 'n klomp besetenes hardloop die soldate deurmekaar, maar dan roep hul offisier 'n paar bevele uit en neem hulle hul poste agter die buite-

kantste waens in. Hulle begin blindelings in die donkerte voor hulle skiet.

„Kom, Philip," fluister André. „Laat ons nader sluip."

Hulle sleep die fakkels op die grond langs hulle. Dan hou André weer sy hand op en luister aandagtig. Binne-in die Kasteel kan hulle duidelik die rumoer hoor.

„Ons moet eers 'n rukkie wag," waarsku Philip. „Ons moet kyk wie almal uit die Kasteelpoort uitbars, want hulle sal voor ons verby na die waens toe hardloop." Hulle is reeds ongeveer tien tree van die naaste wa af en dit is net die hoë gras wat hulle daar bedek.

'n Oomblik later kom 'n paar soldate by die poort uit. Hulle aarsel 'n oomblik en storm dan op die waens af. André herken die voorste een as kaptein D'Southy. Net agter hom volg Krause. 'n Entjie voor hulle steek Grattan vas. Hy swaai hom om na Krause.

„Stuur een van die manne terug om die res van die garnisoen hierheen te ontbied!" beveel hy. „Laat net die wagte op die mure by Du Preez se sel bly, asook die klompie wat ek jou aangesê het om in die besoekerskwartiere gereed te hou. Laat die res hierheen kom."

Sodra Krause sy bevele uitgevoer het, hardloop die twee verder. Grattan koes agter een wa weg, want hulle word meteens bewus van koeëls wat deur die lug oor hul koppe trek. Hierdie onverwagte aanval het hom ietwat van stryk af gebring. Dit lyk vir hom glad nie na die gewone taktiek van die Buiter nie. Hy sluip nou van wa tot wa totdat hy by die soldate kom wat besig is om die geweervuur van die aanvallers te beantwoord. Hy tik een op die skouer.

„Wat gaan aan?" roep hy hard uit om bo die gedreun van die skote gehoor te word.

„Ek weet nie, kaptein, maar daar is 'n hele massa van hulle

daar buite. Ons het net die perdehoewe gehoor, en voordat ons nog iets kon sien, het die lood tussen ons begin spat."

„Jy weet glad nie wie dit is nie?"

„Nee, kaptein. Dit is onmoontlik om daar in die donker te sien."

Grattan sê niks. Wat hy in werklikheid verwag het, is dat die Buiter op die een of ander slinkse manier tussen die waens sou inkruip om hulle aan die brand te steek, of dat hy miskien brandende vuurpyle of iets dergeliks van buite af op die waens sou afskiet. Sodra die ontploffing dan plaasvind, sou die Buiter tot die Kasteel ingang vind en na Sylvia se kamer gaan. Hiervoor het hy voorbereidings getref. Maar nou word hierdie lawaai opgeskop, en tog is daar nog geen ontploffing soos in die briefie voorspel is nie. Hy besluit om te wag totdat die ontploffing wel plaasvind.

„Julle twee daar anderkant!" roep hy 'n paar van die soldate toe. „Draai julle om en skiet al die lanterns tussen die waens stukkend. Hoe verwag julle om te kan sien as julle hier in die lig sit en jul aanvallers in die donkerte? Hulle kan julle duidelik sien en sal julle een vir een platskiet."

Hy roep 'n paar ander soldate en beduie dat hulle hom moet volg. Hulle sluip tussen die waens terug na dié wat naaste aan die poort is. Op daardie oomblik borrel die orige deel van die garnisoen by die poort uit en kom op 'n vinnige drafstap gebukkend nader.

Waar André en Philip lê, kan hulle duidelik hoor hoe Grattan na die soldate roep.

„'n Paar van julle moet hier duskant bly. Ons wil nie onverwags van agter af aangeval word nie." Hy keer die klomp wat pas aangekom het. „Julle daar agter, gaan terug. Agt voeg hulle by die wagte in die poort en vier elk

by elke wagpos op die mure. Vier ander gaan na Du Preez se sel. Die res draf deur en help met die verdediging aan die ander kant. Sorg dat die wagte gedurig ruil, Krause!"

Hy self staan besluiteloos. Hy weet nie eintlik wat die beste is om te doen nie. Hy voel meteens onseker en effens bang, soos iemand wat nie goed kan swem nie en skielik vind dat hy te diep in die water ingegaan het. Hy wil sy verdediging op alle punte versterk, en tog weet hy nie of dit hom sal help nie.

André hou die kaptein noukeurig dop. Links van hulle word die ligte tussen die waens een vir een uitgedoof. Dan beweeg Grattan terug in die rigting van die geweervuur, wat nog onafgebroke voortgaan.

André raak aan Philip se arm.

„Kom," fluister hy dringend.

Soos slange seil hulle vorentoe na die eerste wa toe. Hul skerp oë bly op die drie soldate wat tussen die waens wag staan. By die wiel van die naaste voertuig kom hulle orent. Hulle kyk om die tent. Net anderkant die wa staan 'n wag met sy geweer effens voor hom uitgestrek. Die man is blykbaar skrikkerig.

André raak weer liggies aan Philip en kruip dan stadig al langs die wa af na die voorkant toe. Hy glip om die wiele en, met een van die fakkels omhoog gehou, sluip hy vinnig, maar geruisloos, op die wag af. 'n Dowwe slag volg en André vang die man in sy arms. Haastig sleep hy en Philip hom teen die hoë wiel van die wa aan en gooi sy arms booor, sodat die bewustelose man regop teen die wiel staan. Hulle los hom daar en soos skimme in die nag kruip hulle op die volgende een af. Sodra al drie wagte in dieselfde posisie verkeer, spring hulle elk by 'n watent in.

'n Oomblik later kom hulle weer te voorskyn.

„Ons sal 'n paar waens moet deursoek, Philip," raai André hom aan. „Gaan jy met hierdie ry af, ek sal daar na die muur se kant toe soek. Sodra jy iets ontplofbaars teëkom, gee jy die gewone roep."

Sonder meer verlaat hulle mekaar. André spring by die volgende watent in. Hy soek na gewere, want hy weet dat die ammunisie in dieselfde wa sal wees. Daar is egter niks in dié een nie. Hy loer by die tent uit, spring af en hardloop gebukkend na die volgende wa toe. Hier kry hy ook niks nie.

Dan hoor André die hoë roep van 'n naguil. Hy weet nou dat Philip op ammunisie afgekom het. Hy spring uit en draf oor na die volgende wa toe. Dit staan langs die Kasteelmuur en hy slaak 'n sug van verligting toe hy op die groot kiste binne-in afkom. Teen die kant van die watent staan 'n ry gewere in houtrakke. Onmiddellik uiter hy ook die hoë, trillende skree van die naguil. Dan raap hy 'n klomp van die los goed bymekaar en gooi dit op die kiste.

André loer by die voorklap van die tent uit in die rigting van waar hy Philip hoor roep het. Binne-in een watent sien hy meteens 'n dowwe gloed asof iemand pas 'n vuurslag getrek het. Hy spring terug en doen dieselfde. Dan steek hy al sy fakkels aan en stop hulle onder die pakke geskenke in wat meesal met papier toegedraai is. Hy spring oor die kiste na die agterkant van die wa toe. Vlugtig loer hy uit — en dan pak 'n beklemming hom meteens beet! 'n Entjie regs van die wa staan 'n paar soldate by een van die wagte wat bewusteloos oor die wawiel hang. Hy hoor hul stemme duidelik en herken onmiddellik dié van kaptein D'Southy.

„Net soos ek gedink het!" roep Grattan uit. „Die skurke

het agter ons ingesluip. Hulle moet hier iewers tussen die waens wees."

„Daar, kaptein!" gil een van die soldate vreesbevange uit. „Kyk daardie gloed in die watent." Hy wys in die rigting van die wa waarin André is.

„Vang hom, manne!" skreeu Grattan. „Jy daar, roep van die ander soldate hierheen. Julle ander, volg my!"

Hulle storm op die wa af.

André deins terug. Hy kyk om. Die pakke agter hom is besig om vlam te vat. Enige oomblik kan die vuur deurdring tot binne-in die kiste kruit. Hy aarsel egter nie. Hy spring oor die vlamme na die voorkant van die wa toe. Hy lig die klappe op en spring op die kis uit. Net een keer loer hy om die rand van die tent, en dan spring hy aan die muur se kant af.

André is nie meer 'n jong man nie, maar deur die jare wat hy sy meester gevolg het, het hy sy liggaam opgepas. Soos 'n wilde bok spring hy weg en hardloop al teen die muur af in die rigting van die Kasteelpoort. Hy stuur 'n stille gebed op dat hy in die donkerte nie maklik teen die muur sigbaar sal wees nie en dat hy 'n kans sal kry om weg te swenk voor hy by die poort kom.

„Daar gaan hy, kaptein!" hoor hy meteens 'n stem agter hom. Tegelykertyd skiet die vlamme hoog in die watent op. 'n Verblindende lig word rondom hom gewerp. André kyk egter nie om nie. Hy weet dat hulle hom nou duidelik kan sien, maar hy besef ook dat die minste aarseling sy dood sal beteken.

„Skiet!" bulder Grattan half rasend van opgewondenheid.

André hoor die bevel, maar nog hardloop hy. Meteens swaai hy na regs, vou sy liggaam amper dubbeld en trek weg in die rigting van die plein.

Op daardie oomblik knal 'n paar skote. Hy voel 'n skerp pyn in sy regterbeen, maar word eers regtig daarvan bewus dat hy getref is toe hy meteens struikel en hard op die grond neerslaan.

Soos 'n gewonde dier wat probeer ontsnap, sukkel hy orent. Maar sodra hy sy been vorentoe sit, vou dit onder hom in en val hy weer soos 'n stuk hout neer.

Voeststappe dreun in sy ore. Jubelende stemme weergalm bokant hom. Hy hoor die kreet van oorwinning in Grattan se stem. Dan sak 'n swart mis oor hom toe, en hy verloor sy bewussyn.

HOOFSTUK TIEN

Nadat André en Philip vertrek het, sit Jean en Jacques doodstil op hul perde. Hulle luister aandagtig, maar die hele omgewing lyk vreedsaam en stil. Dan swaai Jean hom van sy perd af.

„Ek dink nie dis nodig om langer te wag nie," sê hy. „Ons kan in die tussentyd solank probeer om by die Kasteel in te kom."

„En hoe gaan ons dit regkry?" verneem Jacques.

„Maklik. Ons trek gewone klere oor ons Buitermonderings aan. Ons moet aanneem dat D'Southy verwag dat ons vannag sal probeer om Du Preez te bevry. André het reeds vasgestel dat daar wagte by die poort, op die mure, asook voor en in Du Preez se sel is. Ek twyfel egter of hy sou gereël het dat niemand die Kasteel mag binnegaan of verlaat nie. Myns insiens sal die goewerneur dit buitendien nie toelaat nie. Hy voel heel waarskynlik oortuig dat niemand werklik tot geweldpleging sal oorgaan nie. 'n Mens kan dit aflei uit die stories wat rondgaan: Hy dink dat almal nou volkome vreesbevange is omdat hy so beslissend opgetree het deur Jasper du Preez van hoogverraad te beskuldig.

„Nogtans moet ons geen risiko loop nie. Ek dink net dat dit nóú makliker sal wees om in te kom as later wanneer die rumoer losbars, want dan mag D'Southy allerhande verdere voorsorgsmaatreëls tref. Pierre, haal ons gewone klere

uit die saalsakke. Dan neem jy gou die perde en gaan versteek hulle. Toe nou, ou vriend, maak gou."

Die Buiter en sy manskappe dra gereelde gewone klere.

'n Rukkie later stap die drie doodluiters in die rigting van die Kasteelpoort. Duskant die pad wat voor die Kasteel verby loop, gaan staan hulle in die skaduwee van 'n boom wat digby die muur van 'n huis groei. Hulle kyk na links waar die waens is. Alles lyk nog vreedsaam daar. Van waar hulle staan, kan hulle by die poort in sien. Buitekant die poort staan daar aan weerskante twee wagte en binne-in stap 'n paar op en af. Dit is duidelik dat D'Southy wel deeglik reëlings getref het. Bo-op die mure, op verskeie punte, steek die koppe van wagte uit.

„Kom," sê Jean, „ons stap nader. Trek jul pette laag oor jul oë. As die soldate ons herken, kan ons laat spat."

Hulle stap op hul gemak in die laning af en vertel mekaar grappies wat hulle blykbaar daardie middag in die een of ander kroeg gehoor het. 'n Entjie van die poort af gaan Jean staan en wys na die waens wat 'n ent verder aan deur die lanterns verlig word.

„Daar staan 'n hele konvooi waens. Dit lyk asof hulle gereed is om te vertrek!" roep hy uit. „Ek wonder of hulle nie binneland toe gaan nie, dan kan ons miskien reël om saam te gaan."

„Dis 'n ingewing," sê Jacques ook luidkeels.

„Nou maar kom, ons verneem hier by die vriende wat die posisie is."

Sonder meer stap hulle nader na die twee wagte regs van die poort. Beide het reeds die kort gesprek in verband met die waens gehoor. Die meeste van die soldate is natuurlik bloot aangesê om wag te staan; daar is weining van hulle wat in die minste bewus is van die groot gevaar wat die

Kasteel bedreig. Net Grattan en 'n paar van die ouer soldate, sowel as sersant Krause, weet, of verwag altans met 'n taamlike mate van sekerheid, dat 'n aanval sal plaasvind. Die twee wagte is dus nie onmiddellik agterdogtig nie. Bowendien is hulle deur die melding van 'n tog binneland toe gerusgestel.

„Ek sê!" roep Jean uit sodra hulle naby die soldate is, „waarheen gaan daardie waens wat daar onder staan?"

„Hulle vertrek eersdaags Oosgrens toe met presente wat die goewerneur neem om aan die kafferhoofde te gee."

„Ek wonder of hulle nie drywers nodig het nie?" vra Jean weer.

„Miskien," sê die een soldaat ewe niksvermoedend. „Ek het gehoor wat julle nou net daar gesê het. Hoekom wil julle dan Oosgrens toe gaan?"

„Ons plan is nie Oosgrens toe nie. Ons wil werk soek in Algoabaai. Die setlaars het glo 'n hele paar nywerhede daar begin."

„Kom liewer môre weer. Dan kan julle die sersant spreek. Hy tref die reëlings vir die rit."

„Hoekom kan ons hom nie sommer nou gaan spreek nie? Dis mos nog nie te laat nie?"

„Nee, ek is bevrees dat julle hom nie nou te sien sal kry nie. Ons is almal gewaarsku vanaand om ons oë oop te hou. Daar is 'n belangrike gevangene in die Kasteel en sy vriende sal hom dalk probeer bevry. Dan ook het die Buiter vanmiddag gedreig dat hy van daardie waens wat julle daar sien, aan die brand sal steek."

„Die Buiter!" roep Jean uit. „O ja, ons het van hom gehoor." Hy lag skielik kliphard. „Die Buiter!" roep hy weer uit. „Julle glo tog nie daardie belaglike stories nie? Ek het gemeen dit is iets wat 'n mens net in die kroeg hoor

wanneer daar te veel gedrink is. Ha! ha! ha!" lag hy weer.

„Toe, Dirk!" roep hy Jacques toe, „kom ons speel jy is die Buiter, dan storm ons op die soldate af." Die wagte en Jacques en Pierre lag almal saam met hom. Maar dan hoor hulle meteens die gedreun van perdehoewe. Die soldate is dadelik weer ernstig. Hulle kyk in die rigting van die strand van waar die geluid kom.

„Dit lyk soos moeilikheid," sê die een aan die ander. „Julle drie moet julle liewer uit die voete maak. Ons het in elk geval bevele om nie met vreemdelinge te gesels nie."

„Veral nie met die Buiter nie!" voeg Jean vol pret by en gaan dan voort: „Ons het nie lus om te gaan nie. As daar 'n geveg gaan plaasvind, wil ons dit graag sien."

„Toe, hou nou op met jou gekkigheid," waarsku die een wag hom, nogal nie onvriendelik nie. „Staan terug in die skaduwee van die muur sodat niemand julle sien nie."

Jean-hulle gehoorsaam en gaan staan in die skaduwee. Hulle weet dat dit die boere is wat op die waens afstorm en wag gespanne. Jean probeer raai waar André en Philip nou sal wees. Hy het egter nog geen teken van hulle gewaar nie.

'n Paar oomblikke later bars die eerste geweerskote los. Die klompie wagte voor die poort beweeg in daardie rigting, maar dan roep een uit dat hulle nie hul poste mag verlaat nie. Hulle keer weer terug.

Kort ná die eerste geweerskote bars 'n groot kabaal binnekant die Kasteel los. Mense en soldate skreeu vir mekaar, en dan weerklink voetstappe van manne wat vinnig nader kom, deur die poort. Grattan, met Krause op sy hakke, kom te voorskyn. Hy kyk in die rigting van die waens en roep dan na 'n klomp van die binneste wagte om hulle te volg. Grattan draai hom om en skree oor sy skouer:

„Julle wagte hier voor, as enige van die inwoners van die Kasteel wil uitkom, keer hulle, want dit mag gevaarlik word hier buite!"

Dan hardloop hulle vorentoe om die posisie by die waens waar te neem. Jean draai hom na Jacques en fluister sag:

„Hierdie D'Southy lyk nie te onnosel nie," sê hy, „maar die arme man sal vanaand nog heelwat lesse moet leer. Ons moet nou net wag tot die klompie van binnekant af probeer uitbreek buite toe en ons dan by hulle aansluit."

Dit is ook nie lank nie voordat driekwart van die Kasteel se bediendes, vergesel van 'n aantal amptenare en selfs verskeie van die besoekers, by die poort aankom. Hulle probeer almal buitekant toe kom en skree vir mekaar om te probeer uitvind wat aangaan. Die wagte voor die poort word van alle kante met vrae bestook. Die twee soldate wat net voor Jean-hulle staan en met wie hulle gesels het, draai hulle om en hou hul gewere dwars voor hulle. Hulle beveel die besoekers om terug te gaan aangesien hulle buitekant mag seerkry. Dit is egter nie genoeg om die aanstormende menigte te keer nie. Hul nuuskierigheid het heeltemal die oorhand gekry en hulle beur nog vorentoe. Hulle is reeds buite die bek van die poort. Die soldate soebat en smeek dat hulle gehoor moet gee, maar dit neem nog 'n rukkie voordat die klomp bedaar. Eindelik, nadat aan hulle verduidelik is dat dit bloot 'n aanval op die waens is en dat dit maklik afgeweer sal word, begin die klomp stadig terugkeer na die binneplaas toe.

Jean-hulle het egter van dié geleentheid gebruik gemaak om om die hoek van die poort tussen die klomp in te glip. Daarna het hulle ook hul gesigte buitekant toe gedraai en begin beur en stoot, net soos die ander. Toe die hele klomp stadigaan begin terugbeweeg, is hulle saam na die binneplaas

toe. Hulle stap op hul gemak, geselsend en armswaaiend, net soos die ander, tussen die klomp deur in die rigting van die besoekerskamers.

„Dit was maklik," sê Jean. „Ek sou nooit kon dink dat ons so 'n gulde geleentheid gebied sou word nie. Maar kom, ons moet nou teen die muur langs hou om agter die vertrek te kom waar Sylvia D'Southy is.

Jacques en Pierre volg hom, en agtermekaar stap hulle met 'n nou paadjie tussen die muur en die grasperke langs. Daar is 'n heining wat hulle heeltemal van die binneplaas afskei, en Jean begin vinnig draf. Dit is nie heeltemal donker nie, want die lig van die lampe in die binneplaas skyn effens deur. Sodra hulle by die hoek van die vlerk kom waar die besoekerskamers is stap hulle weer stadig en op hul gemak. Hulle gaan agter om en stap langs die vensters af.

Meteens hou Jean sy hand op. Hy sak op sy knieë neer en die ander twee volg onmiddellik sy voorbeeld. Hulle kruip stadig vorentoe tot onder 'n venster waaruit hulle stemme gehoor het.

„Nou verwag hulle dat ons hier moet sit en wag!" roep een stem uit. „Ek wens ek kon weet wat daar buite aangaan. Hoor net hoe gaan hulle te kere."

„Ons sal netnou wel uitvind wat aangaan, maar ons bevele is uitdruklik dat ons nie hiervandaan mag weggaan voor dat die kaptein ons persoonlik kom roep nie."

'n Paar ander stemme brom hul ontevredenheid uit. Jean draai hom om en fluister:

„Dit is seker die soldate wat D'Southy hier geplaas het om te verhoed dat ons dalk hier agter inglip, maar ek verbaas my dat hy hulle in 'n kamer opsluit. Watter kuns is daar tog nou aan om hier onder die venster verby te glip? Kom."

Hulle seil op hul mage onder die venster verby. Twee vensters verder staan Jean weer op.

„Volgens Willa my vertel het, moet dít nou glo die juffrou D'Southy se kamer wees. Daar brand 'n lig in. Ek hoop net dat sy al hier is en nie 'n groot bohaai gaan opskop as ek skielik by die venster inklim nie. Die soldate daar anderkant mag haar dalk hoor."

Hy staan 'n oomblik en duik, en sê dan:

„Kyk, Jacques, gaan julle twee nou solank hier agter om na die binnepoort toe. Dit is donker daar. Sodra daar een of meer soldate verbykom, oorrompel hulle, maar sorg dat julle vinnig en geluidloos kan handel. Sleep hulle by die ou put in en trek hul klere uit. Wag dan vir my."

Hy gee hulle kans om weg te kom. Dan tree hy vorentoe en probeer by die venster inkyk. Daar is 'n gordyn voor, maar hy kan dofweg daardeur die meisie op die bed sien sit. Hy probeer in die kamer rondkyk, maar kan nie veel sien nie. Dit lyk darem nie vir hom asof daar iemand anders in is nie. Hy klop liggies aan die glasruit en sien hoe die meisie opspring. Dan klop hy weer en skuif die raam effens op.

„Moenie uitroep nie," fluister hy dringend. Terselfdertyd skuif hy die gordyn opsy en glip rats oor die vensterbank. Hy kom liggies op die vloer te lande en sien die meisie langs die bed staan, met haar hand klouend aan haar rok. Daar is 'n uitdrukking van vrees en verslaentheid in haar oë.

Jean het reeds weer sy masker opgesit, alhoewel hy nog die gewone klere aan het. Hy maak nou 'n gerusstellende gebaar en stap vinnig oor die vloer na haar toe.

„Ek het jou laat weet ek sal kom, juffrou D'Southy," sê

hy met die diep basstem waarmee hy gewoonlik praat wanneer hy die rol van die Buiter speel.

„Maar hoe het jy ingekom?" fluister sy hees. „Jy het gesê daar sal 'n ontploffing wees."

„Ek het besluit om maar te kom voordat die ontploffing plaasvind, juffrou. Die lawaai daar buitekant is in elk geval groot genoeg om almal se aandag af te trek."

Sylvia staan besluiteloos. Sy weet nie wat sy behoort te doen nie. Sy besef dat, as hierdie man gevang word, dit miskien Marcus se vryheid sal beteken. Maar noudat sy hom weer sien, styg daardie selfde gevoel van vertroue en hoop in haar op wat sy die aand ondervind het toe hy op die strand met haar gesels het.

„Wat wil jy hê?" vra sy dringend. „Jy moet onmiddellik gaan. Hulle sal jou vang." Sy wil hom graag waarsku. Sy wil hom vertel wat sy gedoen het, maar sy kan nie helder genoeg dink om die besluit uit te voer nie.

„Wat is die groot geheim wat jy my nou die aand nie wou vertel het nie?"

„Ek durf jou dit nie sê nie."

„Kyk, juffrou," sê hy geduldig, „ek waag ontsaglik baie om jou te kom besoek. Dit mag in baie mense se belang wees dat jy my vertel wat jy weet."

„My broer," begin sy, „is in groot gevaar."

„Ek weet dit," sê Jean. „Daar was so ewe 'n aanval op die waens hier buitekant, en dit is sy plig om hulle te beskerm."

„Dit is nie wat ek bedoel nie. Dié man is nie my broer nie. My broer word iewers gevange gehou, en as ek nie voorgee dat hierdie man my broer is nie, dan word Marcus doodgemaak!"

Jean is vir 'n oomblik amper uit die veld geslaan. Dan, meteens, word 'n hele paar dinge vir hom duidelik.

„Waar hou hulle jou broer?"

„Ek weet nie, maar u moet nou gaan. As hy. . . ."

„Wie is hy?"

„Sy naam is Joseph Grattan. Hy is 'n wreedaard."

„Wat is sy doel met hierdie bedrieëry?"

„Hy wou in 'n posisie kom om jou te vang; daarom moet jy gaan. Hy weet dat jy hierheen kom."

Die kleur verlaat Jean se gesig. Sy staalgrys oë boor onverbiddelik in dié van die meisie en hy merk hoedat sy van hom af wegdeins.

„Ek het gemeen. . . . hy het my beloof dat, as hy jou vang, Marcus bevry sal word."

„Ek verstaan." Jean besef meteens wat hierdie meisie alles moet deurgemaak het en daarom waardeer hy nou des te meer die onverklaarbare vertroue wat sy oënskynlik in hom moet hê om hierdie openbaring aan hom te doen. Die erkenning mag haar eie of haar broer se doodvonnis wees.

„Dankie," sê hy dan. Hy weet ook nou hoekom die soldate hier langsaan versteek is. As hy nie besluit het om vroeër na haar toe te kom nie, sou Grattan hom hier, ná die ontploffing, betrap het. „Jy moet nou hier bly en as die vent hier kom en na my verneem, moet jy sê dat ek nog nie hier was nie. Verstaan jy dit? Hy kan niks aan jou doen nie en hy durf ook nie jou broer doodmaak nie, want sodra jou broer dood is, sal hy geen houvas meer op jou hê nie. Verstaan jy dit goed? Niemand sal ooit weet dat ek hier by jou in die kamer was nie. Maak dus maar net asof jy nog wag. Is dit heeltemal duidelik?"

Sy knik. Daar is 'n gloed van dankbaarheid in haar oë.

„Ek sal kyk of ek jou broer kan red. Tot siens, juffrou."

So vinnig soos hy ingekom het, verdwyn hy nou weer uit die kamer. Hy druk die raam af nadat hy die gordyn toegetrek het.

Hy hardloop teen die muur af tot by die kamers van die goewerneur se bediendes, maar vind hulle verlate en stap dus deur die gange na die agterplaas toe. Jean ken die Kasteel so goed dat hy sou kon sê wie in elke kamer slaap en wat in elke vertrek gedoen word. In die agterplaas sluip hy teen die muur langs. Daar is ook niemand nie. Almal is natuurlik voor in die binneplaas, waarvandaan die geknetter van geweervuur dan ook nog onafgebroke voortgaan.

In die binnepoort wat by die ou put verbyloop en waarlangs die trappies opgaan na die vlerk waar die selle is, tref hy Jacques-hulle aan. Hulle het nog niks uitgevoer nie.

„Wat het jy uitgevind?" verneem Jacques.

Jean lag saggies asof hy nog nie mooi die volle waarheid kan besef nie.

„Volgens haar is hierdie D'Southy nie haar broer nie. Hy is 'n man met die naam van Grattan." Dan vertel hy Jacques alles wat hy gehoor het.

„Maar wat ek nie kan verstaan nie," werp Jacques teë, „is waarom die man dit alles sal doen net om in 'n posisie te kan kom om jou te probeer vang."

„Dit weet ek ook nie, Jacques, maar vanuit die staanspoor was daar iets in hom wat my gehinder het. Ons sal wel eendag uitvind."

Skielik luister hy aandagtig. Hulle staan in 'n deuropening en hoor voetstappe wat vinnig nader kom.

Dan stap vier soldate voor hulle verby.

„Die nuwe kaptein is van sy kop af," sê die een. „Daar is reeds vier wagte in die sel en nog vier voor die sel, en nou moet ons ook nog by hulle loop aansluit. 'n Mens

sit jou heeldag en verveel en noudat daar 'n bietjie opwinding kom, moet jy loop wag staan voor 'n seldeur waar niemand in elk geval kan inkom nie."

Jean hou die vier fyn dop. Hy pluk aan Jacques.

„Kom," sê hy, „ons loop hierdie vier kêrels uit die grond uit en neem hul plek in. Hou een van hulle by sy bewussyn, maar klop die ander drie goed uit."

Sonder om 'n verduideliking te vra of daarop te wag, spring Jacques en Pierre agter hom aan. Hul leersandale maak geen geluid op die plaveiklippe nie, en drie van die soldate, wat in die stadium net by die voet van die trappies gekom het, sak sonder 'n geluid inmekaar nog voordat hulle eens bewus is van die teenwoordigheid van die drie gestaltes agter hulle. Die dowwe houe van die pistoolkolwe wat sy makkers teen die kop getref het, laat die vierde opspring, maar tegelykertyd druk 'n hand sy mond en keel met 'n ystergreep toe. Sy arms word gegryp en agter sy rug vasgedruk. Dan sis 'n stem in sy oor:

„Kyk, vriend, as jy wil lewe, moet jy maak soos ons sê. Daar is 'n pistoolloop op jou gerig en as jy 'n enkele geluidjie uiter, sal dit jou dood beteken. Verstaan jy dit goed?"

Na 'n oomblik verslap die spanning waarin die soldaat verkeer; hy maak 'n beweging met sy kop asof hy wil knik. Jean haal sy hand van sy mond af weg.

„Kyk," vervolg hy dan, „ek is die Buiter en hierdie is twee van my manne. As ons gevang word, beteken dit ons dood. As jy ons dus verraai, sal ons jou saam met ons doodmaak. Is dit heeltemal duidelik?"

Die soldaat knik weer. Jean wat gewoond daaraan is om in die nag te sien, kan die man se gesig dofweg in die don-

kerte onderskei, maar hy voel daarvan oortuig dat die soldaat geeneen van hulle ooit weer sal herken nie.

Terwyl hy die pistool op die soldaat gerig hou, sê hy aan Jacques: „Sleep julle twee solank hierdie soldate daar langs die put in en trek hul klere aan. Maak gou, sodat ek dit ook kan doen."

Jacques gehoorsaam onmiddellik. Jean pluk die soldaat aan die mou en sleep hom ook daar in die donker hoek in. Hy luister aandagtig. Buitekant weerklink die geweerskote nog onophoudend. Hy wonder hoe ver André en Philip gevorder het. Miskien gaan dit moeilik om die waens met die ammunisie te vind. 'n Gloed van teerheid sprei oor sy gesig as hy aan André dink. Die ou man het hom deur die jare getrou gevolg en hom nog nooit in die steek gelaat nie. Hy sal dit vanaand ook nie doen nie.

„Ek is klaar, Je. . . ." Jacques aarsel. Hy het amper vergeet dat daar 'n soldaat by is. „Ons is klaar. My pistool is op hom gerig, jy kan jou nou aantrek."

Jean trek sy pistool in sy gordel en trek die baadjie van een van die soldate op die grond uit. Pierre help hom deur die man se broek uit te trek.

„Ek het aangeneem," verduidelik Jean intussen, „dat hulle af en toe wagte sal ruil om te voorkom dat ons party platslaan sonder dat iemand dit agterkom. Ons neem dus nou ons plek voor die sel in en wag op 'n geleentheid om die sleutels in die hande te kry. Grattan dra dit by hom en sal wel 'n draai daar maak. Dit sal te donker wees om ons te herken."

Drie minute later stap die vier van hulle die trappies op. Die soldaat stap effens voor met Jean net agter hom, sodat hy die pistool wat hy in sy baadjiesak het, kort-kort teen

sy rug kan druk. In sy linkerhand dra hy die geweer wat hy van die bewustelose soldaat geneem het.

Bo-op die trap draai Jean na links en gaan deur 'n donker gangetjie. Dit loop loodreg in 'n ander gang. Daar draai hulle regs, gaan dan met vyf trappe op en kom op die groot vlerk uit. Links van hulle is die ry seldeure en verder af die skietgate in die ringmuur.

Jean bespied die omgewing vlugtig. Voor die een sel waarin Jasper du Preez natuurlik gevange gehou word, staan vier man op aandag. Verder weg, maar heeltemal buite hoorafstand, staan 'n wag by elke skietgat. Dit is egter so donker dat selfs Jean beswaarlik hul gestaltes kan uitmaak.

„Toe," fluister hy vir die soldaat voor hom onderwyl hy die pistoolloop hard in sy ribbes stamp, „sê vir hulle wat ons hier kom maak."

„Die kaptein het ons gestuur om by julle wag te hou," kondig die soldaat aan.

Een van die wagte snuif.

„Hoekom stuur hy nie liewer die hele garnisoen hierheen nie? Die man is skoon gek! Val maar in elk geval hier langs ons in en sê ons wat gaan daar onder aan."

„Ek weet nie," antwoord die soldaat wat saam met Jean-hulle is. Jean voel tevrede, want die man praat heeltemal natuurlik, hoewel sy stem effens hees van vrees is. „Die waens word aangeval, maar niemand kan uitmaak deur wie nie. Dit is te donker, en hulle kom ook nie nader nie. Ons was saam met die kaptein op pad daarheen, maar toe het hy ons beveel om hierheen te kom. Daar word ook wagte na die ander verdedigingspunte toegestuur. Heel waarskynlik sal daar ook nog 'n paar na hierdie vlerk toe kom om daar by die skietgate wag te staan."

Hulle verval in stilte. Hulle luister almal na die rumoer voor in die binneplaas en die geweerskote daar buite.

Meteens skeur 'n oorverdowende geknal deur die lug. Agter hulle verskyn 'n rooi gloed. Dan volg daar nog 'n ontploffing. Dis byna soos donderweer wat eers bulder, met die bliksemstraal wat net daarna volg.

„Iemand moet die ammunisiewaens raakgeskiet het," meen een van die soldate.

Hulle het almal geskrik, maar hierdie verduideliking stel hulle weer effens gerus. Jean voel bly dat hulle aan die oostekant van die sel staan sodat die lig van die brandende waens hulle nie kan bereik nie. Anders sou iemand dalk hul gesigte kon gesien het.

Hy glimlag tevrede. André en Philip het hom nie teleurgestel nie. Hulle het hul opdrag getrou uitgevoer. Hy stuur 'n stille gebed op dat hulle veilig moet ontsnap.

Dan staan hulle weer stil. Al die wagte voel effens ontevrede, want hulle sou liewer daar buite by die geveg wou gewees het. Hier staan hulle met hande gevou, en hulle weet nie eens wat aangaan nie!

'n Kwartier sleep verby. Die geveg daar buite het bedaar. Jean weet dat die boere volgens afspraak ná die ontploffing teruggeval het. 'n Rukkie gelede het hulle perdehoewe links van hulle hoor verbygaan in die rigting van Blaauwberg.

„Ek wonder wat nou gebeur het!" roep die een soldaat ongeduldig uit. „Hoekom kom sê hulle 'n mens nie?"

„Daar kom iemand nou," sê die ander.

Uit die gang waarlangs Jean-hulle gekom het, kan hulle voetstappe vinnig hoor nader kom. 'n Paar oomblikke later verskyn twee gestaltes. Die voorste is Grattan. Hy het 'n lantern by hom, maar hou dit laag langs hom sodat

hy kan sien waar hy trap. Agter hom volg Krause. Hulle stap vinnig by Jean-hulle verby tot by die deur van die sel.

„Is alles hier in orde?" roep Grattan bars uit. Hy is ontevrede, want hy weet nie wat aangaan nie. Hy het buite by die waens reeds ongeduldig geword, want die geskietery het skynbaar eindeloos aangegaan sonder dat iets verder gebeur.

Toe hy en Krause uiteindelik teruggaan in die rigting van die poort om te sien of alles daar in orde is, het hulle op die drie wagte afgekom wat bewusteloos teen die wawiele leun.

Net daarna het die swart geklede figuur by die wa uitgespring, en hulle het hom platgeskiet.

Met jubelkreet het hulle op hom afgestorm. Grattan het die masker van sy gesig afgeruk en, alhoewel hy teleurgesteld was om te sien dat dit nie De Moreaux is nie, was hy heeltemal tevrede toe een van die soldate uitroep dat dit André, een van die graaf se bediendes, is. Vir hom was dit immers voldoende bewys dat De Moreaux inderdaad die Buiter is. Maar onmiddellik daarna het hy besef dat André se daad in werklikheid nog niks bewys nie.

Hy het die bewustelose man laat indra en, saam met Krause, het hy na Sylvia se kamer gesnel. Toe hulle deur die Kasteelpoort hardloop, het die ontploffings agter hulle plaasgevind.

Krause het herhaaldelik verneem waarom die kaptein dan verwag dat sy suster aangeval sal word, maar Grattan het dit nie nodig geag om 'n verduideliking te gee nie. Dit sou verduideliking genoeg wees as die Buiter daar gevang word!

By Sylvia se kamer het daar egter niks gebeur nie. Hy het die soldate langsaan gewaarsku, en hy en Krause het selfs binnegegaan en agter haar klerekas weggekruip. Daar het hulle amper 'n kwartier gewag. Toe daar nóg niks gebeur

nie, het Grattan begin twyfel of alles werklik sou afloop soos hy verwag het. Hy begin toe selfs wonder of die brief wat Sylvia gekry het, werklik eg was!

Hy het Sylvia herhaaldelik gevra of daar niks gebeur het nie, maar met verbasende selfbeheersing het sy hom verseker dat sy nog die hele tyd alleen was. Toe het hy 'n paar soldate geroep en hulle agter die klerekas versteek met bevele om enigeen wat binnekom, in die bene te skiet. Daarna het hy, vol vrees dat sy planne dalk gaan skeef loop, en met Krause op sy hakke, hom na die vleuel waar die selle is, gehaas.

En nou vind hy dat alles hier ook nog in orde is! Hy kan dit nie verstaan nie. Hy draai hom na Krause toe en sê:

„Kyk, sersant, dit lyk nou asof hulle tog nie ingekom het nie. Gaan dadelik en kyk of die wagte almal op hul poste is. Sorg dat 'n paar soldate gedurig van die een wag na die ander beweeg, en wag dan vir my in my kantoor."

Krause vertrek dadelik. Grattan haal 'n bos sleutels uit sy sak en steek dit in die seldeur. Hy besluit dat dit die beste sal wees om nou eenvoudig net te sorg dat die gevangene nie ontvoer word nie. Die Buiter het reeds sy dreigement uitgevoer om 'n paar waens die lug in te blaas. Daaroor gaan die goewerneur nie baie gelukkig voel nie. As Du Preez nou ook nog ontvoer moet word, sal hy wat Grattan is, dit voorwaar terdeë ontgeld! Met die Buiter sal hy maar by 'n later geleentheid moet afreken.

Hy stamp die deur oop en hou die lantern voor hom. Die vier soldate staan teen die muur. Oorkant in die hoek sit Jasper du Preez vasgeketting.

„Bly wakker, kêrels," waarsku Grattan hulle.

Hulle salueer. Hy tree terug en sluit weer die deur.

Dan kyk hy 'n slag oor die vleuel rond en stap terug na die gang toe. Hy is net by die treetjies af toe hy iemand agter hom hoor.

„Kaptein!" roep iemand uit, „mag ek u iets vra?"

Hy draai hom om, maar op daardie oomblik word die lantern uit sy hand gepluk en tref 'n geweldige hou hom teen die kop. Jean vang die slap liggaam en laat dit onmiddellik op die grond neersak. Dan roep hy luid:

„Wat is dit?" en vervolg dan weer in dieselfde stem waarmee hy die eerste keer gepraat het:

„Moet ons almal op wag bly, of neem ons beurte?"

Hy probeer om die kaptein se stem so goed as moontlik na te maak, en praat so hard dat die soldate voor die seldeure hom kan hoor.

„Nee," sê hy, „die wat eerste daar was, kan nou teruggaan kwartiere toe." Hy aarsel 'n oomblik voor hy die gesprek afsluit met: „Dankie, kaptein."

Dan buk Jean, gryp Grattan aan die arm en sleep sy liggaam in die gang af. Hy neem die lantern saam sodat dit van buitekant af sal lyk asof die kaptein wegstap. Hy sleep die bewustelose man verby die plek waar die een gang links wegdraai. By die eerste deur wat hy kry, kyk hy in. Dit is 'n leë pakkamer. Hy trek Grattan in en stamp die deur agter hom toe. Dan blaas hy die lantern uit en sit dit op die vloer neer.

'n Oomblik later stap hy op sy gemak terug en sluit hom by die ander aan.

„Die kaptein sê julle kan maar gaan," kondig hy aan. „Hulle sal seker netnou vir ons ook kom aflos."

„Dank die Vader," mompel een van die ander, en sonder meer vertrek die vier wat oorspronklik daar wag gehou het.

„Nou moet ons gou speel!" roep Jean uit sodra die sol-

date se voetstappe in die verte verdwyn het. „Hou maar nog jou pistool op hierdie vriend van ons, Jacques. Ek het nog nie die geleentheid gehad om die sleutels te kry nie."

Hy stap vinnig in die gang af na die pakkamer toe. Daar vroetel hy deur Grattan se sakke totdat hy die bos sleutels kry. Dan gaan hy haastig terug.

„Dit klink wreed, maar ek dink dat ons ons vriend nou maar aan die slaap moet sus," fluister Jean vir Pierre. Die getroue volgeling aarsel nie. Hy pluk sy pistool uit en van agter af aan slaan hy die soldaat 'n harde hou teen die kop. Die man sak inmekaar, maar Jacques vang hom en sit hom op die grond teen die muur neer. Al drie kyk vlugtig na die wagte wat by die skietgate staan. Nie een kyk eens in hul rigting nie. Jean twyfel of hulle daarvandaan enige beweging hier teen die selmure kan sien.

„Nou hang alles daarvan af hoe vinnig ons kan beweeg. Ek gaan die deur oopsluit, en dan moet ons al drie instorm. Pierre, beweeg jy na links, Jacques, jy reguit vorentoe en ek sal regs swenk. Dan kan ons met veiligheid slaan na enigiets wat ons raak. Verstaan julle goed?"

„Ons verstaan, Jean."

Jean neem die bos sleutels en stap tot voor die deur. Meteens besef hy dat dit nou moeilik sal gaan om gou die regte sleutel te kry, maar dan herinner hy hom daaraan dat Grattan ook twee keer moes probeer voordat hy die selsleutel gevind het — en toe het hy nog 'n lantern by hom gehad!

„Wag julle daar, Krause," sê Jean oor sy skouer. Dan steek hy die eerste sleutel in die slot. Dit pas nie. Hy steek die tweede een in; dit pas ook nie. 'n Derde kan hy sommer voel is te groot. Die vierde pas ook nie. En dan, meteens, glip die sleutel in. Hy draai dit in die slot.

Toe hy die deur oopstamp, storm hulle al drie tegelyk

na binne. Binnekant is dit stikdonker, maar die Buiter en sy volgelinge het al menige nag op hulle oë moes staatmaak. Binne 'n paar sekondes kan hulle die donker gestalte van die vier soldate voor hulle begin onderskei. Hulle slaan met hul pistoolkolwe, en voordat enigeen daar binne nog weet wat aangaan, het drie reeds op die grond neergesak. Die vierde probeer uitroep, maar die klank verander onmiddellik in 'n geroggel, want 'n ystergreep het meteens sy gorrel omklem, en die volgende oomblik tref 'n harde hou hom teen die kop.

„Kyk by die deur uit, Jacques!" roep Jean haastig uit. „Miskien het van die ander wagte ons gehoor." Hy self buk onmiddellik en soek met sy hande na die kettings om Jasper du Preez se bene.

„Moenie bekommerd wees nie, vriend," sê Jean gerusstellend.

„Ons sal jou nou hier uit hê."

„Wie is jy?" vra Jasper.

„Jy behoort te weet."

„Die Buiter!" Daar is 'n klank van die uiterste verligting, asook van waardering en dankbaarheid in die jong boer se stem.

„Heeltemal reg, maar moet jou nou nie daaroor bekommer nie. Waar sit die slotte van jou kettings?"

„Dit is teen my voete."

'n Paar oomblikke later het Jean die regte sleutel gevind. Sy hand bewe effens toe hy die slotte probeer oopkry, want 'n geruime tyd het reeds verloop sedert hulle die eerste soldate katswink geslaan het. Hulle mag reeds hulle bewussyn herwin het; boonop mag iemand hulle nou enige oomblik daar raakloop.

Hulle help die jong boer orent. Hy staan 'n oomblik

stil voor hy sy arms en bene stadigaan begin beweeg totdat die bloed daarin terugvloei.

„Sal jy kan loop?" vra Jean haastig.

„Ja."

„Help hom, Pierre. Trek hom van die soldate se klere aan."

Solank dit gedoen word, stap hy na Jacques toe.

„Hoe lyk dit daar buite?"

„Nee, dis heeltemal stil. Hulle is te ver om ons te kan hoor en ek dink nie dat hulle kan sien wat hier aangaan nie."

„Ons sal nou eenvoudig tussen die hele klomp deur moet uitstap. Ek hoop maar net die een is so onnosel soos die ander. Noudat Grattan nie daar is nie, is die algemene peil van intelligensie van die garnisoen gelukkig heelwat laer."

Agter hulle kondig Pierre aan dat hy en Du Preez gereed is. Die twee jong edelmanne draai hulle om en neem die boer aan die hand. Hul help hom na buite en stap dan eers stadig in die rigting van die gang. Hulle gaan daarlangs af en dan verder met die pad waarlangs hulle oorspronklik gekom het, tot in die binnepoort by die ou put. Hier aarsel Jean 'n oomblik.

„Kyk, Du Preez," sê hy dan, „soos jy kan sien, is dit reeds ligter hier in die poort as daar bo. In die binneplaas sal jy ons gesigte herken. Dit is onmoontlik om nou maskers op te sit. Ons sal moet probeer om soos ons is by die Kasteel uit te kom. Ek wil dus hê dat jy nou vir ons 'n belofte moet maak dat jy nooit solank jy lewe enigiemand sal inlig oor hoe jy vanaand ontsnap het nie."

„Ek verseker u," antwoord Jasper du Preez aangedaan, „dat u op my eerlikheid kan staatmaak. Ek sal u geheim met dankbaarheid bewaar."

„Nou goed. Kom dan. Ek en Jacques sal voor stap. Pierre, jy en Jasper volg. Ons stap in gelid."

Hulle val agtermekaar in en marsjeer deur die binnepoort. In die groot binneplaas staan die mense nog oral rond. Soldate hardloop van die een plek na die ander. Bo-op die mure krioel dit van wagte, maar wat Jean die meeste ontstel is die massa soldate in die poort.

Hulle stap vinnig aan. Niemand steur hulle aan die vier „soldate" of wend 'n poging aan om met hulle te praat nie. Almal is besig met hul eie besprekings en bespiegelinge.

„Ek hoop net dat Philip en André die perde nader gebring het," sê Jean saggies aan Jacques. „Ons sal nie deur die poort kom sonder 'n klein skermutselinkie nie. En as ons dan laat spaander en hulle agtervolg ons te perd, is ons kanse maar min."

Tot nog toe het Jasper nie hul gesigte gesien nie, want Jean en Jacques het nog nie een maal omgekyk nie. Omtrent tien tree van die Kasteelpoort af steek Jean meteens vas. Hy pluk Jacques aan die arm, hulle draai hul albei om en kyk na Jasper en Pierre.

„Maak of ons hier staan en gesels," sê Jean haastig. „Krause het nou net daar by die poort uitgekom. Hy moet ons nie sien nie."

„De Moreaux!" Jasper du Preez kan die algehele verbasing nie uit sy stem verberg nie. „Wat soek *jy* hier?"

„Ek ontvoer jou," antwoord Jean laggend.

„Maar . . maar, die Buiter!" roep Jasper saggies uit. „Hoe is dit dan . . . ?"

„Moenie so baie vrae stel nie, my vriend. Neem maar net aan dat ons is wat ons voorgee om te wees."

„Maar vanmiddag nog was jy die een wat soveel haat

teenoor ons geopenbaar het dat jy die goewerneur gesteun het toe hy my in hegtenis geneem het."

„Ek maak maar so in die openbaar, my vriend."

„En wat ek nie alles van jou gedink het nie!" roep Jasper berouvol uit.

„Toe maar, vergeet dit nou maar."

„Julle vier daar!" roep 'n stem van agter af. Jean herken dit onmiddellik as dié van die sersant. Net een enkele sekonde kyk hy vlugtig na die ander drie.

„Van nou af moet julle elke beweging van my volg. Kom!" Hy draai hom om. „Ja, sersant?" roep hy uit.

„Wat staan julle daar en gesels? Waar is jul poste?"

„Die kaptein het gesê ons moet terugkom Kasteelpoort toe," antwoord Jean.

„Nou ja, kom dan. Moenie daar staan en gesels nie." Krause draai hom om en stap by die wagkamer in.

Jean slaak 'n sug van verligting. Hy wink na die ander drie en hulle stap vinnig na die poort toe. Die naaste soldate steur hulle nie eens aan hulle nie en hulle stap dus voort. Toe hulle omtrent halfpad deur die poort is, roep 'n stem weer hard van agter af:

„Julle vier daar, kom hier!"

„Dit is Krause." Jean steek vas. Hy kyk weerskante van hom. 'n Paar van die soldate rondom hulle kyk nou in hul rigting. Jean kyk vorentoe en merk dat die klomp by die bek van die poort nie die uitroep gehoor het nie. Hy draai hom om.

„Ek dink ons sal moet hardloop," fluister hy vir die ander.

„Wie is dan nou bo by die sel?" roep Krause weer uit. „Vier van julle het netnou teruggekom, en nou kom die ander vier. Wat gaan aan? Is dit dan nie meer nodig dat die gevangene bewaak word nie?"

Jean kom tot die gevolgtrekking dat Krause netnou blykbaar 'n bietjie ingedagte moet gewees het. Nadat hy egter in die wagkamer daaroor nagedink het, moet hy besef het dat die kaptein bo by die sel was en dat daardie vier soldate dus ook van die sel af moet gekom het Dit beteken dus dat daar nie 'n enkele soldaat buite die seldeur waghou nie!

Daar is nou geen uitkomkans nie. As Jean-hulle nader gaan, of as Krause na hulle toe kom, sal hy hulle herken. Enige oomblik mag een van die soldate dig by hulle agterkom dat dit vier vreemdelinge is.

„Nou maar kom, kêrels. Ons hardloop!"

Hy spring om en die ander drie volg hom onmiddellik. Hulle hardloop so vinnig soos hulle kan na die bek van die poort toe. 'n Paar sekondes is daar nog stilte agter hulle en dan skreeu Krause:

„Keer daardie manne!"

Maar tegelykertyd het Jean so hard soos hy kon, gegil:

„Hulle sê die Buiter ontsnap hier regs van ons oor die muur. Ons moet dadelik almal daarnatoe gaan en gaan keer!"

Die soldate voor hulle hoor die geskreeu. Hulle sien die vier wat na hulle toe aangehardloop kom. Die eerste wat hulle duidelik hoor, is Jean se uitroep. Hul reaksie is oombliklik. Hulle spring om en kyk langs die muur af.

Jean-hulle bars tussen hulle deur. Hulle draai egter nie regs nie! Die klomp wagte staar hulle verbaas agterna. . . .

Die vier vlugtelinge is reeds onder die bome van die kort laning voor die Kasteelpoort teen die tyd dat Krause en die agterste wagte deur die poort kom. Die koeëls fluit deur die lug, maar hulle skiet sommer blindweg, want die skaduwees is donker in die laning.

„Bring perde, julle onnosel swape!" snou Krause sy manne

toe. „Hulle kan nie te ver kom nie. Ons sal hulle gou platry."

Sonder verslapping hardloop Jean en die ander van boom tot boom. By die pad wat voor die Kasteel verbyloop en waar die straatlampe 'n dowwe gloed gooi, aarsel hy ook nie. Hulle steek dwarsoor na die plein toe.

Onderwyl hy hardloop, gee Jean die hoë roep van 'n nag-uil. Van 'n kort entjie voor hulle kom die antwoord. 'n Paar oomblikke later sien Jean die dowwe gestaltes van hul perde.

Philip kom hulle tegemoet.

„Alles in orde, Philip!" roep Jean uit. „Waar is André?"

Philip antwoord nie dadelik nie. Hy staan met die tooms van die perde in sy hand. Sy kop sak meteens vooroor en 'n snik ruk deur sy liggaam.

Jean voel asof daar 'n straaltjie yskoue water langs sy rug afloop.

„Waar is André?" roep hy weer uit. Hy vergeet vir 'n oomblik die gevaar agter hulle. Hy dink aan die ou man wat deur die jare heen aan sy sy gestaan het, wat elke oomblik van die dag gereed was om sy bevele uit te voer.

„Hulle het hom geskiet, m'sieur," antwoord Philip uiteindelik met 'n gebroke stem.

Hulle spring op die perde en jaag in volle vaart oor die plein in die rigting van die strand. Hul vreugde oor die oorwinning is van hulle weggeneem. Jean voel amper dat Jasper du Preez se vryheid daardie getroue ou man se dood nie werd is nie.

HOOFSTUK ELF

Gibbons stap ongeduldig heen en weer in die gang. Elke keer as hy bokant die trappe kom wat afloop na die deur wat straat toe lei, staan hy 'n rukkie stil. Uiteindelik hoor hy die knop draai. Hy haas hom soontoe.

Joseph Grattan kom stadig opgestap.

„Waar talm jy so lank?" roep Gibbons uit, en dit is duidelik dat hy op die rand van 'n senuwee-instorting is.

„Wat bedoel jy, waar talm ek so lank?" antwoord Grattan kalm.

„Ek het jou gister al laat weet dat daar nuuskierige mense is wat begin navraag doen."

„Waaroor is jy bekommerd? Wat kan hulle uitvind? Ek het reeds verkondig dat daar 'n vriend by my was, dat hy sy broer in die binneland gaan soek het en dat hy gisteroggend baie vroeg vertrek het."

„Dit sê nog niks. Ek sê jou, dit is gevaarlik om daardie vent langer hier te hou. As hy hier gevind word, sal dit my dood beteken. Alles wat ek deur die jare heen opgebou het, sal vernietig wees, en van jou en my samewerking sal ook niks kom nie."

„Wat verwag jy moet ek nou doen?" vra Grattan droog.

„Ek weet nie, maar die hele Kaap is oproerig. Kyk hoe het dit vannag gegaan. Ek sê jou, ek word bang vir hierdie besigheid. Ek gaan D'Southy verwyder."

„Is dit al waaroor jy my wou spreek?"

„Is dit nie genoeg nie?"

„Nou maar goed dan." Grattan haal sy skouers op asof dit nie baie saak maak nie. „Verwyder hom dan, maar doen dit net deeglik."

„Daaroor hoef jy jou nie te verontrus nie. Ek sal daarvoor sorg. Ek doen nie halwe werk nie."

Gibbons is baie ontevrede met die verloop van sake. Eers sou hy en Philip saamgewerk het, en toe is Philip dood. Nou kom hierdie Grattan, en dit lyk sowaar of alles hier ook verkeerd gaan loop.

„Ek ontvang vanaand 'n besending goed van 'n skip. Ek sal D'Southy aan die kaptein oorhandig met die versoek om hom so 'n entjie van die land af vir die haaie te gooi."

Grattan gesels nog 'n paar oomblikke en dan vertrek hy.

Toe hy by die voordeur uitgaan, vertrek sy gesig in 'n aaklige gryns van pyn en woede. Hy kook van binne, want sy woede ontstaan uit vernedering. Nog nooit vantevore is hy met soveel skynbare gemak deur enigiemand uitoorlê nie.

En hy durf sy ware gevoelens nie voor manne soos Gibbons wys nie. Hy moes sowaar koel en kalm staan en gesels asof hy hom oor niks ter wêreld bekommer nie.

Hy klim op sy perd en skop sy spore so kwaai in die dier se lieste dat die perd runnik van pyn. In sy bloeddorstige bui wil hy alles voor hom verskeur.

Wraakplanne maal deur sy brein. Hulle vreet aan sy binneste. Die Buiter sal boet, oor en oor, vir die vernedering wat hy hom aangedoen het!

Hy vryf aan die pers merk wat die Buiter se vuis op sy ken gelaat het. Dit is nou nog seer — en dit laat hom dink aan die nag se gebeure. Toe hy in die pakkamertjie bykom, het die lamp nog langs hom gestaan. Hy het 'n ruk bly

lê en sy gedagtes probeer bymekaar skraap. Toe het hy opgespring en soos 'n besetene na buite gehardloop. Die seldeur was oop. Die gevangene weg. Krause het aangekom en Grattan het die sersant byna vermoor.

Maar daar was niks aan te doen nie. Hy was voor die aanval so seker van sy saak, en tog het alles skeef geloop. Hy vervloek die Noodlot, maar in sy binneste besef hy dat hy met 'n teenstander te doen het wat niks aan die toeval oorlaat nie. En net vir 'n oomblik skiet daar vertroosting deur sy gemoed: as die Buiter maar net die afspraak met Sylvia gehou het, sou sake nou anders gestaan het. Kon hy maar weet dat die Buiter wèl daar was en dat die besluit om die meisie reeds voor die ontploffing te besoek, die enigste verandering in die Buiter se voorgenome planne was, sou hy nie eens daardie sekonde van vertroosting gehad het nie!

Maar hy het vir André! Deur hom sal hy die Buiter laat wens dat hy nooit gebore was nie. Die blinde, redelose woede van vernedering vlam weer in hom op.

Die son het pas oor die Hottentots-Hollandberge verskyn en daar is 'n fris geur in die môrelug toe hy onder die Kasteelpoort deurry. In sy wagkamer lê 'n boodskap dat die goewerneur hom in sy kantoor wil spreek.

Dit is al wat nog moes kom! Hy het byna vergeet dat hy ook aan Sy Eksellensie verantwoording moet doen van die nag se gebeure.

Hy klem sy hande bo sy kop saam. Die are swel dik langs sy slape en voorkop. Hy skop 'n stoel van hom af weg, en dan bedaar hy. Laat die goewerneur sê wat hy wil. André lê in die sel en die Buiter sal nog sy gesig in die stof voor Grattan se voete moet vryf.

Hy stap stadig na die Kat toe.

„Wel?" vra Sy Eksellensie onheilspellend sodra Grattan voor hom staan. Die goewerneur het vroeg opgestaan, maar het nog nie 'n volledige verslag oor die nag se gebeure gekry nie. Hy voel uit sy humeur.

„Wat bedoel u, Eksellensie?" vra Grattan lakonies.

„Wat bedoel ek?" bars die goewerneur uit. „Die helfte van my garnisoen lê in die siekekamers. Die gevangene het uit sy sel ontsnap. Twee van my waens is die lug in geblaas en drie ander uitgebrand. Nou vra jy nog wat ek bedoel. Ek wil weet wat jy en die hele garnisoen doen. Slaap julle?"

„Ons het alles in ons vermoë gedoen, Eksellensie . . ."

„Dan is dit blykbaar nie genoeg nie. Gistermiddag stap 'n kranksinnige rower by die eetsaal in en raak 'n klomp belaglike dreigemente kwyt. Gisteraand voer hy hulle uit, en pleks dat jy jou aandag aan die beskerming van Sy Majesteit se eiendom en die bewaking van veroordeeldes gee, verstaan ek dat jy driekwart van die garnisoen aansê om jou suster te bewaak!"

„Dit was nodig, Eksellensie," antwoord Grattan kalm. Hy word nie kwaad nie, want hy weet dat die goewerneur alle reg het om hom so aan te spreek. „Ek het gemeen dat daar vir die Buiter maar 'n baie geringe kans was om sy dreigement uit te voer en sy reputasie te handhaaf deur Du Preez te ontvoer, tensy hy dit met die een of ander slim set doen. Ek was dus bang dat hy my suster sou gebruik om my te dwing om hom behulpsaam te wees met die ontvoering."

Blykbaar begin die goewerneur effens afkoel.

„Het jy vasgestel wie eerste op julle begin skiet het?"

„Nee, Eksellensie. Nie een van die aanvallers is ooit gesien nie."

„En die een wat julle gevang het?"

„Toe ek hom sowat 'n uur gelede gesien het, het hy nog nie sy bewussyn herwin nie. Hy het baie bloed verloor, want ons kon nie gisteraand gou genoeg aandag aan hom gee nie."

Weer ontplof die goewerneur. Hy stamp met sy vuis op die lessenaar.

„Julle maak 'n totale mislukking van die hele besigheid en dan wil julle nou nog hierdie een leidraad ook laat sterwe! Waar is hy nou? Kry hy genoeg mediese aandag?"

„Ja, Eksellensie."

„Neem my na hom toe. Dit lyk my ek sal maar self die beheer moet oorneem."

Sonder meer draai Grattan hom om. Die goewerneur volg hom en hulle stap deur na die offisierskwartiere toe. Die hele omtrek is besaai met wagte. In die gang voor die deur staan hulle dig opmekaar. Grattan druk tussen hulle deur.

„Het die gevangene al bygekom?"

„Die dokter het pas 'n boodskap na u gestuur, kaptein," antwoord een van die wagte.

„Is hy nog by die gevangene?"

„Ja, kaptein."

Grattan druk die deur oop en staan terug sodat die goewerneur kan binnegaan.

André lê op 'n bed in die hoek. Langs hom staan die geneesheer. Hy voel sy pols. Die ou man se gesig is bleek en verwronge, maar sy oë lyk kalm en hulle is oop. Hy kyk na die twee mans wat pas ingekom het.

„Hoe gaan dit nou met hom, dokter?" verneem die goewerneur.

„Sy hart klop baie swak, Eksellensie, maar ek dink dat hy sal deurkom."

„Jy weet seker, dokter, dat dit 'n bediende van die graaf De Moreaux is?"

Die geneesheer knik.

„Het jy die graaf reeds in kennis gestel, D'Southy?" blaf die goewerneur.

Grattan skud sy kop.

„En hoekom nie?" vra die goewerneur weer met daardie onheilspellende kalmte.

„Wie is hierdie man se baas, Eksellensie?"

„Is jy aan die gek word, D'Southy? Ons het nou net gesê dat dit die graaf De Moreaux is."

„Of die Buiter?"

Die goewerneur kyk hom verstom aan. Stadig dring die betekenis van D'Southy se woorde tot hom door.

„Wil jy insinueer dat die graaf De Moreaux en die Buiter dieselfde persoon is?"

Grattan haal sy skouers op. Hy maak 'n gebaar in die rigting van die man op die bed.

„Vra hom, Eksellensie."

Die goewerneur draai hom om. Hy kyk 'n oomblik stip na André.

„Sal hy in staat wees om vrae te beantwoord, dokter?" verneem hy dan.

„Ja, Eksellensie. Maar te veel gepraat mag hom natuurlik weer sy bewussyn laat verloor."

„Wie is jul leier?" vra die goewerneur streng.

„Die Buiter," antwoord André met 'n stem wat nog verbasend sterk is.

„Maar wie is hy?"

„Ek weet net dat hy die Buiter is."

„Dis nie miskien die graaf De Moreaux nie?" bars Grattan meteens uit. Hy hoop dat die ou man nog te swak sal wees om onmiddellik 'n ontwykende antwoord te kan gee.

„Daardie skurk!" roep André swak uit. Hy probeer hom effens oplig, maar die dokter druk hom weer terug. Hy kry nogtans kans om 'n bietjie spoeg van veragting grond toe te stuur.

Grattan staan verbluf. So 'n wending het hy nie verwag nie. As die ou man dié houding inslaan, sal dit hom niks baat nie.

„Ek sal die inligting uit hom kry, Eksellensie," sis Grattan deur sy tande. Die goewerneur kyk om. Hy sien die wreedheid in die oë van die man voor hom, die afbuigende mondhoeke, en hy deins daarvoor terug. Hy voel meteens oortuig dat hierdie man sy sin sal kry.

„Nou maar goed. Ek laat die reëlings in jou hande. Ek waarsku jou net dat nog so 'n powere vertoning soos dié van gisteraand, jou jou werk en jou rang, indien nie jou lewe nie, sal kos. As ek goed nadink, dan kom dit my voor asof daar binnekant die mure 'n geweldige mate van samewerking met die aanvallers was."

Met hierdie onomwonde dreigement draai die goewerneur hom om en stap uit. Sodra die deur agter hom toegaan, kyk Grattan woedend na André.

„Jy sal nog praat, vriend, voor hierdie dag baie verder gevorder het."

Hy verlaat ook die vertrek. Hy stap na die wagkamer toe en gaan sit agter sy lessenaar.

Hy begin stadig insien wat alles gisteraand verkeerd geloop het. Die enigste werklike plek waar hy heeltemal seker was dat hy die Buiter sou vang, was in Sylvia se kamer — en daarheen het die skurk toe nooit gegaan nie! Hy

kan dit ook nou verstaan. Daar was te veel ander dinge om te doen, en die Buiter het dus blykbaar besluit om die besoek aan Sylvia later af te lê. Volgens Krause was daar 'n paar vermomde soldate, en hulle moet reeds in die omtrek gewees het toe hy en Krause die vorige aand daar aangekom het. Hulle het hom dus oorrompel, die sleutels geneem, die wagte binnekant verras en eenvoudig met Du Preez uitgestap.

Maar hy hou nog die troefkaart. As enige van die stories wat hy al van die Buiter gehoor het, waar moet wees, sal hy geen steen onaangeroerd laat om sy volgeling te kom red nie. En dié keer gaan die veel geroemde Buiter sy rieme styfloop!

Hy neem 'n pen en skryf 'n kort briefie. Dan roep hy 'n soldaat en beveel hom om dit by die graaf De Moreaux se huis af te lewer.

'n Halfuur later oorhandig die man die briefie aan die deurwag van die graaf De Moreaux. Die bediende neem dit na die sitkamer waar die graaf op daardie oomblik met Jacques de la Fay en die twee Rossouw-susters sit en gesels.

Jean neem die briefie, bedank die bediende en sodra hy uit is, gooi hy dit op die lessenaar neer.

„Ek voel vir niks meer lus nie!" roep hy weer uit. „Dit voel asof my regterhand afgekap is."

„Ag, Jean," troos Willa, hoewel daar in haar stem ook nog die nasleep van snikke is, „jy ontstel jou te veel. Jy moes tog geweet het dat dit nie vir ewig met julle net kon goed gaan nie. Trouens, dit is 'n wonderwerk dat nie meer van julle al jul lewens verloor het nie."

„Maar hoekom André? Was dit nog een van ons ander, sou ek dit kon verstaan, maar André! Dis hy wat ons altyd gewaarsku het om versigtiger te wees. Hy het altyd

aan daardie fynere puntjies gedink wat ons soms oor die hoof gesien het. Hoekom moes *hy* in die slag bly?"

„Toe maar, Jean," voeg Jacques ook nou by, „ons weet ten minste dat André se moordenaar 'n bedrieër is. Al wat ons moet doen, is om die regte kaptein D'Southy te voorskyn te bring. Dan sal Grattan se lewe maar kort van duur wees."

„Maar weet julle waar hy nou is?" vra Elmien besorg.

„Jean is taamlik seker daarvan dat hy deur Gibbons gevange gehou word, heel waarskynlik in die kelder onder sy winkel."

„Nou maar hoekom gaan julle nie daarheen en versoek hom om julle na die kelder toe te neem nie?"

„In watter hoedanigheid moet ons gaan? As De Moreaux en De la Fay?"

„Ja."

„En veronderstel D'Southy word nie daar gevange gehou nie? Wat sê ons dan?"

„Maar kry vir Sylvia om te sê dat Grattan nie haar broer is nie!" roep Elmien uit asof dit die maklikste ding ter wêreld is.

„My liewe kind," sê Jean geduldig, „so lank die moontlikheid bestaan dat D'Southy nog lewe, sal Sylvia nooit openlik teen Grattan getuig nie. Grattan het haar reeds gesê dat Marcus dan oombliklik sal sterwe. Jy kan tog self verstaan dat sy liewer 'n paar honderd mense sal sien doodgaan voordat sy haar broer in gevaar sal stel."

„Nou maar wat gaan julle dan doen?"

„Ons sal vannag besoek by mnr. Larry Gibbons aflê," sê Jean onheilspellend. Hy draai hom om, tel die briefie op en lees dit. Meteens verhelder sy gesig. Die blik van swaarmoedigheid verdwyn uit sy oë. Hy jubel luidkeels:

„Waarom huil ons?" roep hy uit. „André lewe. Hy is maar net gewond en word gevange gehou."

„Ek het gewonder wanneer hulle jou in kennis sal stel dat een van jou bediendes in Buitergewaad gevang is."

„Maar, Jean!" roep Willa besorg uit, „sal dit jou nie inkrimineer nie? Die feit dat André vir jou werk en een van die Buiter se handlangers is nie?"

„Ek twyfel daaraan, Willa," antwoord hy gerusstellend. „Soos ek vir André ken, sal hy so 'n vermoede onmiddellik uit almal se koppe praat. Maar dit is nie van belang nie. André lewe nog — dis al wat saak maak."

„Wat sê die brief verder? Is dit van die goewerneur?"

„Nee. Ons vriend Grattan raai my aan om 'n besoek af te lê. Ek sal gaan kyk wat hy wil hê en dan sommer planne bedink om André daar uit te kry. Reël asseblief vir 'n koets, Jacques," versoek hy beleef.

„Maar wag eers, Jean. Wat nou van Marcus D'Southy?"

„Hy moet wag totdat ons André gered het. Dit is van geen nut om Grattan te ontmasker solank André nog in gevaar verkeer nie, en 'n mens weet nie waartoe hulle in staat is nie. Hulle mag hom dalk sonder meer doodskiet. Ek gaan my solank aantrek."

'n Halfuur later rol die groot koets van die graaf De Moreaux deur die Kasteelpoort. Die soldate staan almal beleef op aandag. Net binnekant die poort word die perde ingehou, die leertjie neergelaat en klim die graaf stadig uit.

„Waar is jul kaptein?" verneem hy van die naaste wag.

„Hier in die wagkamer, graaf."

Jean stap binne. Grattan sit agter die lessenaar met sy hande agter sy kop gevou onderwyl hy gemaklik agteroor leun. Hy staan op toe Jean binnekom, maar daar is 'n uitdrukking van leedvermaak in sy oë.

„A, graaf De Moreaux! U het gekom."

„Ja," antwoord Jean kortaf. „Ek verstaan daar is die netelige ou sakie van een van my bediendes wat 'n bietjie hand-uit geruk het. Wat verwag jy van my?"

Jean behou die uitdrukking van verveeldheid op sy gesig, asof hy half ontevrede voel dat hy gesteur word oor so 'n nietigheid, maar sy staalgrys oë is stip op die man voor hom gevestig. Hy weet nie wat dalk reeds tussen Grattan en André plaasgevind het nie, maar hy is gewillig om sy kop op 'n blok te sit dat André niks sou verklap het nie.

„Dit is maar net 'n roetine-saak, graaf," deel Grattan hom mee. „U sal die man moet kom uitken." Hy praat half formeel en laat nie sy beleefdheid teenoor die graaf heeltemal vaar nie, want hy besef dat hy met een van die belangrikste en invloedrykste manne in die Kolonie te doen het.

„Nou maar kom, laat ons klaar kry."

„Volg my, graaf."

Hulle stap oor die binneplaas na die binnepoort toe. Binnekant in die half skemerte kyk Jean regs na die ou put waar hulle die vorige aand die soldate se klere aangetrek het. Links daarvan is 'n klein deurtjie in die klipmuur. Toe Grattan daarvoor gaan staan, dreig 'n gevoel van blinde woede om Jean te oorweldig.

Hy ken daardie deur. Dit lei na 'n kelder wat bekend staan as die donker kamer. Daarin is verskeie pynigingstoestelle wat deur vorige goewerneurs gebruik is om slawe mee te straf of om inligting uit gevangenes te dwing. Dié metode word egter geruime tyd al nie meer toegepas nie, maar Jean kry nou skielik 'n insig in die metodes van die wreedaard voor hom.

Die deurtjie swaai oop en hulle stap in die nou, bedompige

gangetjie wat half skuins na onder loop. Grattan trek 'n vuurslag en steek 'n olielamp aan.

Hulle is in 'n groot, langwerpige vertrek. Sonder die lig van die lamp en die dowwe skemering wat nou by die deur insyfer, sou dit stikdonker gewees het. In die middel van die vertrek op 'n bank lê André op sy rug uitgestrek. Sy arms en bene is uitgestrek, want aan elke voet en hand is 'n sterk riem vasgemaak wat op sy beurt aan 'n pen aan die grond gebind is. Die penne is lank, en aan die punt van elke pen is 'n tou vasgemaak. Die een punt van die tou is aan 'n katrol vasgeheg, terwyl die ander punt in die grond vasgeanker is. Deur die katrolle gedurig stywer te draai, word die man op die bank se bene en arms van sy liggaam af weggetrek.

Met moeite bedwing Jean die gevoel van pyn wat deur sy gemoed gaan. Hy besef dat Grattan hom noukeurig dophou in die gloed van die lamp wat hy bo sy kop hou. Hulle stap albei nader totdat Jean langs die martelbank staan en in die ou man se oë afkyk.

André se oë het oopgegaan en hy kyk nou bedaard in dié van sy leier. Net vir die honderdste deel van 'n sekonde straal daar die versekering van onsterflike getrouheid uit die oë van die ou man. Dan vertrek sy gesigspiere in 'n grynslag van veragting en draai hy sy kop effens. Hy probeer spoeg om sy minagting te toon, maar slaag nie daarin nie.

Jean lig sy sysakdoek op om sy bewende lippe te verberg. Maar dan bedwing hy sy gevoelens, en draai hom om na die man langs hom.

„Ja," sê hy sonder gevoel, „dit is een van my bediendes. Dit is regtig vir my 'n skok om te vind dat ek so 'n luis

in my diens gehad het. Doen wat jy wil met hom, kaptein. Kom, ek word by die huis verwag vir tee."

Hy draai hom om en stap uit. Die nou skrefie-ogies van Grattan volg hom met wrewel. Joseph sou enigiets ter wêreld wou gee om die man by die keel te kon gryp en met sy vingers te verskeur, maar hy bedwing hom en hulle stap saam buitentoe. Sodra die deur weer agter hulle gesluit is, draai Jean hom om.

„Ek sien julle het nie eens wagte hier nie," merk hy droog op. „Ná die gebeure van gisteraand behoort julle tog nou dubbele voorsorgmaatreëls te tref."

„Ek wens hy kom weer," sis Grattan dit uit. Maar dan bedwing hy hom. „Dit sal maar moeilik gaan om helder oordag by hierdie deur in te breek, graaf," sê hy half uitdagend.

„'n Mens weet nooit, kaptein," antwoord Jean droogweg. „Gisteraand het julle wagte binne-in die sel gehad en jul gevangene het nogtans soos 'n voëltjie daar uit gevlieg." Hy probeer die man kwaad maak, want sy gemoed is so oorstelp dat hy moeilik sy eie woede kan bedwing.

„Dit sal nie weer gebeur nie, graaf," antwoord Grattan. Hy weet dat hy die troefkaart in sy hand hou, en daarom steur hy hom nie daaraan dat die graaf doelbewus in sy rou wonde krap nie.

„In elk geval," sê Jean weer, „blykbaar wil jy nou uitvind wie die kêrel se leier is, nie waar nie?"

Grattan knik.

„Dit lyk vir my of jou gevangene nie lank gaan lewe nie. Enige marteling sal sy dood verhaas."

„Dit het die dokter ook gesê," antwoord Grattan doelbewus koelbloedig. „Maar dit kan my nie baie skeel nie.

Sulke vuilgoed moet in elk geval sterf, nie waar nie, graaf?"

„Wat sê die dokter?"

„Jy stel darem belang?" wil Grattan weet.

„Natuurlik, ou vriend. Die man het 'n hele paar jaar by my gewerk."

„Die man het baie bloed verloor. Sy been sal heel waarskynlik ontsteek en, soos ek reeds gesê het, sal sy huidige omstandighede nie juis sake verbeter nie."

„Dan is dit al wat jy van my wil weet?" vra Jean.

„Dit is al, graaf. Dit hang van u af of daar meer is wat u my kan vertel."

Die graaf De Moreaux snuif verontwaardig en stap dan op sy gemak na sy koets toe. Hy steur hom nie verder aan die kaptein nie.

Twintig minute later stap hy heen en weer in sy sitkamer. Willa en Elmien snik openlik waar hulle op die rusbank sit. Jacques staan by die sitkamerdeur en kyk op die tuin uit. Hulle voel soos diere wat in 'n hok vasgekeer is; soos 'n tierwyfie wat deur ystertralies verhoed word om by haar kleintjies te kom wat buite haar bereik aangeval en vermorsel word.

„Dit is onmoontlik om daar in te kom. Daar is niks wat ons vandag kan doen nie!" roep Jean weer radeloos uit. „En ek twyfel daaraan of André hierdie dag sal oorleef."

„Ons moet bid, Jean. As hy net tot vannag kan hou! Is daar nie dan 'n kans dat julle hom kan red nie?"

„In die donkerte is enigiets moontlik. Ek sien nou nog nie hoe ons dit kan doen nie, maar in die verlede het ons nog altyd 'n oplossing gevind. Ek is net bevrees dat André voor vanaand sy laaste asem sal uitblaas. En dis ook glad nie al nie!" roep hy radeloos uit. „Om te weet dat hy

daar in pyn moet lê en boonop gemartel word, maak my gek!"

„As julle nou na Gibbons se winkel toe gaan, Jean," begin Willa huiwerig.

„Ons durf dit nie doen nie, Willa. Ons sal sodoende net ons identiteit verraai."

„En dieselfde sal gebeur as ons nou iets by die Kasteel probeer aanvang!" voeg Jacques by. „Ons sal miskien nog 'n plan kan uitdink, maar al doen ons wát, sal dit beteken dat ons goeie naam daarmee heen is. Om in Buitergewaad daar te probeer inkom, is onmoontlik. Ons sal wel as De Moreaux en De la Fay kan inkom, maar daarna sal ons vir ewig vlugtelinge moet wees."

Jean de Moreaux staan meteens stil voor die twee meisies. 'n Oomblik kyk hy aandagtig na hulle. Dan draai hy hom na sy luitenant.

„Daar ís een manier," sê hy sag. „En dit is dat net een van ons sy identiteit openbaar."

„Jy is laf, Jean!" roep Jacques onthuts uit. „As iemand soiets moet doen, sal dit ek wees."

„Nee, Jacques." Jean skud sy kop beslis. „Dit is my plig en ook my eer om André daardie guns te bewys. Hy het *my* gevolg, Jacques, nie vir jou nie."

Willa het opgespring. Met wyd starende oë kyk sy na haar beminde, maar aan sy uitdrukking sien sy dat geen argument hom van sy voorneme sal laat afsien nie.

„Ek stem saam met jou, Jean. Dis reg dat jy André gaan red," sê sy dan berustend. „Maar dan moet jy dit só doen dat ons daarna nogtans kan ontvlug. Ek sal jou volg, al moet ons ook waarheen gaan. Laat hulle agterkom wie jy is. Red André, en dan kan ons saam iewers heen gaan en 'n nuwe lewe begin."

Hy neem haar in sy arms en haar trane loop onbeskaamd oor haar wange op sy skouer af. Jacques stap nader. Hy kyk met tere agting na die Buiter en sê dan prakties:

„Dit is nie nodig om onmiddellik te handel nie, Jean. Kom ons wag ten minste tot vanmiddag. Miskien gebeur daar in die tussentyd iets."

„Ek sal nie oorhaastig handel nie, Jacques. Ons sal hierdie saak goed uitpluis."

Teen sesuur daardie aand het Jean egter nog geen verdere oplossing gevind nie. Om dieselfde soort set as die vorige aand te probeer, sal hulle niks baat nie. Grattan sal tog seker vannag daarteen waak. Hoe meer hy aan die saak dink, hoe duideliker kom hy tot die gevolgtrekking dat dit nodeloos is om selfs vir die donkerte te wag. Dit sal niks aan die hele saak verander nie. Sy besluit blyk die enigste uitweg te wees.

Die son sit reeds laag agter Leeuberg toe hy na Willa stap waar sy in die sitkamer in 'n stoel by die venster sit. Sy het hom sit en dophou waar hy tussen sy rose rondgestap het.

„Willa," sê hy beslis, „ek gaan nou af na die Kasteel toe. Ek weet dat Grattan 'n bedrieër is en hy verdink my weer daarvan dat ek die Buiter is. Ek kan dit aan sy houding sien. Ek gaan probeer om 'n ooreenkoms met hom te tref."

„Is daar geen ander uitweg nie, Jean?"

„Nee, daar is nie. Moet nou niks verder praat nie. As Jacques of Elmien dalk hier kom, moet jy nie vir hulle sê waarheen ek is nie. As ek teen agtuur nog nie terug is nie, kan jy met hulle praat. Moet ook nie vir Pierre en Philip sê nie." Hy stap na die tafel toe en lui die klokkie. Hy bestel sy koets.

„Ek wag vir jou, Jean," sê Willa sag.

Hy soen haar.

„Ek is nou-nou terug, my liefling."

'n Rukkie later sit hy teenoor Grattan in die wagkamer. Hy kan die opgewondenheid in die man voor hom bespeur, blykbaar voel Grattan dat hy De Moreaux nou eindelik in sy mag het.

„U wou my spreek, graaf?" vra-sê hy.

„Ek wou." Jean aarsel. „Dit is egter 'n baie ongemaklike posisie waarin ek verkeer. My verloofde is baie geheg aan die gevangene, André. Sy het my dus omgehaal om met jou te kom onderhandel en te sien of ons nie iets vir die man kan doen nie. Sy is gewillig om persoonlik te waarborg dat hy sy dwaalweë sal laat vaar."

Grattan lag veragtend.

„Verskoon my, graaf!" roep hy uit, „maar u verwag tog seker nie dat ek my plig sal versuim net om die gier van 'n dame, al is sy ook wie, te bevredig nie."

„Ek het verwag dat jy dit sal sê. Maar gelukkig of ongelukkig verkeer ek in die posisie om jou inligting te kan gee wat jy op die oomblik deur marteling uit 'n ou man probeer trek. Ek sal jou kan sê wie die Buiter is."

Grattan kyk hom met agterdog aan, maar daar is 'n gloed van oorwinning in sy oë.

„En in ruil daarvoor wil u die vryheid van André hê?" vra hy.

„Ja."

„Hoe moet ek weet of u my die regte inligting gee?"

„Ek sal hom persoonlik aan jou uitlewer."

„Nadat André eers bevry is?"

„Ja."

„Maar veronderstel, graaf, dat ek die gevangene bevry en u lewer die Buiter nie uit nie?"

„Ek gee jou my woord daarvoor."

„U woord.... of die woord van die Buiter?" Hy kyk reguit in Jean se oë. Daar is verwagting in sy blik, maar nie 'n spier op die Buiter se gesig verroer nie.

„Jy weet," sê Jean geselsend, „ek het al lankal tot die gevolgtrekking gekom dat jy my, die graaf De Moreaux, daarvan verdink dat ek die Buiter is."

„Is u nie?" Grattan verwerp nou alle toneelspelery. Hy praat reguit.

„Dit sal 'n bietjie moeilik gaan om dit te bewys, kaptein," sê Jean bedaard, maar onheilspellend. „Ek glo nie dat jy dit sal waag nie."

„Dit besef ek terdeë," antwoord Grattan. „Tensy u my natuurlik die bewyse lewer — in ruil vir die vryheid van die gevangene."

„Dus verwag jy dat ek jou woord moet neem?"

„Het u enige keuse, graaf?

„Ek het, Joseph Grattan."

Grattan spring orent. Ná die eerste onkeerbare blik van vrees, straal onverbloemde woede uit sy oë. Hy skop die stoel agteruit teen die muur vas.

„Dan wás jy by haar!" roep hy hees uit. „Jy het met haar gepraat en sy het jou alles vertel!"

„Ek was nêrens nie, ou vriend," antwoord Jean kalm. „Maar daar is baie maniere om dinge uit te vind."

„Jy het gisteraand 'n afspraak met die meisie gemaak en jy het dit gehou, sonder dat ek daarvan weet! Sy het my ook niks gesê nie. Hiervoor sal iemand met sy lewe boet."

„Marcus D'Southy, nè?" raai Jean ewe droog.

„Heeltemal reg."

„Luister, Grattan," sê die Buiter amper goedig. „Kom ons tref 'n ooreenkoms. Ek weet wie jy is, en jy dink jy

weet wie ek is. Ek kan nie bewys wie jy is nie, en nog minder kan jy bewys dat ek die Buiter is. Jy weet ek is 'n invloedryke man in hierdie land en ek beloof jou dat ek my nie verder met jou sake sal bemoei as jy my bediende laat vrygaan nie."

„Dit klink maklik, nè?" snou Grattan hom toe. „Maar ek het jou nogtans in my mag. Jy sal na my pype dans, of André. . . ."

Iemand klop aan die deur. Grattan stap daarheen en pluk dit oop.

„Het ek nie gesê dat ek nie gesteur wil wees nie?" roep hy uit, maar dan vervolg hy skielik meer bedaard: „O, dit is jy, dokter. Kom gerus binne. Hier is iemand wat ook graag sal verneem wat jy te vertel het."

Die geneesheer kom in. Hy groet die graaf beleef. Jean knik.

„Wat is die toestand van die gevangene?" vra Grattan.

„Ek het hom pas ondersoek," antwoord die dokter. „Hy is baie swak. Ek dink nie dat hy deur die nag sal hou nie."

„Dit sal jammer wees," sê Grattan gevoelloos onderwyl hy na Jean de Moreaux kyk.

„Ek sal jou aanraai, kaptein," hervat die dokter, „om hom vannag goed te laat rus. Hy sal dan môre heelwat sterker wees as jy met jou ondervraging wil voortgaan. Die metode wat jy nou volg, sal jou niks in die sak bring nie."

„Dit is vir my om te besluit, dokter," antwoord Grattan. „U plig, soos ek u reeds meegedeel het, is om hom so lank as moontlik aan die lewe te probeer hou."

Die dokter antwoord nie. Hy knik, draai hom om en verlaat die wagkamer. Jean de Moreaux staan ook op.

„Dan sal ek nou maar gaan." Hy het reeds 'n skielike besluit geneem. André is nog nie dood nie. Indien hy nie

te veel gemartel word nie, sal hy selfs in sy huidige omstandighede tot môre kan lewe. En al gebeur wát, gaan hy wat Jean de Moreaux is, hom vannag uit die Kasteel verwyder. Hy sal eers vir Marcus D'Southy in die hande kry en hom dan hierheen bring. Daar sal dan wel 'n geleentheid ontstaan om André te bereik.

Grattan kyk hom verbaas aan.

„Maar.... maar wat nou? Ons het mos nog nie klaar gepraat nie?" sê hy huiwerend.

„Inteendeel, kaptein," antwoord Jean met sarkasme in sy stem, „ons twee het heeltemal klaar gepraat. Tot siens."

Grattan kyk hom magteloos agterna onderwyl hy uitstap. Toe die koets onder die poort deurrol, staan hy nog bewegingloos. Hy probeer dink wat die skielike wending in die graaf se houding kon veroorsaak het. 'n Paar minute vantevore was hy nog gewillig om 'n ooreenkoms te probeer tref, en nou laat hy dit sonder meer vaar en stap eenvoudig die kamer uit.

Dan tref dit hom skielik weer dat die graaf van sy ware identiteit bewus is. Stadigaan begin die woede weer in hom opstyg. Daar is net een persoon van wie De Moreaux dit kon gehoor het, en dit is natuurlik Sylvia!

Hy storm by die deur uit en stap vinnig oor die binneplaas. By haar kamerdeur aarsel hy 'n sekonde, en dan stamp hy dit oop.

Sylvia skrik vir hierdie onbeleefde handeling. Sy staan op van die klein skryftafeltjie langs die venster waar sy gesit het.

„Dan het jy tog jou woord gebreek!" sis hy dit uit.

Sy antwoord nie, maar kyk nou kalm in sy oë.

„Jy het gisteraand met die Buiter gepraat, nie waar nie?"

Hy hou haar gesig fyn dop, maar hy bespeur nie die

minste gevoel daarin nie. Sy kyk hom uitdagend aan, want sy het gisteraand geleer dat dit tog moontlik is om hierdie wreedaard te kul. Nadat sy die bevele van die Buiter stiptelik uitgevoer het en net eenvoudig ontken het dat hy by haar was, het sy nou die vasberadenheid en moed om nie weer so vreesbevange te word dat sy beheer oor haar verstand verloor nie.

„Ek het hom nog nooit weer gesien nie," sê sy stil.

Hy voel lus om iets op te tel en in haar gesig te gooi, maar dan bedwing hy hom. Uit vorige ondervinding het hy geleer dat, wanneer sy wel skuldig is, sy onmiddellik so bang word dat sy alles erken. Dus neem hy nou aan dat sy die waarheid praat. Sonder 'n woord draai hy hom om en stap uit.

Hy stap al langs die hoë mure tot by die poort. Die wagte is almal op hul plek. Hy kyk buitekant om te sien of alles by die waens in orde is. Dan gaan hy terug. Hy roep Krause en beveel hom om ten minste tien soldate in die binnepoort voor die donker sel te sit. Daarna doen hy persoonlik inspeksie van die wagte op die mure. Hy weet nie wat om te verwag nie, maar hy neem aan dat die Buiter gedurende die nag 'n poging sal aanwend om André te bevry. Hy kyk uit oor die see en oor die strand in die rigting van Blaauwberg. Hy sal nog graag wil weet wie die vorige nag die aanval van daardie kant af geloods het!

Dit is nou reeds heeltemal skemer, en hy gaan terug om te gaan eet.

Hy sit ingedagte aan tafel. Hoe sou die Buiter agtergekom het dat hy Grattan is?

Die enigste ander persoon wat sy geheim ken, is Gibbons.... En dan, soos 'n bliksemstraal tref dit hom. Een van die graaf se bediendes het by die *Old Coast Inn*

navraag gedoen. Hulle moet Gibbons natuurlik gevolg en agtergekom het dat D'Southy daar gevange gehou word. Dit is selfs moontlik dat die Buiter teen hierdie tyd reeds vir D'Southy verwyder het en dat hy nog net nie besluit het wat die beste wyse sal wees om D'Southy as 'n wapen te gebruik om André te bevry nie.

Grattan spring op. Hy hardloop uit en roep na die sersant. Hy beveel hom om dadelik twintig berede soldate gereed te kry.

'n Kwartier later jaag hy met Krause en die soldate op sy hakke in volle vaart by die poort uit op pad na Larry Gibbons se huis toe.

HOOFSTUK TWAALF

Larry Gibbons staan in die kelder onder sy winkel. By hom is twee mans van betreklik afskuwelike voorkoms. Hy spreek hulle bars aan.

„Julle sê die skip lê reeds voor anker?"

„Ons het die teken gekry dat hulle gereed is," antwoord een met 'n skor stem.

„En die pakdonkies? Het julle dié gereed?"

„Hulle moet reeds oor die nek wees."

„Nou maar goed. Slaan die kettings van hierdie man los en bring hom saam. Hy gaan vanaand 'n entjie oor die see ry."

Hy kyk na Marcus D'Southy en grynslag.

„Dit sal 'n verligting wees as jy eers hier uit is!" sê hy.

„Waar is die perde?" vra hy weer aan die ander twee.

„Hulle staan anderkant die straat in die donkerte."

„Nou maar goed. As julle hom los het, bind sy arms vas en bind 'n sakdoek om sy mond. Sorg dat die straat verlate is voor julle hom oorkant toe neem. Sit hom op 'n perd en wag vir my tot ek kom."

Hy draai hom om, gaan met die klam trappies op en by die gangetjie uit. Bo in die sitkamer tref hy sy vrou aan.

„Ons gaan nou eers oorkant toe," sê hy saaklik.

„Is die skip hier?"

„Ja."

„Waar is dit, op die gewone plek?"

„Natuurlik."

„Ek vra maar net, Larry. Ek hou daarvan om te weet waar ons vir jou moet kom soek indien daar iets met jou gebeur."

„Dit sal nie nodig wees nie. Tot siens."

Sy kyk hom agterna. Sy lewe al jare lank saam met hierdie man. Aanvanklik was sy glad nie bewus van sy smokkelary nie, want op die oog af is hy nogal 'n baie beskaafde man. Toe sy later agterkom dat hy edelgesteentes en drank smokkel, het hy haar oorgehaal om met hom saam te werk. Sy is nou al so gewoond daaraan dat dit haar nie meer hinder nie, want sy het nog nooit gehoor dat hy enige ander misdade pleeg as net die smokkelary nie. Wat die gevangene in die kelder betref het hy aan haar verduidelik dat dit maar bloot iemand is wat vir sy eie beswil uit die land uit gesmokkel moet word. Dit sou vanaand gebeur.

Sy sit en stop aan sy sokkies. Dit is stil in die huis. Hy is reeds meer as 'n kwartier gelede weg en sy wonder hoe laat hy vannag sal terugkom.

Agter in die kombuis hoor sy 'n geritsel. Dan volg daar 'n geluid soos dié van 'n kat wat op die grond spring. Sy steur haar nie daaraan nie, want daar is twee katte in die huis.

'n Oomblik later trek 'n beweging in die sitkamerdeur haar aandag. Sy kyk op en roep verskrik uit. Die mandjie met stopgoed val op die vloer.

In die deur staan 'n man met 'n breë masker oor sy gesig. Hy is van kop tot tone in swart gekleed en gluur haar roerloos aan. Sy het al baie van hom gehoor en weet dadelik dat dit die Buiter moet wees.

„Wat.... wat wil jy hê?" vra sy hees.

„Waar is jou man?" vra Jean.

„Ek weet nie. Hy is nie nou hier nie."

„Jy weet goed, mevrou Gibbons," antwoord die Buiter streng.

„Wat wil jy met hom doen?" vra sy angstig.

„Ek het niks met jou man uit te waai nie," antwoord hy haastig, „maar daar is 'n man wat hy gevange hou. Ek moet hom dringend spreek."

„Ek weet niks van so iemand af nie."

Hy tree nader na haar. Sy staalgrys oë blits in hare. Sy het al baie van hierdie man gehoor en 'n koue vrees pak haar beet.

„Kyk," sê die Buiter sag, maar met 'n onverbiddelike klank in sy stem, „ek sal jou man geen leed aandoen nie. Ek het geen wrok teen hom nie. Ek wil net weet waar daardie ander man is."

Sy antwoord nie. Haar kake beweeg op en af, maar sy kan nie 'n geluid uitkry nie. Haar hande klou krampagtig aan haar keel vas.

„Waar is die sleutels van die kelder waar die gevangene gehou word?" roep hy uit.

Sy skrik. Sy word spierwit. Hoe weet hierdie man dat hy in die kelder gehou is?

„Hy.... hy is nie meer daar nie," stotter sy. „Hulle het hom weggeneem."

„Waarheen?" Jean voel meteens onrustig. Miskien het hy te laat gekom.

„Ek.... ek weet nie," begin sy.

„Jy weet goed!" val hy haar in die rede. „Ek sê jou weer — praat! Ek weet reeds meer as wat jy dink."

„Ek mag nie sê nie."

„Kyk, mevrou, jy het jou man lief. As jy wil hê dat ek

hom ongedeerd moet laat, sal ek jou aanraai om my te sê waar die gevangene is."

„Hy is oor die berg," antwoord sy dan. „Daar is 'n skip anderkant Leeuberg."

„Hoe lank gelede is hulle weg?"

„Ek weet nie. Omtrent 'n halfuur."

„Kan jy my sê op watter deel van die kus....?" Hy swaai hom skielik om en luister aandagtig. Buitekant hoor hy 'n gedreun van perdehoewe. Dit kom vinnig nader. Tegelykertyd weerklink die hoë roep van 'n naguil uit die straat. Hy hardloop met die gang af en kyk by die kombuisvenster uit.

Hy kyk in die straat af en sien 'n groep ruiters in volle vaart aangejaag kom. Toe hulle onder een van die straatligte deur kom, herken hy Grattan vooraan.

Hy kyk oor die straat na die skaduwees aan die ander kant waar Jacques-hulle met die perde wag. Daar sal nie kans wees om met die tou af te gly en oor die straat te hardloop voordat die soldate op hulle is nie.

„Jacques!" roep hy dringend uit. „Moenie dat hulle julle sien nie! D'Southy is oor die nek geneem. Daar is 'n skip iewers anderkant Leeuwberg. Jaag julle daarheen en keer Gibbons voordat hy D'Southy op die skip sit. Bring D'Southy terug na die Kasteel toe. Sê hom om onmiddellik na sy suster toe te gaan. Los my perd daar. Toe nou, maak gou!"

„Maar wat van jou, Jean?" roep Jacques angstig terug.

„Maak gou! Ek weet wat ek doen."

„Tot siens!" roep Jacques vir oulaas en met daardie woorde erken hy, soos altyd, die volle leierskap van sy vriend en toon hy weer eens sy volkome bereidwilligheid om hom te gehoorsaam.

Jean luister hoe sy volgelinge se perde in die verte wegjaag. Dan is die soldate onder die venster. Een van hulle roep hard uit:

„Daar hang 'n tou uit daardie venster, kaptein!"

„Ek het dit reeds gesien. Omsingel die huis. Hou 'n paar van julle by elke deur wag. Volg my, Krause."

Die kaptein en die sersant jaag om die hoek, blykbaar om by die voordeur in te kom.

Die Buiter dink vinnig. Hy hardloop in die gang terug en kyk by 'n paar kamers in. Hy steur hom nie meer aan die vrou nie, want hy weet dat sy hom nie sal durf verklap nie. Haar man sal dan self in die gedrang kom. Maar dan tref dit hom dat sy heel waarskynlik weet dat Gibbons en Grattan saamwerk. Hy storm by die sitkamer in.

„Kyk!" roep hy hard uit. „As jy 'n woord van ons gesprek verklap, selfs aan die kaptein, sal jou man daarvoor boet. Is dit duidelik?"

Hy wag nie op haar antwoord nie, maar hardloop dadelik terug gang toe. Hy hoor hoe die voordeur oopgestamp word. Regs van hom is 'n kamerdeur, en hy lei af dat die venster daarvan op die gangetjie agter die huis moet uitkyk. Hy hardloop deur en skuif die raam op. Dit is soos hy gedink het.

Die dak van die oorkantste gebou is amper gelyk met die venster waar hy staan. Hy aarsel nie, maar raap hom op en spring.... Gelukkig kry hy die oorkantse gewel beet en trek hom op die skuins dak. Vanonder af hoor hy 'n paar uitroepe. Hy besef dat hy gesien is en kruip haastig verder, maar voor hy die bo-punt van die dak haal, hoor hy Grattan 'n bevel uitskree. Dan knal 'n pistoolskot, en 'n koeël trek rakelings by hom verby. Hy koes anderkant die dak af en gly tot op die rand. Toe hy daarvandaan na

die straat se kant toe kyk, sien hy 'n paar soldate om die hoek gehardloop kom.

Jean wag nie langer nie. Hy kruip al met die gewel langs tot by die binnehoek, waar die dak 'n draai maak. Daarvandaan hardloop hy op boontoe, en sodra hy bo-op uitkom, kyk hy weer terug. Niemand het sy voorbeeld probeer volg om van die venster na die dak toe te spring nie. Van onder af hoor hy 'n harde bevel:

„Omsingel die hele blok! Krause, stuur iemand af om versterkings te ontbied."

Jean spring oor na die gewel van die aangrensende gebou. 'n Oomblik huiwer hy, en dan glip hy oor die rand en hang aan die gewel. Hy voel met sy voete, maar die muur strek onafgebroke onder hom. Hy beweeg eenkant toe. Hy probeer na onder kyk, maar dit is te donker tussen die geboue om uit te maak waar die vensters is. Dan, uiteindelik, voel hy met sy voete 'n opening. Hy laat los bo en gly, met sy hande teen die muur. Hy breek sy val deur die vensterbank vas te gryp. Dan trek hy hom op en luister aandagtig. Daar is geen geluid binne-in die kamer nie. Hy stoot dus die raam op en kruip deur.

'n Rukkie staan hy sy posisie en oorweeg. Hy probeer bepaal in watter gebou hy nou is. Heel waarskynlik is hy in die een wat net langs Gibbons se voordeur in die straat uitloop. Volgens die geraas wat hy hoor, kom dit hom voor asof die soektog aan die ander kant by die gangetjie voortgesit word. Dit beteken dus dat daar heel waarskynlik net een of twee soldate in die straat voor hom sal wees.

Hy soek tot hy die kamerdeur kry en stoot dit versigtig oop. Nou is hy in 'n lang gang. Aan die onderent daarvan sien hy 'n dowwe gloed wat blykbaar van die straatlampe afkomstig is. Hy stap saggies daarheen en kyk uit.

Dit is soos hy gedink het — in die straat onder hom is daar net twee berede wagte. Hy stap terug tot by die plek waar hy die trap gesien het. Geruisloos beweeg hy daarlangs af tot by die voordeur. Hy stoot dit op 'n skrefie oop. Hy kan een van die soldate sien, maar die man kyk nie in sy rigting nie. Dan gee hy 'n hoë, deurdringende fluit.

Hy hou die soldaat dop. Die man kyk in sy rigting, maar kan blykbaar niks sien nie. Gelukkig is die deur waarin Jean staan, omtrent halfpad tussen twee straatlampe en dus nie te helder verlig nie.

Voor in die straat hoor hy die vinnige getrippel van perdehoewe. Die groot, swart hings van die Buiter beweeg vinnig in die rigting waar vandaan hy sy meester hoor fluit het. Jean hoor 'n paar uitroepe, en hy fluit weer, dié keer dringender.

Die hings kom in volle vaart aangehardloop. Die soldaat kyk in daardie rigting, maar weet blykbaar nie wat aangaan nie. Die volgende oomblik is die perd voor die deur. Jean glip uit. Hy spring nie in die saal nie, maar gryp die getroue dier om sy nek. Met net sy een voet in die stiebeuel hang hy aan die kant van die dier. 'n Paar woorde is genoeg om hom in volle vaart straat af te stuur. Van agteraf hoor hy die bulderende stem van Grattan:

„Skiet die perd, julle swape!"

„Daar is niemand op hom nie, kaptein!" roep die soldaat op die hoek voor Jean uit.

„Dit maak nie saak nie. Skiet hom!"

Teen die tyd het Jean reeds sy pistool uitgepluk. Hy skiet dit in die grond voor die soldaat se perd af. Die verskrikte dier steier hoog op sy agterpote en gooi die ruiter in die stof neer. Jean kom orent en swaai sy been oor die saal. Hy kyk om en sien die klomp oorblufte soldate op die hoek

by Gibbons se winkel. Hy buig vooroor asof hy geen ander doel het as om van hulle te ontsnap nie.

Toe die eerste koeëls agter hom verby fluit, swenk hy regs in 'n straat op. By die eerste dwarsstraat draai hy weer regs. Hy wil hulle die indruk gee dat hy teen die hange van Leeuberg uit wil ontsnap.

Sodra hy seker is dat hulle sy rigting agtergekom het en hy die dreuning van hul perde agter hom hoor, swaai hy nogmaals regs en jaag in die rigting van die strand. Hy ken elke hoekie en draaitjie en dit neem dus nie lank voordat hy heeltemal onder hulle uit is nie. Hy kan hoor hoe hulle in die strate op jaag.

Dan vat hy koers in die rigting van die plein voor die Kasteel. Hier ken hy ook die donkerste kolle, en sodra hy hulle bereik, spring hy af en haal 'n modieuse baadjie en broek uit die saalsakke. Binne vyf minute het hy hom verklee; en niemand wat die graaf De Moreaux die volgende oomblik gesien het, sou ooit kon droom dat hy daardie fyn uitgevatte voorkoms binne so kort tydperk kon bewerkstellig het nie.

Jean ry op 'n gemaklike drafstappie reguit na die Kasteelpoort toe. Hy weet dat daar baie mense is wat die groot, swart hings as dié van die Buiter ken, maar hy neem ook aan dat niemand wat die graaf De Moreaux daarop sien, ooit eens aan die Buiter sal dink nie. Boonop het die graaf 'n groot stal met baie opreg geteelde diere daarin.

Hy ry onder die poort deur en knik weerskante na die soldate. Aan die binnekant leun hy van sy perd af en verneem of kaptein D'Southy daar rond is.

Dit word hom meegedeel dat die kaptein en die sersant albei uit is op die een of ander sending.

„O," sê hy, asof dit nie baie saak maak nie. „Jy!" roep

hy een van die soldate toe. „Kom hou asseblief my perd 'n oomblik vas."

Hy klim af en stap by die wagkamer in. Daar is niemand nie. Agter die deur — dit weet hy — hang daar 'n duplikaatstel sleutels. Haastig steek hy hulle in sy sak. Dan stap hy na die lessenaar toe en kyk kastig daar rond.

'n Oomblik later is hy weer buite.

„Ek het my verbeel dat ek vanmiddag iets op die kaptein se lessenaar vergeet het," deel hy die soldaat mee. Dan knik hy en stop 'n muntstuk in die man se hand. Hy bedank hom dat hy sy perd vasgehou het.

Hy lei die dier langs die muur op, maar nie in die rigting van die besoekerskwartiere nie. Sodra hy by een van die dwarspale kom, maak hy sy perd daaraan vas. Dan haal hy 'n bondel goed uit een van die saalsakke en stap daarmee tussen die digte heining en die muur langs. Daar is nie baie mense in die binneplaas nie en hy twyfel daaraan of enigiemand hom gesien of herken het. Weldra glip hy agter om die hoek in die rigting van die venster van Sylvia se kamer. Hy hoop dat sy daar sal wees.

'n Oomblik later klim hy deur die venster en kom geruisloos binne op die vloer te lande. Hy het reeds weer die masker oor sy gesig, maar só stil het hy binnegekom dat sy hom nie eens gehoor het nie.

Sy sit nog by die skryftafel voor die venster. Hy kyk eers om om seker te maak dat die gordyne toegetrek is.

„Moenie skrik nie," sê hy sag.

Sy kyk vinnig om en kom orent, maar uiter nie 'n geluid nie.

„Ek is baie haastig," sê hy dringend. „Daar is nie 'n oomblik om te verspeel nie." Hy bedoel dit, want hy weet nie hoe lank Grattan na hom sal soek voordat hy besluit

om na die Kasteel terug te keer nie. „Ek wil hê dat jy my moet help. Luister nou goed. Baie goeie vriende van jou is reeds op pad om Marcus te red. Ons weet waar hy is en hy sal binnekort hier by die Kasteel wees. Daar is egter iets anders wat net so belangrik is. Ek neem aan dat jy nou al agtergekom het dat ek en my vriende nooit iets tot nadeel van die gemeenskap doen nie. Een van my getrouste volgelinge lê in 'n sel hier in die Kasteel. Ek moet hom bevry voordat Grattan terugkom.

„Soos jy sien, het ek gewone klere aan, maar in hierdie pak het ek 'n Buitermondering wat ek wil hê *jy* moet aantrek. Jou rol is baie eenvoudig. Jy moet 'n paar soldate van die seldeur af weglei en dan onmiddellik na die kamer terugkeer. Jy kan dit maklik doen. Ek sal jou wys waarlangs jy moet gaan. Willig jy in?"

„Ek sal doen wat jy sê," antwoord sy sonder aarseling.

Sy gaan agter die klerekas in en trek die klere aan wat die Buiter haar gegee het. Hy self stroop sy gewone klere af, en uit die bondel wat hy saamgebring het, haal hy sy lang skerp rapier en gord dit aan sy sy vas.

Sodra sy gereed is, klim hulle by die venster uit. Hy lei haar in die donkerte by die bediendekwartiere verby. Hy wys haar waar die agtertrap is en waar sy moet oppas vir waterslote waarin sy moontlik mag struikel. Dan gaan hulle deur die agterplaas en die waskamers verby. Eindelik kom hulle by die ingang van die binnepoort.

Jean loer om die hoek en sien die wagte voor die sel. Dit is gelukkig redelik donker daar en dus hoogs onwaarskynlik dat enige beweging aldaar van die binneplaas af gesien sal word.

„Ek gaan nou hulle aandag trek. Sodra hulle my agternasit, sal ek hier in die donker deuropening wegkruip. Dan

moet jy vir al wat jy werd is, al langs die muur af hardloop met die paadjie wat ek so ewe vir jou gewys het. Gaan terug na jou kamer toe, maak die deur en vensters toe, trek dadelik jou gewone klere aan en versteek al my goed wat daar is. Wag dan tot jy weer van my hoor."

Hy maak seker dat sy verstaan wat hy van haar verwag, en dan glip hy om die hoek. Sy donker klere maak hom feitlik onsigbaar in die skemerte. Met sy rug teen die muur beweeg hy in die rigting van die ou put. In die middel van die poort aan die oorkant staan die wagte. Hy vorder omtrent tien tree, en dan skop hy aspres hard teen die grond.

Almal kyk in sy rigting. 'n Oomblik is daar stilte. Dan roep een hard uit:

„Daar is iemand teen die muur!"

„Dit lyk vir my ook so!" skree 'n ander.

Jean druk hom van die muur af weg en laat vat na die hoek toe. 'n Paar harde uitroepe volg kort op mekaar, maar hy het reeds die hoek bereik voordat iemand 'n bevel kon uitdink of 'n skoot kom aftrek. Dan hoor hy hulle harde voetstappe.

„Bly twee van julle hier by die deur. Die res volg my!" roep een van die soldate uit. Blykbaar het dié kêrel besef dat hy met die Buiter te doen het. Nou wil hy graag die eer van sy inhegtenisneming vir homself uithou.

Net om die hoek praat Jean met Sylvia: „Hardloop nou so vinnig as jy kan. Die kanse dat hulle jou ooit sal kan raakskiet, is baie gering."

Hy glip in die donker deuropening in en probeer sy liggaam so plat as moontlik daarteen druk. Die volgende oomblik storm agt soldate voor hom verby.

„Daar gaan hy!" roep een uit. „Kom, vinniger!"

Sodra die laaste een verby is, glip Jean uit. Hy trek die rapier uit sy skede en loer om die hoek. Die twee wagte wat oorgebly het, staan nog op hul pos. Hy loer weer na die binneplaas toe, maar dit lyk nie vir hom asof daar iemand van daardie kant af aankom nie.

Met die rapier in sy regter- en die pistool in sy linkerhand, storm hy geluidloos op die wagte af. So skielik en onverwags is sy aanval dat hy die eerste met die swaard deurboor en die twee 'n ongenadige hou teen die kop toedien sonder dat een van hulle 'n geluid kon uiter. Hy voel jammer dat hy sy rapier op die een moes gebruik, maar daar was geen ander uitweg nie.

Hy pluk die bos sleutels uit en begin dit haastig deursoek. Hy het gelukkig daardie oggend fyn dopgehou watter sleutel Grattan gebruik, en dit duur dus nie lank voor hy die een kry wat pas nie. Hy pluk die deur oop, gaan binne en trek die deur styf agter hom toe nadat hy die sleutel daaruit getrek het. Dan hardloop hy in die gangetjie af en tas rond totdat hy die olielamp kry. Die vuurslag en tonteldoos lê gelukkig langsaan. Nou hardloop hy oor na die martelbank toe en, sonder om 'n woord met die ou man te praat, kap hy die toue met die rapier digby sy voete en hande af.

Met 'n kreun van verligting, maar ook van pyn vanweë die sametrekking van sy spiere, probeer die ou man orent kom. Maar dan val hy slap terug. Onmiddellik sien Jean dat die skielike beweging hom weer sy bewussyn laat verloor het.

Hy aarsel egter nie. Hy buk en steek sy arms onder die ou man se skouers deur, lig hom dan op en gooi hom oor sy skouer. Die lampie laat staan hy op die bank en stap haastig deur toe. Hy stoot dit oop en loer uit. Daar is

nog niemand in die binnepoort nie, maar van die kant waarvandaan hy gekom het, hoor hy voetstappe. Dis seker die soldate wat terugkom nadat Sylvia hulle ontglip het, dink hy.

En dan tref dit hom meteens dat hulle Sylvia dalk mag gevang het! Nogtans aarsel hy nie. Hy glip uit, druk die deur toe en met die sleutel wat hy tussen sy vingers vasgehou het, draai hy vinnig die slot toe. Dan draf hy oor die binnepoort om in die donker hoek langs die ou put skuiling te vind.

Hy is ook net betyds, want die volgende oomblik kom die voorste soldate om die hoek. Die eerste een roep verskrik uit toe hy die twee bewustelose wagte sien. Hy en sy makkers hardloop vinnig nader. Hulle skreeu vrae na mekaar, maar geeneen kan vasstel wat aan die gang is nie. Dan gryp een aan die deur en ruk daaraan, maar dit is toe.

Van waar Jean sit, hou hy hulle noukeurig dop. Daar is net vier van hulle. Die ander vier is blykbaar nog aan die soek na die Buiter.

„Jy!" roep die soldaat uit wat voorheen ook leiding geneem het, „gaan waarsku die klomp daar by die poort. Stuur versterkings hierheen en versprei die nuus dat die Buiter êrens in die Kasteel is." Hy draai hom om na een van die ander toe. „Hardloop jy terug en roep die ander vier. Sê hulle aan om dadelik hierheen te kom, want, as daar uitgevind word dat ons ons pos verlaat het, sal daar moeilikheid wees."

Jean sug van verligting. Hy wag totdat albei soldate met hul opdragte weg is en dan, vinnig, soos 'n skietende valk wat sy prooi op die grond gesien het, spring hy oor die binnepoort. Weer eens sak die naaste soldaat geluidloos van 'n rapiersteek neer en swik die knieë van 'n tweede

onder hom in toe die pistoolkolf hom teen die slaap tref. Dan spring Jean terug, tel André versigtig op en hardloop met hom oor die binnepoort na die agterplaas toe asof hy sy gewig skaars voel. Hy loer om die hoek en sien twee soldate van bo af terugkom. Dan steek hy dwarsoor die agterplaas in die rigting van die buitemuur sodat hy in die skaduwee daarvan kom. Daarlangs hardloop hy vinnig en half gebukkend na die bediendes se kwartiere toe. In meer as een venster sien hy nou lig, maar hy hou sy koers totdat hy by Sylvia se venster uitkom. Hy klop liggies en 'n oomblik later maak sy dit oop. Hy stoot die ou man deur en glip agter hom in. Onmiddellik trek sy die gordyne toe.

Sy het reeds weer haar rok aan en kyk met bewondering na hom onderwyl hy teen die muur leun en die sweet van sy voorkop afvee. Hy sug.

„Ek het nooit gedink ek sal die paal haal nie. Maar kom, help my dat ons André onder jou bed insleep."

Toe Jean weer orent kom, kyk hy met waardering na Sylvia.

„Het jy darem veilig hier gekom?"

„Hoe lyk dit?" Sy glimlag moedig.

„Ek dink dat dit die beste sal wees as André voorlopig hier bly. Ek sal my gewone klere aantrek en op my gemak hier uitry. Dan sal ek reëlings tref om André te laat haal."

In die binneplaas is daar nou 'n ontsaglike rumoer aan die gang. Jean stap oor na die venster toe en trek die gordyn effentjies opsy. Soldate storm heen en weer, en soos gewoonlik is daar reeds weer 'n klomp bediendes en nuuskieriges wat in almal se pad is.

Maar dan verstyf sy hele liggaam. Omtrent honderd

tree van die venster af herken hy vir Grattan en Krause. Links teen die Kasteelmuur wemel dit van soldate.

„Grattan is terug!" roep hy uit. Hy hardloop oor die vertrek na die agterste venster toe, pluk dit oop en loer uit, maar dan deins hy weer terug. Daar is dit ook net die ene soldate. Hy gaan na haar kamerdeur toe en maak dit op 'n skrefie oop, net betyds om 'n hele troepemag by die sitkamer langsaan te sien instorm. Hy druk die deur toe en staan terug. 'n Glimlag verskyn op sy gesig.

„Dit lyk my of Grattan uiteindelik sy sin gaan kry."

Aanvanklik snap sy nie die volle betekenis van sy woorde nie. Dan verlaat die kleur haar gesig, en haar fyn gelaatstrekke vertrek in 'n uitdrukking van pyn.

„Nee!" hyg sy uit, „dit mag nie gebeur nie! Is daar nêrens 'n uitkomskans nie?"

Hy haal sy skouers op en lag berustend.

„As ek my dood wil verhaas, ja! Ek kan òf by die deur òf by een van die vensters in die arms van 'n twintigtal soldate uitspring." Hy lag weer. „Nee wat, Sylvia, ons turf sit dié keer! Moet net niks sê van André wat onder die bed is nie. Ek sal ook nie probeer wegkruip nie, anders deursoek hulle dalk die vertrek en vind hom. Miskien kom hy nog deur; en luister," vervolg hy meteens dringend, „as André nie ontdek word nie — wat nogal moontlik is, aangesien hulle so dankbaar sal wees om my te vang dat hulle hul dalk nie verder aan hom sal steur nie, — dan moet jy onmiddellik met een van my mense in aanraking kom. Jy sal netnou wel weet wie ek is. Sê vir hulle van André en laat hulle hom hier kom uitsmokkel. Verstaan?"

Op daardie oomblik bars die deur agter hom oop. Hy swaai hom om. Voor hom staan Grattan met 'n helse grynslag op sy gesig.

„En nou?" roep hy verheug uit. „Dit lyk my jy verset jou nie eens nie. Jy het natuurlik klaar vasgestel dat jou saak hopeloos is."

Jean kyk kalm na die man. So doodseker is Grattan van sy oorwinning dat hy sowaar nie eens die moeite gedoen het om op die vertrek af te sluip nie! Maar dan besef hy dat dit maar Grattan se manier is.

'n Paar soldate druk intussen by Grattan verby en omsingel die Buiter in die middel van die vertrek. Dan stap Grattan stadig nader met oorwinningsvreugde in sy oë.

„Uiteindelik sal ons die geheim van die Buiter oplos," sê hy met 'n glimlag.

HOOFSTUK DERTIEN

Nog nooit vantevore het Jacques die getroue dier onder hom so mishandel nie. Gewoonlik is net die ligste aanraking van sy knie genoeg om die bruin merrie in volle vaart te laat voorgalop. Maar nou piets hy haar kort-kort met sy rykarwats in die sye. Agter hom volg Pierre en Philip. Hulle jaag met die sanderige wapad teen die helling op na die nek toe.

Jacques weet nie hoe vinnig Gibbons beweeg en ook nie hoe lank gelede hy reeds van sy huis af weg is nie. Hy hoop maar net dat hulle hom sal kan inhaal voordat hy by die strand kom, want dáár sal dalk heel party van sy medewerkers wees. Jacques het reeds geraai dat Gibbons met smokkelary te doen het.

„Kom, kêrels," moedig hy die ander aan. „M'sieur Jean is alleen, en ons moet so gou as moontlik by hom terug wees."

Die skuim vlek by die perde se bekke uit. Dit spat teen die ruiters se bene, maar daar is vir hulle geen genade nie. Bo-op die nek kom hulle vir 'n oomblik tot stilstand. Jacques dink vinnig. Daar is twee paaie, een wat afloop na die linkerkant toe, en 'n ander wat effens regs teen die hellings van Leeuberg by die jaghuis, wat deur 'n vorige goewerneur daar opgerig is, verbygaan. Uiteindelik besluit hy op die regterhandse pad. Jean het uitdruklik gesê dat die skip agter Leeuberg sal wees.

Hulle trek so haastig weg dat die hoewe van die perde sand en kluite na agtertoe uitskop. In dolle vaart gaan hulle teen die steilte af tot hulle meteens die gerunnik van 'n perd 'n ent voor hulle hoor. Onmiddellik verslap hulle die pas, en 'n rukkie later bespeur hulle vier gestaltes 'n ent voor hulle. Hulle trek hul perde onder die digte bome langs die pad in. Uit die feit dat die ruiters voor hulle op hul gemak voortgaan, lei Jacques af dat hulle nie bewus is van hul agtervolgers nie.

„Daar is blykbaar vier van hulle. Een moet Marcus D'Southy wees. Ons sal hulle maklik kan oorrompel as ons hulle onverwags aanval. Die beste sal wees om hier teen die helling uit te jaag en hulle te gaan voorlê."

Hulle stuur die perde tussen die bome deur. Die diere hardloop feitlik net so vinnig as wat 'n gewone perd wat nie aan hierdie nagtelike avonture gewoond is nie op 'n gelyk pad sou galoppeer. Terwyl hulle nog klim, gaan dit effens stadiger, maar dan, wanneer Jacques weer na links swenk, vorder hulle verbasend vinnig tot hulle skielik weer op die pad afkom wat met 'n draai die helling van die berg volg.

Hulle sit roerloos en wag. Hulle streel die nekke van die perde liggies om te verhoed dat hulle dalk runnik.

'n Paar oomblikke later doem die gestaltes van die vier ruiters voor hulle op. Sodra hulle gelyk met hulle is, word dit vir Jacques duidelik dat die een in die middel met sy hande agter hom gebind sit.

„Pierre, pak jy die agterste een. Philip, skiet tussen hulle deur na die anderkantste een toe. Ek sal die voorste een aanval." Hy fluister dit saggies onderwyl hy na hulle toe oorleun. Dan druk hulle hul hakke in die perde se lieste, en die diere spring vorentoe. Jacques skiet uit die saal en stamp die voorste ruiter van sy perd af. Hulle kom albei in

die sanderige grond te lande. Die volgende oomblik voel Jacques die hande van sy teenstander om sy keel klem. Onwillekeurig kry hy respek vir die man wat half dwars bo-op hom sit, want die kêrel het blykbaar onmiddellik tot verhaal gekom. Jacques aarsel egter nie. Hy het reeds sy pistool uitgetrek en swaai dit nou hard na die man se kop bo hom. Sonder 'n geluid kantel hy eenkant toe en lê stil.

Jacques spring op en kyk angstig na waar Philip en Pierre met hul teenstanders worstel. Die volgende oomblik staan Pierre op, en dan snel albei oor na Philip toe wat blykbaar ondergesit word. Jacques duik deur die lug en kom op die skouers van die man te lande. Hy ruk hom terug en vel hom met 'n geweldige vuishou onder die ken.

Hy buk oor hom.

„Dit is ons vriend Gibbons!" roep hy uit.

„En hy is vervlaks sterk ook," hyg Philip onderwyl hy opstaan. „Ek het gedink hy druk my gorrel in."

Jacques draai hom om en kyk na die man wat nog roerloos op die perd sit. D'Southy kyk na hom toe af, maar dit is heel duidelik dat daar nie meer veel verset by hom aanwesig is nie.

„Jy kon van die geleentheid gebruik gemaak het om weg te jaag, vriend," sê Jacques geestig.

„Dit sou 'n bietjie dwaas gewees het," antwoord D'Southy effens hees, want sy keel en lippe is droog. „As julle vyande van Gibbons is, hoop ek dat julle dalk my vriende sal wees."

„Heeltemal logies," antwoord Jacques onderwyl hy 'n mes uitpluk en D'Southy se hande en bene lossny. Sy voete was onder die maag van die perd deur vasgemaak, maar die verband is reeds vroeër van sy mond af verwyder.

„Daar sal nie nou tyd wees vir verduidelikings nie!" gaan Jacques voort. „Ons moet onmiddellik teruggaan na die Kasteel toe. Onderwyl ons ry, sal daar nie kans wees om te gesels nie. Ek sal later vir jou sê wat van jou verwag word."

Rats spring die drie op hul perde. Hulle laat die smokkelaars net so in die pad lê en vat koers terug stad toe. Skaars 'n halfuur later jaag hulle deur die uithoeke van die stad. Jacques ken al die verlate erwe en donker paadjies. Spoedig bereik hulle die beskermende skaduwees van die bome op die plein voor die Kasteel.

„En nou, D'Southy," sê Jacques half uitasem, „moet ek die bevele van my leier aan jou oordra. Wie ons is, maak nie op die oomblik saak nie. Jy sal dit later wel uitvind. Ek kan jou egter net meedeel dat ons jou lewe gered het, soos jy miskien self raai. En ek gaan onbeleef genoeg wees om op jou dankbaarheid staat te maak."

Jacques het die hele saak fyn uitgepluis onderwyl hulle gery het. Hy probeer dink hoe sake op daardie oomblik met Jean staan. Soos hy die saak insien, sou Jean by die Kasteel probeer inkom het om André te red. Die feit bly egter dat Jean hom versoek het om D'Southy onmiddellik na sy suster toe te stuur. Hy besef die wysheid van daardie bevel, want voordat D'Southy se suster hom nie uitgeken het nie, sal dit miskien vir die jong man maar moeilik wees om sy gesag te handhaaf. „Ek moet jou versoek," vervolg hy, „om onmiddellik uit te vind waar jou suster se kamer is. Dan moet jy jou daarheen haas. Sal jy dit doen?"

„Ek sal dit doen, en ook enigiets anders wat jy van my mag vereis," antwoord D'Southy ernstig en met 'n bewoë stem.

„Dit sal al wees," antwoord Jacques saaklik. „Jy moet

asseblief net gou speel. Miskien ontmoet ons mekaar weer."

„Ek bid dat dit die geval mag wees. Tot siens."

Sonder meer stamp D'Southy sy perd in die sye en galoppeer vorentoe in die rigting van die ligte by die Kasteel. Hy het nie die vaagste benul van die identiteit van sy redders nie, maar hy kon die dringendheid in hul leier se stem hoor. Dié het toe nog van 'n ander leier ook gepraat. D'Southy wonder wat dit met hom te doen kan hê en hoe sulke geheimsinnige ruiters opdrag kon gekry het om hom te red en te beveel om dadelik na sy suster se kamer te gaan. Dat hulle hom ooit gevind het, is al klaar vir hom 'n wonderwerk!

Voor die Kasteelpoort word hy voorgekeer. Hy besef dat hy maar 'n gehawende figuur moet slaan, maar D'Southy het sy rang nie deur ydelheid verwerf nie.

„Ek wil onmiddellik deurgaan na my suster se kamer toe. *Jy* sal my daarheen neem!" gebied hy die soldaat wat hom gevra het waarheen hy op pad is. So gebiedend is sy stem dat die man hom net een keer aankyk en dan meteens op aandag staan.

„En wie is u suster as ek mag vra?"

„Mejuffrou Sylvia. Ek is kaptein Marcus D'Southy, jul bevelhebber. Die man wat hom op die oomblik as die kaptein voordoen, is 'n bedrieër. Toe, moenie staan en slaap nie! Neem my na haar kamer toe."

'n Gebrom ontstaan tussen die klomp soldate in die omtrek, maar D'Southy se houding het reeds indruk gemaak. Die soldaat met wie hy gepraat het, neem die perd aan die toom en lei hom deur die Kasteelpoort in die rigting van die besoekerskamers. D'Southy kyk om hom heen. Hy ken die omgewing glad nie. Maar hy sien dat dit 'n ent voor hom van die soldate krioel. Weer eens styg daar 'n

diepe bewondering by hom op vir die man wat meer as 'n uur gelede bevele kon afgegee het wat hom nou reguit hiernatoe lei.

Toe hulle die klomp troepe bereik, klim D'Southy af. Die soldaat wat hom begelei het, roep na een van die ander.

„Wat gaan hier aan?"

„Die kaptein het die Buiter gevang. Hulle is daar binne in mej. D'Southy se kamer."

Sonder om langer te wag druk D'Southy tussen die klomp deur. 'n Paar kyk hom nors aan, maar hy stamp hulle opsy en vorder tot by die sitkamerdeur. Daar druk hy in, en toe een of twee van die wagte hom probeer terughou, kyk hy hulle met soveel forsheid aan en gebied hy hulle met so 'n sterk, besliste stem om uit sy pad te staan, dat hulle sonder aarseling gehoorsaam. By die kamerdeur self moet hy 'n paar opsy ruk en een of twee ander by die deur instoot voordat hy kan binnekom.

Net binnekant die deur staan hy stil. 'n Oomblik lank kyk hy rond om te sien wat aangaan.

In die middel van die kamer staan 'n man in swart geklee, met 'n masker oor sy oë, net soos die drie wat hom pas gered het. Rondom hom is 'n kring van soldate, en eenkant teen die bed staan Sylvia. 'n Gloed van dankbaarheid en verligting gaan deur hom toe hy sien dat sy veilig is.

Maar dan word sy oë gevestig op die rug van die man voor hom. Hy erken hom onmiddellik; dis Joseph Grattan.

Juis op daardie oomblik stap Grattan stadig met uitgestrekte hand vorentoe na die stil, glimlaggende figuur voor hom.

„Arresteer hierdie man!" bulder D'Southy meteens.

Almal in die vertrek kyk om na hom. Die soldate staan

verslae en reageer nie op sy bevel nie. Sylvia uiter 'n hartverskeurende gil van blydskap en begin oor die vertrek na haar broer toe hardloop.

Grattan swaai om asof 'n pyl hom in die rug getref het. Sy oë verstar in sy kop. Die bloed verdwyn uit sy wange en hy word wit soos 'n laken. Sy Nemesis het hom ingehaal!

„Marcus D'Southy," fluister hy hees asof hy 'n spook sien.

„Ja, Marcus D'Southy. Kaptein Marcus D'Southy. Wie anders het jy verwag? Arresteer hierdie man!" bulder hy weer.

Nog aarsel die soldate, alhoewel die naastes almal gehoor het dat Grattan hierdie vreemdeling op sy eie naam noem. Tot 'n hele paar van hulle dring dit nou stadig deur dat Grattan 'n bedrieër moet wees.

Maar nog voordat hulle kan optree, het Grattan sy selfbeheersing herwin. Hy pluk sy pistool uit sy gordel en swaai dit die volgende oomblik vinnig op in D'Southy se rigting.

Marcus besef dat dit die einde is. Die huiwering van die soldate het hom sy dood gekos. Dit flits deur sy brein dat hy hom vorentoe moet gooi om die man te probeer oorrompel, maar die pistool is reeds gelyk met sy hart, en hy kan al die verstywing in Grattan se vingers sien.

Uit 'n onverwagte oord kom die eerste optrede. Die Buiter, wat van die begin af die hele spulletjie met onverstoorde kalmte aanskou het, tree skielik vorentoe en tref Grattan met'n geweldige vuishou langs die nek. Grattan ruk vorentoe en die skoot gaan af, maar die koeël sink in die houtvloer in. Oombliklik storm vyf, ses soldate op hom af en gryp hom van alle kante vas.

Sylvia het teruggedeins toe sy Grattan se beweging sien. Nou hardloop sy vorentoe en werp haar in haar broer se arms. Sy huil onbeskaamd van blydskap. Hy troos haar en vou haar liefdevol in sy arms. Dan, nadat sy effens bedaar het, stoot hy haar van hom af weg, maar sy bly staan nog langs hom onderwyl hy sy arm om haar skouers het.

„Neem hierdie man en sluit hom op, maar pasop! Hy is gevaarlik en geslepe. Tien van julle bly by hom in die sel tot julle verder bevele van my kry. Gou nou!"

Die soldate aarsel nie meer nie. Dit is vir hulle nou baie duidelik wie hier bevel voer.

Dan kyk D'Southy na die Buiter. Daar is 'n honderd vrae in sy oë, maar die uitdrukking in dié van die Buiter bly onveranderd. Nadat hy Grattan die hou toegedien het, het hy eenvoudig weer teruggestaan en sy arms gevou.

„Hierdie man het my eer gered," fluister Sylvia in sy oor, want sy kon sien dat Marcus nou in 'n baie moeilike posisie verkeer. Sy raai dat hy nie mooi weet watter houding hy behoort in te slaan nie.

Hy kyk na haar af en daar is die teerheid van liefde in sy oë. Dan kyk hy weer terug na die Buiter toe en dit is vir Jean asof die man nie meer twyfel, of vrae wil stel nie.

„Maak die vertrek leeg!" roep D'Southy uit. „Dit is my suster se private kamer. En jy!" roep hy na een van die soldate, „trek jou baadjie uit en gee dit vir daardie man." Hy beduie in die rigting van die Buiter.

Net 'n oomblik aarsel die soldaat, maar dan gehoorsaam hy. Jean vang dit behendig.

„Trek dit aan," vervolg D'Southy met dieselfde beslistheid.

Jean haal sy skouers op. Dit is vir hom betreklik duidelik dat die man uit 'n gevoel van dankbaarheid handel. Hy

het ook die woorde van sy suster gehoor. Hy trek die baadjie aan.

„Jy!" roep D'Southy na een van die soldate. „Begelei hierdie man na buite, en enigeen wat hom probeer keer, sal aan my verantwoording moet doen daarvoor."

Weer volg die stille blik tussen die twee mans, en dan kyk Jean na die meisie. Sy staalgrys oë probeer haar bewus maak van die man wat nog onder die bed lê, en dit kom hom voor asof daar 'n gerusstellende antwoord in hare is. Dan staan D'Southy sonder meer opsy, en Jean volg die soldaat na buite. Honderde nuuskierige oë volg hulle, maar almal het die kaptein se bevel gehoor en die nuus het reeds buitetoe versprei. Jean tik die soldaat op die skouer, en dan stap hulle na sy perd toe. Hy klim op en gaan op 'n stappie agter die soldaat aan tot by die poort. Selfs hier het die nuus die wagte reeds bereik. Hulle staan opsy en die gemaskerde ruiter op die groot, swart hings galoppeer ongehinderd deur en verdwyn in die donker nag.

In Sylvia se kamer omhels sy en Marcus mekaar weer sodra die ander uit is. Daar is so baie waaroor hulle wil praat, maar hulle weet nie waar om te begin nie.

Dan hoor hulle weer voetstappe wat na die deur toe kom. 'n Ferme klop volg, en sodra Sylvia die deur oopgemaak het, tree die goewerneur na binne.

„Eksellensie!" roep sy uit en maak 'n ligte kniebuiging.

„Naand, juffrou D'Southy." Hy kyk na die gehawende voorkoms van die man voor hom. „En wie mag dit wees?"

„Dit is my broer, kaptein D'Southy."

„Maar ek verstaan nie." Daar is 'n verwilderde uitdrukking in die goewerneur se oë.

„Dit is 'n lang storie," begin D'Southy. „Die bedrieër wat hom as kaptein D'Southy voorgedoen het, se naam is

Joseph Grattan. . . .” Maar Sy Eksellensie val hom in die rede:

„Voor jy verder gaan, D’Southy, wil ek eers graag weet wat so pas hier aangegaan het. Ek het verstaan dat die Buiter in hierdie kamer vasgekeer was.”

Nie ’n spier verroer op Marcus D’Southy se gesig nie. Sy suster kyk met skielike angs na hom, want sy besef dat Marcus die Regering se grootste vyand met opset deur sy vingers laat ontsnap het.

„Dit was nie die Buiter nie,” antwoord D’Southy ernstig. „Die man wat in hierdie vertrek was, is regstreeks verantwoordelik vir my vryheid. Hy het maar net die rol van die Buiter aangeneem om dit te kon bewerkstellig. Ek sal u al die inligting gee.”

Voordat hy verder kan gaan, hoor hulle ’n geskreeu buitekant. Voetstappe kom vinnig in hul rigting. ’n Paar oomblikke later bars sersant Krause binne. Hy salueer en voordat hulle nog kan verneem wat aangaan, sê hy uitasem:

„Die handlanger van die Buiter wat gisteraand gevang is, is nie meer in die donker sel nie!”

„Nou wat gaan dan aan?” bulder die goewerneur. „Is daar nie ’n deur en ’n muur in hierdie plek sterk genoeg om die Buiter te keer nie?”

„Ook dit kan ek maklik verduidelik,” antwoord D’Southy kalm. „Onderwyl hierdie rumoer aan die gang was en Grattan asook die hele garnisoen se aandag elders gevestig was, het die ware Buiter heel waarskynlik ’n gulde geleentheid gehad om op sy gemak al die seldeure oop te sluit en daaruit te haal wie hy wil.”

„Natuurlik!” roep die goewerneur uit. „Ek sê jou, D’Southy, jy kon nie op ’n beter tydstip aangekom het nie. Daardie skurk wat jou plek ingeneem het, is die hopelooste

swakkeling wat ek nog ooit teëgekom het. Môre trap hy uit die Kolonie! Maar," vervolg hy vriendeliker, „jy lyk uitgeput en ek kan aan jou lippe sien dat jy lank laas water gehad het. Rus jou nou eers uit, dan kan ons môreoggend op al hierdie sake ingaan. Goeienag."

Dit is die volgende oggend kort ná ontbyt. Jean sit langs Willa op die rusbank in sy sitkamer. Teenoor hulle sit Jacques en Elmien. Hulle is almal stil en bedruk.

„Ja," sug Jean naderhand, „ons sal nou maar weer elkeen ons rol moet speel wanneer ons die nuwe kaptein ontmoet. 'n Mens sal later begin deurmekaar raak met wat jy veronderstel is om te weet en wat nie! Ek kon gisteraand duidelik sien dat D'Southy uit 'n gevoel van dankbaarheid handel. Hy het my my vryheid gegee aangesien hy meen dat ek sy lewe gered het. Ek wonder tog net hoe hy dit aan die goewerneur gaan verduidelik. Maar ons sal dit wel later hoor."

„Dit help tog nie jy praat oor ander dinge nie, Jean!" roep Willa weer uit. „Ek kan dit nie help nie, maar my gedagtes bly by André."

„Liefling," sê Jean sag onderwyl hy sy arm om haar skouers sit, „André lewe nog. Ek het hom daar in Sylvia D'Southy se kamer gelaat. Vir al wat ons weet, sal ons netnou van haar tyding kry dat ons hom daar moet kom verwyder. Moet jou nie bekommer nie. Sake staan op die oomblik so goed as wat ons dit moontlik kan verwag. Tydens die hele episode van gisteraand was daar net een of twee soldate wat my as die graaf De Moreaux daar sien ingaan het, en ek twyfel buitendien daaraan of hulle my ooit met die Buiter sal verbind. Hulle sal nie eers weer daaraan dink

dat ek by die Kasteelpoort ingegaan en 'n draai in die wagkamer gemaak het nie."

Onderwyl hy nog praat, klop iemand aan die deur. 'n Bediende kom in en oorhandig 'n brief aan die graaf.

„Miskien kom dit van Sylvia!" roep hulle uit.

Jean skeur die briefie oop. Hy lees dit vinnig deur en oorhandig dit aan Willa. Sy lees dit ook en kyk dan vraend na Jean.

„Lees dit hard, Jean," versoek Jacques.

„Dit kom blykbaar van die Kasteel af," sê Jean. Dan begin lees hy:

Die Heer Buiter,

Die vraag wat my hinder, is hoe dankbaar 'n mens behoort te wees, en of dit ooit werklik moontlik is om iemand wat jou lewe gered het, te vergoed. Nogtans is dit soms nodig dat 'n perk aan alle gevoelens gestel moet word. Jy het my lewe gered, en gisteraand het ek dieselfde aan jou gedoen. Hiermee is my dankbaarheid dus finaal betoon."

„Dit is geteken ‚Marcus D'Southy'."

Hy vou die briefie ingedagte toe.

„Maar wat kan dit beteken, Jean?" vra Willa weer.

„Ek weet nie. Gisteraand nadat ek André in Sylvia se kamer versteek het, het ek haar gesê dat sy niks moet laat agterkom nie. Ek het aangeneem dat ek ontmasker sou word en het haar toe gesê dat sy op 'n geleë oomblik met julle in aanraking moet probeer kom ten einde André daaruit te kry. Maar toe is ek nooit ontmasker nie! Hoe op aarde kon hierdie brief dus na my toe gekom het?"

„Ek weet nie," sê Jacques mymerend. „Dit eindig vir

my effens koddig; dis byna asof hy wil sê dat hy met hierdie brief nog vir oulaas sy dankbaarheid wil betoon."

„Ek weet nie," sê Jean stadig. „Dit kom my weer voor asof hy hiermee te kenne wil gee dat my lewe teen syne opweeg en dat hy dus geen keuse in verband met André het nie."

Onmiddellik begin Willa weer sag te snik.

„Jy bedoel dat hy jou hiermee net wil laat weet dat hy sy plig as kaptein van die garnisoen aanvaar het en dat hy André as 'n gevangene aanhou om verhoor te word?"

Jean knik.

„Maar dan beteken dit mos dat ons sommer dadelik weer op ons perde moet klim om hom daar te gaan uithaal!" roep Jacques uit in 'n poging om opgeruimd te wees.

Jean skud sy kop.

„Ek dink dit sal maar moeilik gaan solank D'Southy daar is. Dit lyk my hy is 'n kêrel met heelwat gesonde verstand."

Dan word daar weer aan die deur geklop, en enkele oomblikke later kom Philip en Pierre binnegestap. Tussen hulle, met sy arms om hulle skouers, hang die ou man, André.

„André!" roep Willa verheug uit. Sy spring op en, gevolg deur die ander, hardloop sy na hom toe. Vrae tuimel oor hul lippe, maar die ou man antwoord nie, want hy kan nie. Langs hom loop die trane onbeskaamd oor Pierre se wange. Philip se lippe bewe, en die ou man kan maar net sit en glimlag.

„Dan het *jy* die briefie gebring, nie waar nie?" roep Jean uit.

André knik. Uiteindelik kry hy sy stem uit:

„Die kaptein en sy suster het my daar uitgesmokkel.

Hulle het my die briefie gegee en gesê dat ek dit aan my leier — wie hy ook al is — moet gee."

„Dan is dít wat hy bedoel met ‚hiermee is my dankbaarheid dus finaal betoon'!"

„Maar is dit nie genoeg nie, Jean?"

„Natuurlik!" roep hy uit onderwyl hy haar in sy arms neem. „Dit is méér as genoeg, want nou is ons almal weer bymekaar!"